


EK BLAAI TERUG



TB
284.268
KOT

D.N.G. KOTZÉ

Ek Blaai Terug

Ds. D.N.G. Kotzé

Inhoud

DS. D.N.G. KOTZÉ.....	3
'N WOORD VAN WAARDERING.....	4
KORT VOORWOORD	5
Hoofstuk 1: My Jeug.....	7
Hoofstuk 2: Hoërskooljare.....	29
Hoofstuk 3: Studentejare.....	35
Hoofstuk 4: 'n Volle jaar proponent.....	42
Hoofstuk 5: Predikant in my eerste gemeente	47
Hoofstuk 6: 'n Kwarteeu op Rustenburg.....	52
Hoofstuk 7:.....	73
Drieviersboom	73
Krokodilrivier.....	74
Enkelidoorn en Lusaka.....	75
Hoofstuk 8: Swartruggens - Ou bome verplant wel.....	80
Hoofstuk 9: Pietersburg - Noordwaarts	83
Hoofstuk 10: Ventersdorp Terug na Wes-Transvaal	85
Hoofstuk 11: Emeritus	89

DS. D.N.G. KOTZÉ

As jong seun van so nege of tien jaar oud het ek ds. Kotzé op 'n keer hoor preek. Van die preek onthou ek nie meer veel nie, maar wat ek wel onthou, is die oë wat op 'n afstand vir my pikswart gelyk het en wat skynbaar dwarsdeur die preek net vir my gekyk het; dwarsdeur my gekyk het en al die ongeregtigheid in die woelige seuntjie deurgiesien het!

Tydens my bedieningsjare het ek die waardige predikant leer ken en waardeer en liefhê: as jong predikant wat so baie by hom geleer het, maar veral toe ek later in Rustenburg was waar ds. Kotzé vyf-en-twintig jaar lank gestaan het; trouens, ds. Kotzé se bediening van meer as veertig jaar was gesentreer rondom Rustenburg; op 'n paar jaar na, wat hy op Pietersburg gewees het, was hy vanaf begin 1915 tot met sy emeritering in 1960 agtereenvolgens te Koster (toe ook konsulent van Rustenburg, wie se predikant, ds. L.P. Vorster, destyds lid van die Volksraad was), Rustenburg, Swartruggens, Pietersburg en Ventersdorp.

So 'n lang verbintenis laat diep spore na, veral wanneer dit 'n begaafde en begenadigde bedienaar van die Woord is. Klein van postuur (ds. Kotzé sê: "nie groot nie"), maar groot en groots in sy ywer, werkkrag en toewyding. Op die kerklike lewe, maar ook op die gemeenskap het hy 'n stempel afgedruk: 'n straat in die middedorp is na hom vernoem; die Hoër Handelskool, wat baie lank goeie dienste gelewer het, is mede deur hom opgerig en uitgebou met versierende visie; in die skoolraad van Rustenburg was ds. Kotzé vir meer as 'n kwarteeu 'n toonaangewende figuur. Jy kry nou nog, na al die jare, mense wat met groot waardering na hierdie dinge verwys.

By dit alles tref dit jou telkens dat jy hier met 'n wellewende mens te doen het, met iemand wat die hoflikheid en bedagsaamheid het van 'n geslag wat al feitlik uitgesterf het; 'n leiersfiguur in kerk en samelewing. Reeds het dit na vore gekom in sy studentejare toe hy o.a. kaptein was van die Theos rugbyklub; "Kappie" Dawid, met agter hom sy groot vriend, Goliat (ds. B.J. "Golie" de Klerk). Die twee, Dawid en Golie, was ook baie jare lank bure in die bediening, laasgenoemde op Swartruggens.

En nou het ds. Kotzé enkele van sy herinnerings opgeteken. En dit is herinneringe: ek het my al dikwels verstom vir die verbasende geheue van hierdie man wat reeds baie ver oor die grens is van die jare van die wat baie sterk is — ds. Kotzé is vanjaar reeds een-en-negentig. Mense en dinge en gebeurtenisse, familieverbande, name en byname, ouers en kinders — dinge van sestig en meer jare gelede wat nog helder en duidelik onthou en met oortuiging vertel word. Mens kan luister — en glo!

In sy bediening as predikant was ds. Kotzé bekend vir sy duidelike, suiwer prediking van die Woord en as getroue en liefdevolle herder en ook as beginselvaste voorganger. Waar dit om die suiwerheid van die leer gegaan het, was hy onverbiddelik standvastig. Ek is daarvan oortuig dat nie een van die afgevaardigdes na die Spesiale Sinode van 1945 ooit sy optrede as voorsitter van daardie belangrike vergadering sal vergeet nie. En ook sal almal wat die Eeufees van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in 1959 te Rustenburg bygewoon het, sy aandeel aan die reëling daarvan in dankbare herinnering hou, veral ons wat die voorreg gehad het om onder sy bekwame voorsitterskap te dien van die deputate wat die Sinode daarvoor benoem het.

Ek het die voorreg gehad om meer as vyf jaar ds. en mev. Kotzé as bure te hê en om hom in daardie tyd feitlik elke dag te sien. Dit is werklik 'n voorreg waarvoor ek opreg dankbaar is. Ek kan verder ook sê dat die versoek dat ek hierdie kort oorsig vir publikasie in die gemelde boek moet skrywe, vir my 'n besondere eer is. Eintlik moet ek sê: Te groot die eer!

Mag hierdie boekie deur baie met waardering gelees word!

DS. P.J. VENTER VISHOEK SEPTEMBER 1979

'N WOORD VAN WAARDERING

Dit is vir my 'n groot eer en 'n besondere voorreg om 'n woord van waardering vir die biografie van ds. D.N. Kotzé, emeritus leraar van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, te kan skrywe.

My ouers was lidmate van sy gemeente terwyl hy predikant van die Gereformeerde Kerk Rustenburg was. Ek is deur hom gedoop en het later aan sy voete gesit vir kategetiese onderrig. Ek het dus voor hom opgegroeï, is onderrig deur sy kragtige, suiwer prediking en kon saam met my ouers sy indringende huisbesoek waardeer.

Ek was opreg dankbaar om te verneem en te weet dat hy in sy twee-en-negentigste lewensjaar soveel goeie gesondheid en lewenskrag geniet. In die laaste dekade op pad na 'n eeu is dit my bede dat hy met gesondheid en sterkte geseën sal word om ook dit in sy lewe te bereik. Die sterkte in die ouderdom is beeld van die mens ds. D.N. Kotzé, van die sterk persoonlikheid, die ruim dienende hart, die onverdroete ywer, die volhardende arbeid, die kragtige prediking en die beginselvastheid waarmee hy koersgerig gelei het. Daarom dat hy vir soveel jare sy Kerk as hooggeëerde en diep gewaardeerde predikant kon dien. Elkeen het die hoogste agting vir hierdie begenadigde dienskneg van die Here gehad. Dit is daarom ook te begryp dat hy deur sy Kerk geroep was om in krisistye en met kontensieuse sake leiding te neem.

Ons het hom as 'n opregte, ernstige mens geken; trouens, in ons oë was hy 'n kwaai dominee wat hom nie met onsinnigheid opgehou het nie. Voor hom moes elkeen in sy spoor trap en elkeen het geweet waar hy/sy met hom staan. Met hom het elkeen geweet wat die enigste regte lewenskoers is. Maar terselfdertyd was hy die hartlike, vriendelike, hulpvaardige mens, vol humor en baie waardering vir die geringste. Ons het hom hoog gewaardeer, geëer en lief gehad.

Ek sê ook by hierdie geleentheid aan sy liewe eggenote, wat hom vir soveel jare met tere liefde en toewyding versorg, bystaan en onderskraag namens duisende oudlidmate baie dankie. Haar stille krag was 'n bron van besieling. Mag die Here hulle nog lank en gelukkig vir mekaar spaar, en hulle lewensjare met vrede, geluk, blydschap, rustigheid, krag en gesondheid vul.

Hierdie paar waarderingswoorde tot sy biografie wil blommetjies van dankbaarheid, erkentlikheid en waardering wees wat ek namens duisende oudlidmate by hierdie geleentheid in 'n ruiker rangskik wat ons hom aanbied. Mag dit vir u blydschap bring, u hart gelukkig stem en vir u iets beteken op pad na u eerste eeu.

MEV. HETTIE VAN STADEN (nee Laufs) 22 September 1980.

BYSKRIF

Ek is dankbaar oor die pragtige voorwoord van mev. Van Staden en het die vrymoedigheid om hier te meld dat haar eggenoot, dr. F.A.H. van Staden, (L.V.) besonder veel vir my gedoen het om die manuskrip persklaar te maak . . . Dit was 'n reusetaak wat hy met sy gewone toegewydheid verrig het. Dit was 'n lywige geskrif. Deur verskillende oorsake moes dit drasties verkort word; dit het dr. Van Staden gedoen, en ek voel dankbaar. Ek het die vrymoedigheid gehad om uit eie oorwegings sommige geskrapte gedeeltes weer in te voeg, en ek vertrou maar dat hy my nie sal verkwelik nie.

Ek wens dr. Van Staden baie hartlik te bedank vir die taak wat hy vir my verrig het en wens hom en sy gade, veral ook met die oog op sy nuwe verantwoordelikheid as lid van die Volksraad, Gods rykste seën toe.

D.N. KOTZE

KORT VOORWOORD

Hierdie boek behels 'n samevatting van wat ek uit die boek van my geheue uitgesoek het om vir die geagte leser aan te bied, en ek het gepoog om persone, gebeurtenisse, sake en toestande vir die leser in perspektief te bring om die persone te kan probeer ken en verstaan en op die gebeurtenisse 'n kyk te kry. Dit was vir my 'n genot om in die boek te lees. In gedeeltes, veral uit my jeugjare en toe ek nog jonk was, is die skrif nog so duidelik en leesbaar dat hulle gister en eergister kon geskrywe gewees het. Daar is egter dele uit my later lewe, waarvan die skrif op plekke al onleesbaar is — op sommige plekke sit die blaaie al aan mekaar vas. Maar eienaardig genoeg: Daar kan soms wonderlike dinge met die inhoud van die boek plaasvind. Ek het soms gedeeltes wat al so te sê onleesbaar was, ná 'n dag of wat, miskien net 'n nag, weer probeer lees, en dan was die skrif, al was daar net 'n nag tussenin, partykeer pragtig mooi leesbaar! Ek het die nag lekker geslaap, maar daar was 'n hand binne-in my, wat die skrif ewe stilweg oorgeskrywe en nuut gemaak het. Ander kere weer was daar net een of ander insident — partymaal in 'n gesprek — wat die skrif in verband met een of 'n paar sake in my laat herlewe het, twee of meer van die blaaie wat aan mekaar vas was, van mekaar laat losspring het; soms weer was die naam van 'n persoon, plek, saak, organisasie of iets anders soos 'n dobbertjie wat in 'n dam of kuil diep onder die water aan 'n stomp of iets vasgehaak het, op geheimsinnige wyse daar skielik losgespring en op die oppervlakte verskyn het. Op die maniere is daar in sommige gevalle mooi leesstof vir my geskryf vrygestel. Ek voel innig dankbaar en bly daaroor. Hartlike seënwense vir die leser.

DIE SKRYWER

OPMERKING

Hoewel die deputate van die Calvin-Jubileumboekfonds (C.J.B.F.) hierdie werk gekeur het, bly die menings hierin uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, die van die skrywer en moet dit in geen geval beskou word as 'n weergawe van die C.J.B.F.-deputate van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika nie.

Hoofstuk 1: My Jeug

Kinder- en Skooljare Kantienpoort

"Wie ben u?"

Belewenisse in 'n mens se kinderjare maak soms 'n baie diep indruk op jou, en jy vergeet hulle nie maklik nie. Sommige van die dinge uit my kinderjare staan nog helder voor my gees — dis byna of hulle gister en eergister kon plaasgevind het. Ek het soms, as my pa met 'n perdekar op reis moes gaan, met hom saamgery om hekke oop te maak en die perde te versorg. 'n Mens het in daardie dae maar min reisigers op pad teëgekom en aangesien die lewe nie so gejaagd was nie, het reisigers dikwels met die bymekaarkom stilgehou en eers afgeklim om bietjie te gesels. Ook met vreemdelinge het hulle dit gedoen, en die ontmoeting was gewoonlik indrukwekkend. Op 'n keer was daar in die naderende kar net 'n oom, 'n onbekende. My pa het netjies stilgehou en nader gestap na die kar van die vreemde oom, wat ook stilgehou het en besig was om af te klim. Toe my pa by die oom kom, het hulle mekaar se regterhand gevat, hulle hoede mooi hoog opgelig en mekaar hartlik met 'n warm handdruk gegroet. Met die groet kon ek my pa duidelik hoor vra: "Wie ben u?" En die halwe Hollands was nie in die minste enige vertoon van die kant van my pa nie; intendeel, dit was maar net om daardeur sy agting vir die vreemde persoon te kenne te gee. Ek weet nie of die oom ook iets gesê het nie, maar hulle het nog 'n rukkie gesels, miskien mekaar belangstellend uitgevra — ons mense wou graag soveel moontlik alles in verband met 'n nuweling weet — toe mekaar met 'n stewige handdruk gegroet, en ons en ook die oom het weer koers gevat en verder gereis.

Leser, ek haal my hoed ook beleef af en groet u vriendelik. Miskien is u vraag: "Wie ben u?" My antwoord is: Ek is (David Nicolaas) Kotzé, gebore op 8 April 1888. Ek het egter nog 'n derde voornaam, naamlik Gerhardus. Ek is emerituspredikant van die Gereformeerde Kerk Ventersdorp, tans woonagtig te Pretoria.

My ouers is Gabriël en Anna Johanna Helena, gebore Breed. Ek het hulle nooit gevra waar ek gebore is nie, maar toe ek my verstand kry, het ons aangenaam gewoon op die plaas Kantienpoort, distrik Aliwal-Noord (tans distrik Lady Grey). Ek was die vierde van 'n gelukkige huisgesin van tien kinders. Ons het deur die genade van die Here liewe ouers gehad wat ons Christelik opgevoed het en met veel liefde vir hulle kinders gesorg het.

'n Leersame liedjie

Die plaasskool was gedurende die oorlog gesluit, maar ná die oorlog is ek na Lady Grey om daar verder skool te gaan. Ons klasonderwyseres, mej. Theron, was Engelssprekend en ons het haar Miss. Theron genoem. Sy het die belange van haar klas op die hart gedra en het daarin geslaag om ons soos 'n spannetjie goeie trekdiere, met die stringe altyd styf, te laat draf. Haar glinsterende swart oë het my altyd getref. Sy was 'n taamlik gespanne mens, kon soms erg ongeduldig word en het dikwels met die woorde "Oh, dear, dear!" 'n sug geslaak. Hier volg 'n versie wat sy met sang in ons ingedril het:

For all work and no play
Makes jack a dull boy,
But all play and no work
Makes Jack a trifling toy.
So in work and in play
As I might and as I may,
Shall I my time enjoy.

Die hele plaas was ons heerlike groot "speellokaal," met meer as genoeg ruimte. Ons het ook ons speelgoed in hierdie groot "winkel" en uit hierdie "fabriek" gekry.

Die bekende woorde "sonder geld en sonder prys" uit Jesaja (55:1), is strelend en vertroostend vir die hongerige en dorstige siel. Ouboet en ek (ons was toe nog knapies

— hy bietjie sterker as ek) was, helaas! deur onkunde op 'n keer onder die aangename indruk dat my pa kruideniers- en ander ware by die winkel van mnr. Otto G. von Broembsen op Lady Grey ook sonder geld en sonder prys gekry het. Ouboet was saam met my pa dorp toe en in die winkel. Pa het bestel, die klerke het fluks bedien en alles gebring wat nodig was. En hulle laat pa niks betaal nie, en so is hulle daar weg huis toe. Die winkelier het natuurlik met skeertyd al sy geld ontvang. Omdat ons nog nie 'n benul van die dinge gehad het nie, het ons maar lekker gesels oor die aangename voorreg wat pa te beurt geval het. Vir al ons mooi speelgoed uit ons groot "winkel" en "fabriek" het ons egter nooit 'n enkele duit betaal nie — dit was alles pasella. Hoe strelend was dit nie vir 'n mens nie as jy in die veld gaan soek en jy kry by 'n ou skaap- of beesgeraamte 'n paar pragtige spierwit dolosse. Dis of hulle fluister en iets vir jou sê: Wonderlik! Diere het ontsag vir mense, maar hulle hou darem baie van ons teenwoordigheid en liefde. Streel maar 'n kat of 'n hond op sy kop, en hy sal laat hoor of sien hoe dankbaar en bly hy is. Beeste hou daarvan om in die paaie te kom lê en rus. Een van die redes hiervoor is sekerlik dat dit vir hulle strelend is as die voertuie by hulle verby beweeg; en dis nie alleen die voertuie wat tel nie, maar ook die mense daarin. Hulle het ontsag vir ons maar hou soms ook baie van ons. Op 'n plaas wat ek in die Bosveld gehad het, het dit soms gebeur dat 'n klomp beeste rustig in hulle kamp naby 'n heining wei, en as ek per motor met die pad verbykom huis toe — hulle het my en ook die rytuig geken — het die klomp onmiddellik speel-speel agter my aan gehardloop, en hulle sou dit doen al het hulle ook net pas hulle water en veelekke gehad, want hulle sien uit na 'n kuiertjie. En die dolosse! Dis of hulle ook met 'n mens gesels en jou vertel dat hulle so pragtig mooi wit is omdat hulle so lank aan die reinigingswerk van son en reën blootgestel was; en nou nooi hulle jou vriendelik om hulle op te tel en hulle met jou saam te neem na jou lekker speelplekkie toe. Wilde Karkoere het ons bitterappels genoem. 'n Mens kon hulle soms maklik op ou landerye kry. Met 'n bietjie moeite kan jy spoedig lekker spog met jou spannetjie osse wat rond en vet is en pragtig blink in die strale van die son. En praat nie van die oulike waentjie uit die groot speelgoedfabriek nie! Daar is egter soms darem ook teleurstellings waarvoor 'n mens jou moet klaarmaak. Op Roosterfontein, Steynsburg, het my swaertjie, Isak van Rooy, dit op 'n keer met sy "span osse" veld in gewaag. Dit was bossiesveld met heelparty skerp, droë puntjies wat die bitterappels lelik beskuldig het. Toe ons mekaar êrens ontmoet, sê hy met 'n sug vir my: "Kyk hoe eet die bossies my osse!" Ons (seuns) het verder volop kleiosse, -koeie en -perde gehad. Daar was gewoonlik van ons plaasbediendes wat netjiese werk kon doen; en ons het spogdiere gehad! Die bediendes het soms alte gelukkig gevoel as daar van jou kant 'n blykie van waardering getoon word. Ook kon hulle soms reken op 'n stukkie pruimtabak of 'n sny brood. My osse en perde het 'n entjie van ons woonhuis af onder 'n holkrans gestaan; en as ek 'n tydjie nie daar was nie, was alles met my volgende besoek weer splinternuut en wonderlik mooi. My ouma het eenmaal met 'n kuier van Bethulie af vir my 'n mooi perd gemaak. Sy stal was egter nie onder die holkrans nie. Hy was my spogdier en het 'n ereplek in 'n ingeboude vertoonkas in ons sitkamer verower — dit was net langs 'n groot kelk van glas wat aan my ma behoort het (van binne was hy goudkleurig en buite-om silwerkleurig met blomme daarop gevries).

Jongetjies en meisies het soms lekker saam gebaljaar, en een van ons geliefkoosde speletjies met skeertyd was frot. Wolbale lê naderhand vol voor die skeerhuis, en dan was dit 'n groot genot om soos klipspringers van die een na die ander te spring en die **frot** aan mekaar te gee. Dikwels het ons ook heerlijk saam riemgespring. Soms was dit verskillende groepies — twee swaai die riem en een of meer spring. Ai, die vrolike jare van die jeug! Ek het soms by speletjies met Engelse liedjies ewe hartlik saamgesing, sonder die minste benul van die betekenis van woorde wat daarin voorkom. Ons ou kleintjies tussen die klompie het soms ewe hartlik gesing: "Iggy, piggery, my bleagan", en wie op aarde sou nou kom om vir ons te fluister: "Hoor hier, dis nie 'bleagan' nie maar 'black hen'".

Ousus het nooit by iemand musiek geleer nie, maar het sommer self daarmee aangegaan en so goed gevorder dat ons klompie kinders in die huis gedink het sy speel wonderlik mooi. Sy het soms, veral saans, met die harmonium gelei, en ons het in 'n

halwe sirkel voor die musiek gestaan en Psalms gesing. Ons het later 'n klavier gehad, en sy het 'n hele klompie liedere oral vandaan gekry, hulle in 'n boek geskrywe, en naderhand was dit 'n taamlike bundeltjie. In een van die liedere waarna ons lekker geluister het, word 'n Swartman van die platteland, wat Johannesburg toe was en weer terug is, sprekend ingevoer. Hy vertel van wat hy daar alles gesien en ondervind het. Wat hy sê, word gesing, en dis die lied. Ek onthou net enkele reëls. Die aanhef lui so:

	<i>Saka bona white folks,</i>
	<i>Good very weinig.</i>
Verder:	<i>Many, many wagons</i>
	<i>All in a row.</i>
Eindelik:	<i>Mina faka lapa,</i>
	<i>Whena hlala pansi.</i>

Die reaksie by 'n Engelssprekende hoorder: "Hear what the nigger boy has got to say". Ons kleintjies kon "Iggery, piggery my bleagan" (bleagan vir black hen) ewe hartlik saamsing; en waarom sou ons dan nie die sang geniet nie, al het ons maar min begrip daarvan gehad!

Populier- en rietbosse was die "stalle" waarin ons die mooiste perde gaan soek het. En moenie praat van die pragtige kweperlatjies nie! Ons het spoggerig te perd "dorp toe en terug" gery.

Kalwersry en jongossies leer; hiervoor moes 'n mens darem taamlik moed en durf hê. Veral kalwersry is nie sommer elkeen se werk nie, want jy maak maklik kennis met die grond, en dis darem nie lekker as die toeskouertjies jou staan en uitlag nie. Ek kom by die trekgoed wat hulle vir 'n span osse mooi reggemaak het, en een van die jukke is 'n populierjuk wat ek self gemaak het om tollies te leer! En het ek nie groots en belangrik gevoel nie! Dink net: My juk hier by my pa s'n! Rabie was 'n vul van 'n makgeleerde sweetvosmerrieperd, Appel, wat aan my behoort het. Toe hy so 'n jong perd was, het my Ouboet en ander hom gevang, opgesaal, 'n toom aangesit en 'n lang riem aan die halter vasgemaak om hom mee vas te hou. Met die hulp van ander was ek gou in die saal. Hy sou sekerlik taamlik kwaai gespring het, maar hy was mos vas. Hy het in die begin darem bietjie gespook maar gou makker geword en aan die lang riem in die rondte begin draf. Naderhand was hy so mak dat my Ouboet hom in die hand kon hou en ons by bure kon gaan kuier. Na 'n tydjie kon ek alleen hom in die stal vang, opsaal en ry. Maar toe haal hy 'n lelike streek uit. Ek was maar 'n kannetjie, en hy het gou agtergekom dat hy met 'n voorpootjie moet aanhou om op die grond te kap om my van hom af weg te hou as ek nader kom om op te klim. Maar 'n boer maak 'n plan, en ek het hom maar net by 'n stoep, 'n walletjie of 'n miershoop getrek wanneer ek moes opklim. Hy het hom toe miskien maar bedink, nie weer 'n nuwe streek uitgehaal nie, en toe het ek en Rabie lekker met mekaar oor die weg gekom.

Bobbejane

Kantienpoort is 'n bergplaas met hoë kranse. Op 'n paar plekke is die kranse laag, en daar kry 'n mens 'n paar openinge, min of meer soos hekke, waar jy vee kan deurjaag. Ons het 800 morge grond bo-op die berge gehad. Ek moes eendag 'n klompie droëbeeste by een van die openinge na die veld op die berge gaan deurjaag. 'n Mens kon enige tyd daarlangs 'n klompie of selfs 'n trop bobbejane teëkom, en toe ek met die beeste by die hek kom en die pale daar moes gaan verwyder, sit daar net naby 'n groot knewel van 'n bobbejaan op die krans naby die opening. My moed het in my skoene gesak. En wat moes ek doen? Dit sou darem naar lyk as ek sou omdraai. Ek skep toe maar al my moed bymekaar en onderneem die kort toggie hek toe tot naby waar "ta" sit, en ek kry dit reg om die pale te verwyder, die beeste deur te jaag en die pale weer mooi terug te plaas. Al die tyd sit hy op sy dooie gemak na my en kyk. Toe ek omdraai, het ek soos 'n ribbok — die kry 'n mens daar in die berge — teen die berg af gehardloop.

Daar het met skeertye gewoonlik genoeg Swartmans (Fingo's) van Herschel af gekom om by die boere daarlangs te kom skeer. En ek het ook die voorreg gehad om te help. 'n

Mens hoor soms die woorde: "Dis die voorbokke", en dan bedoel die spreker die leiers van een of ander groep waarvan hy nie juis hou nie. Voorbokke is egter veral met skeertyd vir die boer byna onmisbaar. Skape is gewoonlik bang en skrikkerig, en 'n mens sukkel om hulle by 'n hek in — en soms ook uit — te kry, en dan is daar 'n paar pragtige boerbokke om hulle te lei. Die boer roep dan net 'n paar keer hard en gebiedend: "Bok, er-in" of: "bok er-uit", en sy moeilikheid is agter die rug: die skape is binne-in die kraal of by die hek uit om veld toe te gaan.

'n Avontuur

Dit was ooie-lamtyd, 'n droë jaar. Ek dink dit was in 1897 — en Ouboet en ek moes, met die oog op beter weiding, met die groot-uier-ooie in die veld, omtrent 3 of 4 km van die huis af, gaan kamp. Ons woning vir hierdie tydjie was 'n bokwa sonder tent met 'n bokseil bo-oor. Dit was op 'n geskikte warm plek teen die voet van die berg. Daar was 'n goeie takkraal en genoeg veewagters om te help. Smôrens en saans was daar vir ons baie te doen. Swak lammertjies moes versorg word, vasmaakooie moes in die aand vas kom, en hulle lammers moes gehelp word om te drink. Die volgende môre moes swak lammers eers weer drink, en vasmaakooie moes losgemaak word. As ooie nie goeie weiding kry nie en gebrek moet ly, is daar gewoonlik maar baie wat hulle lammers weggooi, en dan is daar baie werk.

Aalwynsap

Daar was baie aalwyne teen die berg waar ons veepos was. Hulle is bestand teen droogte en het mooi in die blom gestaan. Die pragtige blom, 'n kroon, is 'n stronk vol kelkvormige blommetjies. Hulle is ligrooi en na die punte toe donkerder. Die puntjies van die meeldrade is ook donker, en die kleureffek is wonderlik! Hier volg een van die baie raaisels wat ek dikwels in my kinderjare gehoor het:

*Van buite hout,
Van binne vlees en bloed,
Al wat daar uit kom, is goed.*

Die antwoord was dan gou gereed, naamlik: Dis 'n predikant in 'n preekstoel. As 'n mens die kroon of blom van 'n aalwyn afsny en skud, dan is omtrent al wat daar uitkom, goed. Dit is te pragtig om te sien hoe die smaaklike, soet sap soos reëndruppels uit die kelkies val. Ek het dikwels van die sap op klippe met geskikte holtetjies getap en gedrink. Bo drywe die stuifmeel en miskien 'n paar onskadelike spinnekoppies. Dit word weggeblaas, en dan drink 'n mens heerlik. My ma het dikwels huisbediendes met skottels en emmers saamgeneem veld toe om van die sap te gaan tap. Die asynkanne is gevul, en 'n drilselagtige plantjie uit asyn van die vorige jaar word in elke kan geplaas. Eers word die soet sap lekker bier. Vir ons, kinders, was dit 'n aangename drank. Die drank gis verder, en later is dit goeie asyn.

'n Mens kan jou aan kalwertjies en lammertjies staan en verkyk wanneer hulle so lustig speel — hardloop en bokspring — die kalwertjies soms met hulle stertjies in die lug. Hulle het dit in goeie jare mos volop en is lekker vet. Dis veral die melkkalwers wat dit so besonder kan geniet. Hulle moet soms mos lank in die hok bly! Dis vir hulle 'n nare tronk, en as hulle daar uitkom, hardloop hulle reisie dat hulle pootjies so klap! Het hulle dan nie die voorreg om lekker aan hulle eie liewe mammie te drink totdat die skuimpies van pure lekkerkry voor hulle mondjies staan nie! Hulle is uitgelate, want hulle voel oorgelukkig, en hulle lyfies voel reg om 'n ding te doen! As die klompie 'n draai maak en naby 'n mens verbykom, haal hulle hulle uiterste bes uit om te toon wat hulle kan doen. Sommige gaan steun-steun by jou verby soos hulle met al hulle kraggies vorentoe beur. Die boer voel gelukkig en bly om die pragtige vet diertjies so te sien hardloop. En moenie die lammers vergeet nie! Hulle is staatmakers, vol selfvertroue, want almal wat hier vir die "wedstryd" ingeskrywe het, is behoorlik daarvoor gekeur. Hulle het dit self gedoen; wie anders dan! Hulle is immers van die sterkstes van die sterk lammerskaap. En wie kan beswaar maak? Hulle kan hardloop! As hulle wegspring, is die gedruis van hulle pootjies soos die vlerkgegons van 'n swerm sprinkane wat lekker in die son gesit

het, skielik skrik en vlug vir hulle lewe. Hulle weet wat dit beteken om reises te hardloop; en hulle kan soms nog lekker saam bokspring en baljaar en dan op 'n gegewe oomblik ineens gelyktydig wegspring en na die wenpaal nael so al wat hulle kan!

Die slagos

Dit was omtrent agt of tien osse wat die plaasbediendes naby die turksvye reggekeer het om in 'n ry langs mekaar te staan. My pa het met die geweer voor hulle gaan staan om die slagos dood te skiet. Maar wonderlik — dit was net of die os geweet het wat gaan gebeur, want hy alleen het iedere keer troei gestaan, half dwars gedraai en sy kop weggesteek. Dit het hy keer op keer gedoen, en eers na 'n taamlike lang gesukkel het hy eindelijk maar kop gegee en soos al die ander mooi stilgestaan. My pa het die geweer teen sy skouer gehou, gekorrel, 'n harde knal is gehoor, en die os het inmekaargesak. Ek was 'n knapie van 8 of 10 jaar en het skuins agter my pa gestaan en gesien wat alles gebeur. Diere is — soos ek eenmaal êrens gelees het — wandelende raaisels!

Skool toe

Skole op die platteland was destyds maar skaars, en ouers moes in baie gevalle maar self inspring om hulle kinders te help leer. Op ons een buurplaas, Bultfontein, was darem 'n skool, en ek onthou nog dat Ouboet my soms vertel het van hulle onderwyser Klopper. Ek moes naderhand ook skool toe, en dit het goed gekos, want 'n kind moes uit die staanspoor hard begin leer en die kweperlat — soms 'n rottang — was iets vreesaanjaends. En dan nog die vreemde taal as medium! Maar al was ons maar skrikkerig, ek het darem naderhand gewens ek kan ook skoolgaan. Ek het ook net groots gevoel toe ek die eerste dag saam met my oudste broer en oudste twee susters by die skool op die buurplaas aangestap kom.

En gelukkig kry die skooltjie toe 'n dame om vir ons skool te hou. Sy was 'n dogter van ds. M.T. Pelser van Barkly-Oos. Ons beginnertjies was maar alte bly, want die kweperlat is in die hande van 'n "Miss" darem nie so gevaarlik as in die hande van 'n "Mister" nie. My eerste les was "The a-b-c". Verbeel jou! 'n Plaasseuntjie met die lieflike Afrikaans as moedertaal, en die alfabet moet as "alphabet" in sy klein koppie ingedril word! Al die leerlinge het die lessies tog vlytig geleer, omdat ons "Miss" gesê het ons moet dit doen.

Maar die Engels! Mej. Pelser het gordyntjiekop ("fringe") gedra. Op 'n dag was 'n hele paar van die groot seuns ná skoolure nog in ons skoolkamer— 'n buitekamer van die woonhuis. "Miss" Pelser het, om een of ander rede, vir hulle gesê: "Stay in after school". Dit het hulle glad nie aangestaan nie. Sy kom toe 'n bietjie later skielik om 'n hoek van die huis met 'n sterk windjie reg van voor in haar pragtige "fringe"-hare. Een van die seuns — en dit nogal Ouboet — loer toe net by die venster uit, sien haar en fluister na binne vir sy maats: "Look at the **verwoesting!**" Mej. Pelser het nie baie lank vir ons skoolgehou nie en is toe opgevolg deur mnr. J.J. Alberts. Hy was nog jonk — drie van die skoolseuns was van dieselfde ouderdom as hy. Daar was in daardie jare sommige wat met hulle standaard 6 gaan skoolhou het, en ek dink dat dit met hom ook die geval was. Maar hy was 'n flukse en bekwame onderwyser. Sy dissipline was goed en leerlinge — sommige natuurlik al jongkêrels — het ontsag vir hom gehad. Hy het leerlinge nie onnodig geslaan nie, maar almal was bang vir die kweperlat. Mnr. Alberts was gewis 'n man met 'n Afrikanerhart, maar een ding was 'n uitgemaakte saak: Ons moes leer om Engels te praat en ons moes immer in ons pasoppens wees om nie met die "Dutch mark"-plankie opgesaal te raak nie. Dit was vir 'n mens glad nie prettig nie as jy jou miskien 'n woordjie in Afrikaans laat ontval en die plankie met die toutjie word onverwags deur 'n leerling te voorskyn gehaal, aan jou gegee en jy moet die toutjie maar gedwee om jou hals sit om die vernederende merkteken te dra.

Die skool is later na ons plaas oorgeplaas, en was dit nie vir ons 'n vreugde nie! Een van ons slaapkamers met 'n buite- en 'n binne-deur het as skoollokaal gedien. Op Bultfontein moes ons loseer, en die mense was vir ons besonder goed. Dis egter by 'n mens se eie ouers darem maar die lekkerste, en ons het so verlang huis toe dat ons teen Donderdag al haastig was dat Vrydag moet kom. Met die skool op ons eie plaas het van die bure se

kinders weer by ons geloseer. Een van hulle was Jan Nel; later was hy die eerste hoof van die Rustenburgse Hoërskool. Dis daar bergagtig en daar was nie 'n wapad tussen ons en hulle nie, en Jan het Maandae te perd met 'n voetpad gekom en Vrydae weer daarlangs huis toe gery. Dit was 'n wit perd. Jan moes hom mooi oppas en nie onnodig rondry nie. Met 'n verkyker kon sy ouers hom en al sy bewegings met die wit perd van hulle huis af goed sien. Die perd het dus van Maandag tot Vrydag lekker in die kamp gewei.

Maar iets anders: Op 'n sekere dag is ons almal in ons skool druk besig met lesse, en Jan steek sy hand op. Meester kom dit agter en kyk na hom. "Sir, may I go out please", vra hy, en meester knik toestemmend. Jan verdwyn deur die binnendeur en loop deur die eetkamer reguit spens toe om te gaan koffie drink. En wat sal hy sien! — al die koffie het uit die kan, wat op 'n komfoor met kole staan, uitgeloop en my pa staan eenkant, effens verleë. Tant Betta, ons huishoudster, het gewoonlik 'n koppie met die melk daarin vir my pa reggesit, en as hy inkom, skink hy self vir hom 'n lekker koppie koffie. Hy wou dit nou ook weer doen en het die kraantjie oopgekry, maar sy vingers het gebrand, want die koffie was warm en die houthandvatseltjie vir die gaatjie deur die kraanproppie het ontbreek. Toe die koppie vol is, wou my pa die kraantjie toedraai, maar hy kon nie daarin slaag nie. Hy kon ook niks anders kry om dit mee te doen nie, en al die koffie het uitgeloop en lê op die vloer. Nou staan hy daar, en so kom Jan Nel op hom af. Hulle praat 'n bietjie met mekaar en beide verdwyn — Jan skool toe en my pa om na die boerdery te gaan kyk. Tant Betta de Kock, 'n werksame en netjiese huishoudster, maar kwaai, kom op die ding af, en daar lê al die koffie op die swart grondvloer, wat gewoonlik blink soos 'n spieël. En moenie praat hoe kwaad sy is nie! Sy wil ook net weet wie se werk dit is! En sy kan nie ophou nie. Kort-kort bars sy uit en raas! Ná skool sit hulle aan tafel vir die middagetete. Dis 'n goeie maal; daarvoor het sy gesorg. Maar sy kan haar nie bedwing nie, en elke keer murmureer en kla sy weer. My pa en Jan het net een keertjie na mekaar gekyk en verder rustig gesit en eet. Die stormpie het gelukkig naderhand oorgewaai.

Engels was ons taalmedium, maar ons het darem Nederlands as taal geleer, en mnr. Alberts het sy bes met die onderrig gedoen. Leerlinge moes soms in die klas vir hom versies opsê en ek sien nog een van die grootste seuns, Rooi Hans — hy was so mooi regop (sy rug was of dit gelyk geskaaf was) en het daarom ook die naam Hans Berlyn gehad — ek sien hom nog voor my gees met sy helderblou oë in die klaskamer staan en resiteer. Ek onthou alleen die volgende paar reëls:

*De zee ligt daar als een spiegel zoo glad,
Hoera!
De boot is klein, maar een visch of wat
Hoera!
Maar of de boot ook klein al is,
Ze brengt u smorgens thuis de visch,
Hoera, hoera, hoera!*

Nog 'n versie wat ek onthou, is:

*Daar buiten in de biesen,
Daar lag 'n hondje dood.
Zijn staartje was bevroren,
Zijn beentjes waren bloot,
Toen kwam Jan de Slager,
Die zei: "Dat beestje's mager".
Toen kwam Jan de Timmerman,
Die spijkerde dat hondje zijn staartje weer aan.
Toen liep dat hondje henen
Met zijn staartje tusschen zijn benen.*

'n Bywoner op ons plaas het op een of ander manier te hore gekom dat ons onderwyser die woord **natie** — (Afrikaans: nasie) uitspreek soos almal wat 'n bietjie Nederlands ken,

dareem weet, naamlik **naatsie**. Die man het egter skerp daarteen gereageer en verklaar dat die uitspraak van die onderwyser totaal verkeerd is. "N-a is **na** en t-i-e is **tie**, en dis duidelik: dis **natie** en nie **naatsie** nie", het hy taamlik driftig gesê. Dit was 'n hewige stryery, naderhand met 'n mate van bitterheid. Ons ander het ons egter nie met die stryery ingelaat nie, en dit het gelukkig naderhand maar doodgeloop.

Sprinkane en sprinkaanvoëls

Dit was 'n pragtige, sonnige lentedag met 'n sagte noordewind. 'n Klompie kalwers wat nie veld toe geloop het nie, lê by die kamphek in die sonnetjie en slaap. Hier en daar wei 'n hoender in die groen kweek, en die ander lê in die skaduwee van bome en slaap. In een van die bloekombome sit 'n tortelduifie sy bekoorlike liedjie en koer. Almal op die plaas voel lomerig. "Sprinkane!" klink dit onverwags van die rantjie af op ons ore, en almal op die werf weet onmiddellik na watter rigting hulle moet kyk — dis noordekant toe. Ons slaan ons oë op en kyk. Die uitsig is oop, en ons sien omtrent 6 of 7 km van ons af 'n dik swerm in aantog. Ons voel verslae, want ons weet dat al wat leef en beef, sal moet roer om te red wat te red is. Dit is 'n groot leërmag, ontelbaar soos die Midianiete en die Amalekiete en al die kinders van die ooste (Rigt. 7:12); en as ons nie dapper stry nie, sal al ons landerye kaal gestroop word. Maar ons is goed gedissiplineerd en is gou gereed om die invalsmag te verjaag. Hulle het geen koning nie, en tog trek die hele swerm in goeie orde (Spr. 30:27). Ons moet geen tyd verlore laat gaan nie, en as hulle voorhoede ons bereik, is daar 'n geweldige geskree van mensestemme, die geklap met hande, die geslaan op leë blikke, die geklap met swepe, en spoedig is daar digte rookwolke wat oor die landerye trek. Ons mag nie 'n oomblik verslap nie en moet dapper stry, want dis leërafdeling na leërafdeling wat op die vlug moet slaan. Dis nie 'n stryd van minute nie maar van ure; en as die agterhoede die aftog geblaas het, is al die dapper helde moeg en uitgeput en het behoefte aan water vir die dors en rus vir die vermoeide liggame. Die klein sprinkaanvoëltjie lyk baie na 'n swaeltjie, maar hy is heelwat groter en is 'n sterk voël. Hy kan maklik vlieg, sprinkane vang en eet, en wees die swerm sprinkane met hierdie geweldige jagtertjies tussen hulle. As hulle 'n groot swerm is, hoor jy net 'n gedruis bokant jou soos die sprinkane vlug, en jy sien oral pootjies en vlerkies op die grond val. Die saaiboer voel gelukkig en, as hy 'n gelowige is, is hy dankbaar dat die Here nie alleen sprinkane gemaak het nie maar ook springkaanvoëls, en hulle is sy vriende. 'n Suster in 'n gemeente sê eendag vir my: "Dominee kan my gerus glo — ek kan daarvoor instaan — ek was **self in present teenwoordig**". Leser, en u kan wat hieronder volg, so goed glo asof u self in present teenwoordig was en ook gesien het wat ek met verwondering aanskou het. Ek stap eendag in die kalwerkamp op om die melkkalwers aan te keer hok toe. Dit was 'n pragtige somerdag en die lug was helder en skoon. Ek kyk 'n keer om na die noorde en word getref deur 'n buitengewone verskynsel in die lug — 'n swerm springkaanvoëltjies wat daar speel, en hulle is mooi in formasie soos 'n afdeling soldate wat besig is met oefeninge.

Een van hulle formasies is soos 'n skraal vlieswolkie wat met 'n reguit lyn daar in die noorde lê. En wonderlik! as die linkervleuel sak, dan gaan die regtervleuel opwaarts. Dan weer presies net andersom. So duur dit 'n kort rukkie. Skielik vorm hulle weer 'n groot O, dan 'n S en dan weer iets anders. "O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!" (Ps. 8:10).

Ons was op 'n dag op die plaas Syferkuil, naby Northam, van oudl. I.J. Naudé, 'n broer van ds. J.F. Naudé, voorheen van die N.G. Kerk Graaff-Reinet. Ons was bietjie veld toe en kom op 'n vleigagtige plek waar biesies groei. Hy trek een van die biesies uit en begin water wys. Ek sê toe vir hom dat ek al dikwels met 'n stokkie geloop het maar altyd tevergeefs. Vir die aardigheid trek ek egter vir my ook 'n biesie uit, buig hom soos 'n bogie en hou die punte tussen my duime en voorvingers vas. Ineens swaai ek egter van broeder Naudé af weg. "O goeie", sê ek toe vir hom, "die biesie wil nie by my werk nie — hy lol dan agteroor in plaas van af." "Ja, Dominee", sê hy, "maar dis omdat u stroomop teen die aar loop." Ek draai toe na hom toe, swaai daarna weer soos voorheen en toe gebeur presies dieselfde. Dit was vir my 'n openbaring. En dit is gewis en seker dat hier

hoegenaamd nie 'n sielkundige faktor in die spel was nie.

Plaas- en huisbediendes

Boere in ons kontrei het nooit moeilikheid ondervind om bediendes te kry nie. Daar was gewoonlik genoeg van hulle op al die plase, want daar was gewoonlik baie van hulle, veral uit Basoetoland en Herschel wat op die plase rondgegaan het om werk te soek. Meesal was dit 'n gesin met hulle hele trek — dit was die vernaamste benodighede vir hulle strooise of hutte — en verder 'n kompie vee: 'n perd, 'n paar beeste, 'n klompie skape of bokke en een of twee honde. Dit was dikwels 'n gesin bestaande uit ouers en kinders wat so van plaas tot plaas gegaan het om werk te soek. Soms was dit 'n eenlopende persoon. Die gasie (loon) vir 'n plaasbediende was gewoonlik 'n skaap of bok per maand en dan genoeg kos vir die hele gesin. Soms was die gasie 'n bees per jaar, en soms ook geld. Die huisvrou het gewoonlik twee en soms meer huisbediendes gehad. Soms moes hulle meer in diens neem as wat hulle nodig gehad het, omdat die mans in diens was en die vrouens darem ook moes verdien. Ou Jan en ou Sanna was so'n gesin op ons plaas. Ou Jan was 'n Fingo, afkomstig uit Herschel. Ons het hom gewoonlik ou Jan Fingo genoem. Hy en sy vrou was met kinders en al 'n goeie gesin. Ou Jan het op 'n buitepos gewoon om landerye op te pas. Bobbejane en voëls was soms baie lastig, en hulle kan die boer baie skade aandoen. Veral vir bobbejane moet 'n mens wakker loop: dis 'n moeilike nasie. 'n Mens sal in die dierewêreld ver moet soek na 'n soort met die "IK" van die bobbejaan. En as 'n trop van hulle in 'n groenmielieland kom, gee hulle vir die belang van die boer nie 'n flenter om nie. Hulle wil dan net feesvier, pluk die koppe af en vreet hulle dik aan die lekker sagte kos wat hulle nie elke dag kry nie. As hulle sat genoeg is, pluk hulle nog 'n kop of wat af om saam te neem berg toe, en die mielieland is besaai met stronke — party kaal en ander maar half kaalgestroop. Hulle kan 'n vrugteboord ook lelik verrinneweer. Hulle klim in die bome, takke breek, vrugte val af, van party word net een hap afgebyt en dan word dit weggegooi — die gulsigheid is so groot dat daar twee of drie of tien ander mooies is wat laat watertand en die lus opwek om daaraan te hap. Maar dis 'n volk wat sorg vir 'n uitstekende wag op die regte en geskikste plek, en hulle verstaan elke skreeuteken wat van hom af kom. As die teken 'n benoude gil is — en hulle is veral vir die boer met sy roer baie bang — dan spaander hulle skoonveld die berge in.

Ou Jan en sy kinders moes soms ook hard veg om sprinkane te verjaag; en as dit 'n groot swerm was, kon hy altyd reken op versterking van die werf af. Hy en sy vrou en kinders was baie geheg aan ons. Ek kom op 'n dag by sy woning aan. Hy weet toe nie bra wat om te doen om my te onthaal nie. Maar hy het darem gou 'n plan. Hy maak op sy werf gou 'n vuurtjie, neem 'n skoon blikkie en kook vir my 'n hoendereier daarin. Ek nuttig dit so sonder sout en geniet dit, want dit smaak lekker! Ou Jan het gewoonlik soetriet tussen die mielies gesaai. Ons, kinders, het daarvan gehou, en dit was vir hom 'n groot genot om ons af en toe met 'n klompie te kom verras. Ons bediendes het vir ons ouers en hulle kinders, Bantoe-name gehad — ek dink dis Fingo-name. Die Fingo's is maar 'n klein groepie woonagtig te Herschel naby Lady Grey, en hulle taal is taamlik onbekend. Prof. Japie Breed van die PU vir CHO het baie moeite gedoen om my te help om die betekenis van die name te bekom — my hartlike dank aan hom daarvoor. Ek noem alleen die volgende met die betekenis tussen hakies: my pa se naam: **Mhlangana** (Vergaderplek — Kantienpoort was sentraal geleë, en daar is dikwels vergaderinge gehou, soms ook kerkdienste en vandaar miskien die naam); my ma se naam: Mayinyao (Rotsvas); Ouboet **s'n: Nombolol** (Swygzaam); Ousus **s'n: Mamfoelfoel** (Vlytig); Emmie **s'n: Mamse** (Liefeling); myne: **Loemoegana** (slim).

Ou September was ook een van ons plaasvolk. Hy moes al baie oud gewees het. Sy hare was heeltemal grys, hy was rietskraal, met dun beentjies en tande wat al baie geslyt was. Sy vrou het seker nie meer gelewe nie, want hy was, van ek hom leer ken het, altyd maar eenlopend. Een seun van hom, Rooikomers, het ook 'n tydjie op die plaas gewerk maar is later terug Basoetoland toe. Ou September het sy stroois by 'n veebos bo-op die berg gehad. Ons droë vee het in die somer daar geloop, en hy het net om die 8 dae huis toe gekom om kos te kom haal. Op 'n sekere dag kom hy onverwags van die

veld af by die huis aangestap en vra na my pa. Toe my pa by hom kom om te verneem wat hy verlang, sê hy net kortaf met weemoed in sy stem: "Baas, ai, sal maar loop daar by Kafferland — Rooikombers het **gevreke**". My pa het die getroue ou plaasbediende jammer gekry en aan die versoek wat in sy mededeling opgesluit was, voldoen. Ou September het later teruggekom en nog lank op die plaas gebly. Ons is naderhand daar weg na 'n ander plaas toe, en hy het nog lank daar in diens van my broer gebly. Ek moet hier ook vertel van Halveld. Hy was 'n treurige bediende. ons ou mense sou gesê het: "Hy is nou vir jou behoorlik sleg; slegter kan jy nie kry nie". Hy was 'n kwaai daggaroker, en wat kan 'n mens van so iemand verwag! Hy het vir hom daar êrens 'n lekker daggapyp in die grond gemaak. Iemand het springstof in die hande gekry, 'n klompie dagga uit sy pyp gehaal, dit met kruit vervang en die kruit weer netjies met 'n lagie dagga bedek. Halveld het van niks geweet nie, en lekker begin rook; en toe kom daar 'n geweldige bomontploffing! Halveld het seker op sy rug gelê. Ons was spyt dat ons die petalje nie kon aanskou nie; maar aan sy grondpyp, wat stukkend geruk was, kon 'n mens sien dat dit 'n kwaai aardbewinkie moes gewees het.

Ons het later na Klipplaatfontein, nader aan Aliwal-Noord, getrek. Daar het Kleinbooi en Roos by ons kom bly. Ek noem enkele mededeling oor hulle ook maar hier.

Kleinbooi was lank van gestalte, 'n betroubare Swartman en taamlik intelligent. My pa stuur hom op 'n keer met 'n boodskap na 'n boer, mnr. Koos Maynier, omtrent 30 km van ons af. Na sy terugkoms het ek hom bietjie uitgevra, en hy het heelparty mededeling in verband met die boerdery van mnr. Maynier aan my gedoen. Hy was taamlik beïndruk en maak toe die opmerking: "Hy is sterk". Oppervlakkig beskou was die siening van Kleinbooi heeltemal korrek: die man was 'n progressiewe boer, en 'n mens kon die indruk kry dat hy finansiële sterk is. Maar 'n mens kan jou deur die skyn laat bedrieg. Mnr. J.X. Merriman, lank lid van die Kaapse Parlement en die laaste paar jaar voor Unifikasie Eerste Minister van Kaapland, het soms in sy toesprake gepraat van "the pas-ops" en "the push-ons" in die lewe, en uit wat ek later verneem het, wou mnr. M. te veel van 'n "push-on" wees — hy het te hoog gevlieg en sy finansiële laste was gevaarlik hoog. "It is not all gold that glitters. "

Ek was eendag op die werf en hoor iets; en toe ek opkyk, sien ek Kleinbooi met 'n kiere en Roos met 'n populierstok 'n entjie van my af verbyhardloop, hy agter en sy voor. Dis natuurlik 'n vrouslanery, en Roos moet voor vlug so al wat sy kan. Ineens sien ek 'n ander Swartman, ook met 'n kiere, vinnig na hulle toe hardloop. Dis sommer vir my duidelik: die doel is om Roos te ontset. Hy kom naby hulle, en tot my verbasing sien ek dat sy met haar populierstok na hom slaan en hom 'n harde hou toedien; en onmiddellik snap ek die sakie en dis vir my duidelik dat sy dit goed by hom wil tuis bring: "Jy hier weg. Dis ons rusie, en jy het daar niks mee te make nie!"

Die Afrikanerbond: 'n Nasionale ontwaking

Die einde van die sewentiger- en die begin van die tagtigerjare van die negentiende eeu was een van die mooiste periodes gedurende die lentetyd van ons Afrikanervolk. Ons mense het wakker geword, en dit was van die Kaap tot aan die Limpopo. Die nasionale bewussyn van ons volk het ontwaak, sodat 'n sterk gevoel van politieke eenheid ontstaan het. Twee faktore veral het kragtig daartoe meegewerk. Die eerste was 'n skok; dit is die anneksasie van Transvaal deur Shepstone op 12 April 1877. Die tweede was vreugde en blydschap. Die harte van ons mense was vol van gejubel oor die seëvierende vryheidstryd van die Transvalers — 'n gloed waardeur die eenheidsband op kragtige wyse versterk is. In hierdie gunstige klimaat is die Afrikanerbond gestig. Dit was lente. Eers was daar tussen al die bloeisel en blomme een belowende bloeisel. 'n Kennersoog kon dit sommer gou sien. Ds. S.J. du Toit het oor die stigting van so 'n organisasie geskrywe, en die entoesiasme was groot. Nog voor die eintlike stigting is daar oral in die Kaapkolonie takke gestig. Ons mense was vol geesdrif. Hulle het warm harte vir die saak gehad en was onkeerbaar. Die belowende bloeisel het oopgegaan, en dit was 'n pragtige blom.

Die Afrikanerbond is uit die harte van ons mense gebore. Die warmte in die hart van S.J.

du Toit vir die saak wat hy bepleit het, was strelend vir die gevoel van die Afrikaner. Ds. S.J. du Toit het so vurig geword dat hy in sy blad **Di Patriot** so ver gegaan het om te skrywe oor afskeiding van die Kolonie van die Britse Ryk. Dit het sekerlik weerklank gevind in die hart van menige Afrikaner. Tog was die tyd daarvoor miskien nog nie ryp nie, en dis nie in die program van J.H. Hofmeyr (Onze Jan), wat aanvaar is, opgeneem nie. Wat die Christelike beginsel betref, wou ds. Du Toit graag hê dat die Bond geskoei moet wees op die lees van die Anti-Revolutionêre Party van dr. A. Kuyper in Nederland. Ongelukkig moes hy na Transvaal, omdat hy 'n aanstelling van president Kruger as Superintendent van Onderwys aanvaar het, en in die program van mnr. Hofmeyr is die Christelike beginsel nie uitdruklik gestel nie.

My herinneringe van die stigting en ontplooiing van die Afrikanerbond is beperk. Ek was nog te klein om van alles kennis te neem, maar ek dink dat die vergaderings van ons tak op verskillende plase in ons omgewing gehou is, hoewel ek 'n paar persone onthou uit die tyd, naamlik Oom Koos van Wyk en oom Alwyn Schlebush. Op 'n keer met so 'n vergadering in ons sitkamer sit ek voor die deur op die stoep. Ek kan eerlik verklaar dat ek glad nie van plan was om na die gesprekke in die vergadering te luister nie. Maar daar word toe iets gesê wat so opvallend was dat ek onwillekeurig geluister het. Oom Koos van Wyk was aan die woord — ek het sy stem goed geken —, en ek hoor dat hy vir een van die lede in die vergadering sê: "Jy is net soos 'n boom wat onderstebo geplant is met die wortels in die lug!"

Dis 'n behoefte van my hart om hier 'n woordjie oor oom Alwyn te skrywe. Hy was 'n man met 'n warm Afrikanerhart, vol liefde en gloed vir die Bond en iemand met 'n mooi persoonlikheid. Dit was met 'n vergadering op ons plaas, en ek sien hom nog so 'n entjie van my af loop, besig om iemand vriendelik te woord te staan. Hy het 'n klein leerbladsakkie gedra en ek vermoed dat hy die sekretaris van die tak was. Oom Alwyn is die oupa van minister Schlebusch, wat voorheen speaker van die Volksraad was.

Die runderpes is 'n ander bekende gebeurde in ons volksverlede wat ek uit my kinderjare kan terugroep.

Iemand vertel my 'n tydjie gelede dat hy verneem het van 'n gesprek tussen twee Engelse in Engeland. Die een het vir die ander gevra of hy miskien weet waar Pretoria is, en die antwoord was dat dit êrens naby Onderstepoort moet wees. Miskien is die gesprek 'n versinsel, maar hoe ook al, dit is tiperend — Onderstepoort het deur sy hoogs-wetenskaplike navorsingswerk in verband met veesiektes en sy hulp elders met veemiddels in baie lande van die wêreld bekend geword.

Dis genade van ons God, en ons moet opreg dankbaar wees! Watter seën kon dit nie vir ons mense gewees het as ons met die runderpes in 1896 oor 'n Onderstepoort beskik het nie! Ons mense was bekommerd toe hulle verneem van die gevreesde siekte wat vinnig nader kruip en op plekke so te sê hele kuddes deur die dood afmaai, terwyl almal wat graag wil help, radeloos en magteloos staan. Dit was 'n pes wat in die donker wandel (Ps. 91:6). Daar is haastig voorsorgmaatreëls getref om dit te probeer keer — grenslyne is getrek tussen besmette gedeeltes en gebiede wat nog skoon was, en manne is gehuur om die grense te bewaak. Niemand mog sonder 'n behoorlike ontsmetting uit 'n besmette gebied oor die lyn gaan nie. Die siekte was nog ver van ons af toe verneem ons onverwags dat dit op 'n buurplaas by 'n oom van my uitgebreek het. Om verdere verspreiding te voorkom, is al sy beeste doodgeskiet en begrawe. (Hy het 'n kompensasië ontvang, maar nie wat die beeste werd was nie). My pa het sy 10 mooiste melkkoeie uitgesoek, hulle met hulle kalwers uitgekeer en na die Ouwerf gestuur — daar het bywoners gewoon. Die maatreël het egter ongelukkig nie gehelp nie, want op ons plaas was dit juis die kuddetjie waaronder die siekte eerste uitgebreek het. Later is ook die ander kuddes aangetas.

Baie rate teen die pes is aangewend. Een daarvan was: gesonde beeste moes met die bloed van gesoute beeste ingespuut word. 'n Ander raat was die gal van 'n bees wat aan runderpes dood is. Die gal moes egter die regte kleur hê. Ek sien my pa en 'n "kenner" nou nog voor my gees soos hulle na 'n bietjie gal in 'n glaspypie staan en kyk en die

saak beredeneer. (Ek was nog maar 'n snuitertjie, maar ek het die sakie darem ook op 'n afstand van hulle af gestaan en betrag). Ons het ook beeste verloor maar gelukkig nie besonder baie nie. Entstowwe het seker gebaat, en siek beeste is almal afgekeer en by die hek van die vrugteboord ingejaag. Agter in die tuin was 'n onbeplante deel waar grafte gegrawe is om die dooie beeste in te begrawe.

'n Blou witrugos, Jerman, 'n blouskimmel, het ook siek geword. My pa jaag hom toe by die kraalhek uit en sê vir my ek moet hom in die tuin gaan jaag — die tuin was klaar besmet van die siekte maar die land nog nie, en my pa wou dit skoon hou. Die landhek is egter nader, en ek kom met hom daar en jaag hom sommer daar in. En glo my, ek moes deurloop, en dit met die geelsambok! Ek moet sê my pa het darem verstaan om 'n kind te tug, en ek is vandag nog dankbaar oor die pak slae.

Jerman is daar in die land onder 'n groot appelboom begrawe. Die grond onder die boom in die omgewing is nooit bewerk nie. Die boom was 'n reus tussen veldboompies aan die kant van 'n spruitjie met standhoudende fonteinwater en het baie appels gedra. Ek en Emmie, en soms ook van die ander kinders, het gewoonlik ná 'n windstorm in vrugtetyd daarheen gehardloop om appels op te tel. Dit was by ons sommer vanselfsprekend: ons mag nie afpluk nie, en as die wind stil was, moes ons ons maar tevrede stel met 'n paar voëlgevrete appels wat hier en daar onder die boom gelê het. Toe ons later van Kantienpoort af na Klipplaatfontein toe is, kon 'n mens die duikie van Jerman se graf nog duidelik daar sien — dit was minstens 'n jaar of sewe later.

So dikwels as ek daar onder die boom gekom het, het ek na die graf gekyk, en die verdiende pak slae het in my herinnering herlewe.

Die Tweede Vryheidsoorlog

Ek was tien jaar oud toe hierdie oorlog in Transvaal op 11 Oktober 1898 uitbreek het, en dit was nie die twee Republieke wat daarna gesoek het nie. Soos bekend, was die Oranje Vrystaat ook spoedig by om die Transvaal by te staan. Kort na die uitbreek van die oorlog het 'n paar Boeremagte die Kaapkolonie binnegeval. Later het nog ander die rivier oorgesteek. 'n Paar van hulle het tot diep in die binneland binnegedring. Een van hulle vernaamste oorwegings was sekerlik om manne wat die begeerte gehad het, die geleentheid te laat kry om by hulle aan te sluit en so hulle eie geledere te versterk. Ons mense oral in die Kolonie het innig met die Republiek meegelewe in hulle stryd, en daar was ook oral manne wat na vore gekom het om dit te doen. Ook kon vele deur sulke togte daartoe geïnspireer word. Alhoewel ons in 'n bergagtige deel gewoon het, het 'n hele paar kommando's ook by ons op die plaas aangekom. Klein klompies van hulle het hulle verskyning taamlik dikwels daar gemaak. Ook Engelse regimente — dit was mobiele magte — het 'n paar keer hulle verskyning daar gemaak, en dan was daar verskillende kere ook kleiner klompies. Oom Stoffel Myburgh was een van die wat by die Boere aangesluit het. Hy het ook spoedig kommandant geword en naderhand 'n taamlike sterk kommando — miskien grotendeels rebelle — by hom gehad. Sy woonplaas was nie ver van ons af nie, en oom Stoffel het dikwels met sy kommando daar rondgegaan. Mev. Myburgh het op die plaas gebly, en dis begryplik dat hy dan elke keer met sy kommando ook daar aangekom het. Hy het sy draai miskien te dikwels daarlangs gemaak, en dis te verstane dat die vyand terdeë gebruik gemaak het van geleenthede wat dit gebied het om hom aan te val en sy kommando te vernietig. Uit gesprekke het ek verstaan dat oom Stoffel naderhand nog net 'n klein klompie manskappe by hom gehad het. (Ek het nie verneem van baie wat gesneuwel het nie, en die meeste van hulle het miskien by ander kommando's gaan aansluit). Oom Stoffel was 'n aangename man met 'n warm Afrikanerhart. Maar die baie besoeke op sy plaas was vir hom met sy kommando miskien fataal.

Na die vredesluiting is hy en sy gesin saam met ander na Argentinië om hulle daar te gaan vestig.

'n Nieuwe ontvoering uit hierdie tyd was toe ons op 'n dag in landerye op die plaas — dis waar ou Jan Fingo se buitepos was — druk besig was met skoffelwerk. "Daar's Boere!"

klink die stem van een uit ons midde. Ons almal kom ineens tot stilstand en kyk na die voetpad bo teen die berg. Ons kon duidelik sien dis 'n klompie Boere wat teen die berg met die voetpad afkom. Hulle lei hulle perde. Sommige is nog bo-op die berg. Die voorstes teen die berg was nog ver van ons af, maar dit was 'n mooi stil dag, en ek hoor een van hulle van bokant af met 'n helder stem roep: "Oom Sias Hartman! Oom Sias Hartman!" Meteens hoor ons 'n sarsie geweerskote reg agter ons. Ons het sommer besef dis Kakies wat hulle agter die bankie voorlê en hoog bo-oor ons op hulle losgebrand het — die veld daar is bergagtig, vol gelyk plate en banke. Die manne het onmiddellik net daar in hulle spore omgedraai. Daar was nog geweerskote. Ek kon nie merk of daar van die manskappe of perde gewond is nie, maar, indien wel, moes dit baie lig gewees het, want binne enkele minute was almal met perde en al bo-op die berg, skoon weg uit ons gesig. Ons het dankbaar gevoel! Ons het later verneem dat hulle op ander plekke ook voorgelê is, noue ontkomings gehad het, maar eindelijk tog aan almal ontsnap het.

Ons was druk besig in dieselfde landerye op die plaas. Een van die arbeiders kyk 'n bietjie rond, en meteens sê hy: "Daar kom 'n klomp perderuiters met die pad om die punt" — dis die punt van die reeks berge. "Dis gewis 'n Boerekommando, want kakie-uniforms lyk ligter op 'n afstand", voeg hy daarby. Ons het dadelik koers gekies huis se kant toe tot by die rand van die bank. Ons staan toe en kyk na die naderende kommando. Onverwags hoor ons 'n stem wat voor ons van onder af opklink. Iemand skreeu vir ons: "Gaan huis toe!" Dit was 'n Kleurling, seker 'n agterryer wat hulle met die opdrag gestuur het, want die vyand mag nie deur enige nalatigheid rapporte in verband met die bewegings van die kommando kry nie. Ons het ook maar ewe mooitjies gehoorsaam en onmiddellik afgesit huis toe. Ons ouers het dikwels vir ons gesê: "Kinders moet gesien word maar nie gehoor word nie"; en ek het die voorreg gehad om so eenkant te sit in die eetkamer waar die twee hoofoffisiere, genl. Kritzinger en komdt. Luther, aan tafel gesit het om 'n maaltyd te nuttig. Die maaltyd is inderhaas voorberei, en een van die geregte was 'n bord mieliepap met suiker — hulle het miskien verkies om dit sonder melk te eet. Ek sien die twee nou nog aan tafel sit. Althoe het blakend gesond gelyk, met 'n mooi, rooierige gesigskleur. Die hare van die generaal was donker en die van die kommandant was lig van kleur; sy kuif het met 'n langwerpige krulletjie op sy kop gestaan. Wat my geamuseer het, was 'n blink strepie effens regs teen die ken van die generaal, wat veroorsaak is deur 'n bietjie stroop wat daar afgeloop het. Hy het sy mond 'n paar keer netjies met 'n servet afgevee, maar die strepie het hy nie raakgevee nie.

My ou klein Afrikanerhartjie het 'n warm gevoel vir die offisiere en hulle manskappe gehad. 'n Paar anekdotes onthou ek nog goed uit die tyd. 'n Klompie Boere wat op 'n dag onverwags by ons aangekom het, het sommer gou begin kos soek. En was dit nie vir hulle 'n groot verrassing toe hulle 'n deksel van die spenskas oplaag en loer en daar staan 'n sak lekker droëvrugte nie! Die manne was so uitgehonger vir so iets dat die eerstes wat die sak bygekom het, hulself so goed gehelp het dat daar spoedig niks meer vir die ander sou oor wees nie. My oudste suster het gelukkig gou gesien wat gaan gebeur en ewe parmantig posisie voor die kas gaan inneem om deeglik toe te sien dat iedereen net genoeg neem. Dit was 'n winterdag met 'n sagte suidewindjie, en die hele klompie, met hulle perde by hulle, het aan die noordekant van die huis in die sonnetjie teen die windjie geskuil. Hulle het daar aangenaam gesels en grappe gemaak. Een van hulle kom met sy vrugte uit die huis, kyk met 'n breë glimlag op sy gesig na die klompie en sê vir hulle: "Ek het baie lus gehad om die **poppie** op te tel, hierheen te dra en haar hier tussen die perde te kom neersit".

Daar is aan die spenskas waarin die Boere die droëvrugte gevind het, 'n merkwaardige stukkjie geskiedenis verbonde. My ouers het later na Klipplaatfontein verhuis, en die kas is saam met die trek: dit was 'n pragtige en dienlike spensmeubelstuk, langwerpig, agter hoër as voor, met afskortings en skuins aflopende deksels. My broer Fanie is tydens die oorlog, in 1900, gebore, en my pa, wat 'n vurige Republikein was, het president Kruger vernoem en hom die naam Stephanus Johannes Paulus gegee. Op 'n dag kom ek die spens binne, en Fanie, 'n tjokkertjie van omtrent vier of vyf, staan voor die kas met 'n

tafelmis in sy regterhand, druk besig om aan die kas te probeer sny. Die mes gly en dis reguit na sy linkeroog toe. Hy het egter net die wit aan die linkerkant van sy oog geraak, 'n paar fyn aartjies beskadig, en daar was effens bloedjies. Die bloed het gou opgehou, en die oog het niks oorgekom nie.

Daar het soms Engelse leërafdelings op ons plaas aangekom, en soms was dit patrollies. Ons klompie kinders was altyd bly, en dit was vir ons 'n groot dag as daar die dag Boere by ons op die plaas is. Dit was vir ons ouers en vir al ons bure ook aangenaam om hulle toe te laat om kos en versnaperinge in die huis te soek; in vrugtetyd was dit vrugte-eet in die tuin. Hulle het soms ook 'n bees geslag. Teenoor die Engelse was ons darem hoflik, maar dit was ook al; vir eetware — brood, koek, ens. — moes hulle maar betaal; en as hulle 'n bees geslag het, moes die offisier 'n bewysie daarvoor oorhandig. Eendag klop 'n Engelse soldaat by die voordeur aan om 'n glas melk te kry. Ousus is ewe vinnig spens toe om dit te gaan haal. Toe sy met die glas melk aangeloop kom — 'ons kon haar daar mooi sien, maar hy nie — kyk sy met stralende oë glimlaggend na ons en steek haar voorvinger sover as sy loop herhaaldelik in die melk. Alles was darem skoon en die soldaat het die melk waarvoor hy 'n "siksens" (5c) betaal het, seker geniet.

Eendag kom 'n patrolië van hulle op die plaas aan. Op versoek van die offisier het my pa sy bes gedoen om hom mooi te beduie hoe die pad gaan. Dit was egter voetpaaie, en dit was vir hom moeilik om alles te onthou. Hy was skynbaar baie haastig en kommandeer my pa toe sommer om hulle te perd te lei. Hy het hom egter terdeë misgis, en my pa antwoord hom kort en beslis: "Dit doen ek nie!" Die offisier se voete was onder hom uit; hy het verder nie 'n woord gepraat nie, en hulle het op hulle perde geklim en gery.

Van die burgers — heelparty was "rebelle" — het soms uit hulle perde geraak. Party van hulle het by familie en vriende in die berge skuiling kom soek. Twee van die rebelle, mnre. Hans Alberts (my onderwyser) en Louis van Wyk, 'n seun van ons een buurman, het by ons in die berge kom bly. Hulle het saans huis toe gekom om kos te kry, 'n bietjie gekuier en dan maar weer teruggegaan na hulle skuilplek. My pa het egter niks van hulle geweet nie. Hy kon swaar gestraf word as die Engelse alles sou agterkom en te wete sou kom dat hy daarvan geweet het. Een aand — dit was so skemerdonker — kom die twee by die voordeur in. Hulle het dan gewoonlik na een van die slaapkamers gegaan om eers 'n rukkie te gesels. Maar, soos 'n ding moet kom, net toe hulle by die voordeur inkom, kom my pa die sitkamer van agter af binne. Daar was gelukkig nog nie lig aangesteek nie; en woerts is hulle by die voordeur uit om in die donker te verdwyn en dan maar 'n weinig later weer vir hulle kos te kom. My pa het iets bemerk, wis egter glad nie wat aangaan nie en vra net verbaas: "Wé's dit? Wat maak so? Wé's dit? Wat maak so?" Ousus het 'n vinnige brein gehad. Van die plaasbediendes het die dag 'n das doodgemaak, op die werf gelaat, en dit was nog nie weer verwyder nie, en "Pa", sê sy, "dis sommer Annie wat vir Emmie met die dooie das jaag". (My suster Emmie het sommer vinnig gevlug as 'n mens haar bangmaak). Ek het 'n paar keer buite wag gestaan so lank as die twee in die huis was — die venster van die vertrek met komberse so dig gemaak dat daar nie die geringste lig na buite kon deurdring nie. Daar is een nag, terwyl hulle lekker sit en gesels, 'n Engelse regiment met die pad langs naby die huis verby.

'n Swaar beproewing

Die twee manne het uit liefde vir hulle volk en vaderland by die Boeremagte aangesluit, en dit was vir hulle 'n vreugde toe hulle weer perde kon kry en met 'n kommando kon saamgaan. Kort na hulle vertrek het een van hulle, naamlik mnr. Alberts, weer op die plaas aangekom met die droewige berig dat sy maat, Louis van Wyk, gesneuwel het. Hyself was weer sonder perd en sou maar weer 'n tydjie in die berg moes vertoef. Ons moes sorg dat oom Jan en tant Ellie die tyding kry, en dit sou 'n moeilike taak wees, om twee redes: Allereers sou dit vir oom Jan-hulle 'n groot skok wees. Tweedens: Oom Jan-hulle sou graag wou weet hoe ons dit te hore gekom het; en wat moes ons vir hulle sê? Ons kon tog nie daarmee uitkom dat mnr. Alberts dit aan ons meegedeel het nie, want dan sou hulle sommer weet dat hy terug is en weer in die berge skuil, en dit moes ons

geheim hou. Ons het egter gou 'n plan gereed gehad: Mnr. Alberts het 'n brief met die bedroewende berig aan Louis se ouers geskrywe. Die brief moes egter die indruk gee dat dit van ver af kom en dat dit waarskynlik in die hande van verskillende draers kon gewees het om hom by sy bestemming te bring. Ek moes toe met die brief in my sak die bankie bokant die huis met die voetpad uitklim tot bo. Na 'n rukkie kom ek toe terug en gaan daarmee na my pa toe met die mededeling dat die persoon wat dit vir my gegee het, baie haastig was en dadelik weer omgedraai het. Toe my pa die brief neem, sê hy: "Die brief kom seker van ver, want kyk hoe lyk hy. Hy is ook al so te sê oop soos sy een kant geslyt is". Sonder om verder te dink, haal hy die brief uit, lees dit en kyk nadenkend met 'n trek van weemoed op sy gesig na my met die woorde: "Kind, Lewies van oom Jan het gesneuwel. Vat gou die brief en gaan gee dit vir oom Jan-hulle". Ek het aan oom Jan en tant Ellie verduidelik dat die brief maar omtrent klaar oop was, dat my pa hom toe maar gelees het en hulle probeer voorberei op die skokkende en bedroewende inhoud. Oom Jan-hulle het dit gelees en was diep bedroef. Maar hulle was gelowiges en het mooi berus in hulle smartlike beproewing.

Oom Renier Botha was een van ons bywoners — 'n mooi geboude man met blou oë, 'n effense rooierige snor en 'n kenbaardjie. Ons twee het soms lekker gesels. Oom Renier het by 'n Boere-kommando aangesluit. Na 'n tyd het die Engelse hom egter gevange geneem, en dit was so te sê seker dat hulle die rebel met die dood sou straf. Hy kom toe ook voor 'n krygsraad, en dit word hom koelbloedig aangesê: "Raynerd Botha, you must be shot." Daar het egter een of ander iets gebeur waardeur die vonnis nie voltrek is nie. Ná die oorlog was hy weer terug op die plaas, en hy deel my in 'n gesprekkie mee dat sy vonnis met bostaande woorde uitgespreek is. Dit was genade van die Here dat hy gespaar gebly het.

'n Soetklinkende "sangsolo" uit die tyd bly my nog helder by. Ons woonplaas, Kantienpoort, was die "konsertsaal"; die "konsertgangers" — net die seuntjie Dawie alleen. Die "verhoog" was 'n flukse ryperd en die "sanger" een enkele Boer (burger). Hy het by my verbygekom, met 'n helder stem gesing en jy kon elke woord hoor. Sy sangsolo het my ou klein hartjie geroer. Hier volg dit:

*Heft, Burgers, 't lied der vryheid aan
En zingt ons eigen volksbestaan!
Van vreemde banden vrij,
Bekleed ons klein gemenebest,
Op orde, wet en recht gevest,
Rang in der staten rij,
Rang in der staten rij.*

Weens allerhande regulasies het dit in die oorlogstyd maar moeilik gegaan om koring gemaal te kry. Maar 'n boer maak 'n plan. Oom Stoffel de Klerk, wat netjiese klipwerk kon doen, het ewe gou vir ons 'n platjietaa ('n koringmeultjie) klaar gehad. Dit was twee meulstene, omtrent so groot soos motorwiele, wat op 'n groot kas of 'n platformpie mooi opmekaar moes lê. Die onderste steen kry 'n vierkantige gaatjie in die middel, 'n sterk blokkie daarin en in die blokkie 'n sterk spil van staal. Die boonste steen kry in die middel 'n gat dwarsdeur, bo wyd, om as bakkie vir koring te dien, en onder nouer om net genoeg koring vir die meul deur te laat; êrens naby die rand 'n gaatjie met 'n handvatsel of slinger stewig daarin; om die slinger 'n ring waaraan 'n stuk of agt rieme of toue vaskom. Eindelik, rondom die meul 'n skerm van sink wat gebuig en op die platform vasgespyker is om die meel op een plek te laat uitkom. En nou sit die malers in 'n kring rondom die meul met hulle rieme of toue in hulle hande en begin op die ry af beurtelings om hulle rieme of toue te trek. Baie gou-gou is daar 'n ritmiese gang; die boonste steen draai soos 'n motorwiel; by die meul staan iemand met 'n houer om die meul voortdurend, wanneer nodig, te voer. En dit gaan alles plesierig! Daar is genoeg grappe, want gesonde humor is volop en af en toe lag die klompie so lekker dat daar trane in hulle oë kom. Oom Schalk Vorster, een van ons bure, moes een van sy plaasbediendes vir een of ander doel dorp toe stuur, en hy wis dat die Swart wag op die rantjie sy bode sou lastig val vir 'n pas van die magistraat. Hy gee toe maar aan April 'n

ou pas waarmee hyself van die dorp af gekom het. Toe hulle sy pas vra, haal April die ou pas te voorskyn en oorhandig dit. Hulle kon egter nie lees nie en vra hom toe maar om dit vir hulle te doen. Hy neem dit, vou dit netjies oop en lees ewe bedaar: "Swin, swine, swine, April go to town". Hulle was tevrede, gee dit aan hom terug, en April is dorp toe om sy opdrag uit te voer.

Karperde met horings

Die skilderagtige dorpie Lady Grey lê omtrent 25 km van Kantienpoort af in 'n hoek tussen berge. Ek moes met Julie, omtrent so oud soos ek, saam met my, met 'n perdekarretjie en twee flukse agterosse daarheen vir 'n paar inkopies. Daar was op ons pad dorp toe twee wagte: die eerste 'n Swartwag op 'n rantjie omtrent 5 km van die dorp af; en die tweede, die Town Guards (Blankes), ook op 'n rantjie teenaan die dorp. Inkopies is gedoen en ons is op ons terugreis. Volwassenes moes almal van die magistraat (landdros) 'n pas hê as hulle die dorp verlaat. Die Town Guards het my — miskien omdat ek nog maar 'n kind was — egter ongehinderd laat verbygaan. Ons het ons egter goed reggehou vir die tweede rantjie met die Swartwag. Ons kom nader, die osse stap mooi aan met ons altwee op die kar. Ineens roep een van hulle: "Halt! Where's your pass?" ons altwee skree op die osse, ek maak hulle bietjie bang met die swepie en hulle spring weg op 'n vinnige draf teen die steilte af. Ons was in ons glorie! Ek en Julie het na mekaar gekyk en lekker gelag.

"Terrorisme"

Twee broers, oom X en oom Y, en hulle swaer, oom Z, is op die plaas van oom X. Daar kom egter nuwe gaste by hulle aan — dis twee verkenners van 'n kommando wat in aantog is. Die twee Boere word skynbaar vriendelik ontvang. Die twee verneem naderhand of hulle nie 'n bietjie voer vir hulle perde kan kry nie. "O ja, seker! maar dit is in die populierbos waar ons dit wegsteek", is die antwoord. Die twee niks vermoedende Boere laat hulle perde en gewere by die huis, en die vyf manne stap al geselsend diep in die populierbos in. Kort vantevore het mnr. X nog by Aliwal-Noord vir Vrystaatse burgers net oorkant die Oranjerivier geskree en gesê: "Daar is drie dinge wat hier in ons land uitgeroei moet word: dis die Rooinek, die rooijakkals en die langstertmuis". Maar hier is die manne ineens manne van geweld, en hulle pak die twee Boere om hulle te verwurg. Een van die twee slaag egter daarin om hom los te spook; hy is inderhaas na die huis, kan nie 'n geweer in die hande kry nie — hulle is natuurlik weggesteek — en hy spring op sy perd reguit na die kommando met sy skokkende berig. Intussen duur die worsteling met die ander burger voort. Hulle het naderhand een van die gewere ook en poog om hulle slagoffer dood te skiet. Gelukkig is die gelaaide geweer op rus; hulle verstaan nie hoe om hom te hanteer nie en kan dus niks daarmee uitrig nie. Daar word gewaarsku: "Die Boere kom!" Hulle raak verward, laat die burger los en vlug te voet. Voordat hulle kan dink, is die burgers al naby en hulle jaag dat hulle perde so ooplê oor die vlakte. Sommige spring van hulle perde af en skiet peilskote na die drie, wat gou ingehaal en gevange geneem word. Die drie manne kry elkeen 'n goeie pak slae, word daarna nog 'n taamlike afstand voor die perde aangejaag voordat hulle weer losgelaat word. Die burger wat die wrede aanslag op sy lewe oorleef het, was 'n mnr. Odendaal. Hy was net 'n dag of drie daarna op Kantienpoort in ons huis — hulle was 'n klein klompie burgers wat daar opgedaag het. Ek het hom van naby in ons eetkamer gesien, miskien ook gegroet. Sy nek het 'n bruinrooi kleur gehad soos hy in die worsteling gekneus is. Hy het die hele geskiedenis aan ons vertel — en het ek nie geluister nie! Hy was 'n mooi frisgeboude man met 'n vriendelike oop gesig. Ons het sommer van hom gehou, en ons was almal dankbaar dat die Here hom bewaar het.

Die groot kapok

Dit was 'n wonderstille nag na die rampspoedige oorlog en die aarde was soos 'n groot reus wat so rustig gelê en slaap het dat 'n mens hom nie kon hoor asemhaal nie. Toe ons die volgende môre deur die vensters kyk, sien ons die pragtige spierwit laken wat oor die reus gesprei is, en donsveertjies wat sag en geheimsinnig van die hemel af op hom neerdaal. Dit was eerbiedwekkend om dit te aanskou! Hy gee sneeu soos wol (Ps.

147:6).

Die droë-skaap — die meeste hamels — het seker die nag, toe dit begin kapok, hulle lêplek verlaat en geklim tot op die plato bo-op die Rooiberg, 'n hoë kop of tweede berg bo-op een van die reeks berge. Daar het hulle naderhand tot stilstand gekom, en toe was hulle eindelijk in 'n kraal van kapok wat hulle omring het. Klein klompies wat 'n entjie van die trop af was, was in klein kraaltjies. Eenlopende skape — hulle het nie te ver weggedwaal nie — was in hokkies met 'n dakkie van ys bo-oor hulle. Deur die ys was net 'n gaatjie waardeur die asem en wasem van die skaap ontsnap het. Sodra die kapok opgehou het om te val, het my pa 'n voorman en 'n paar Swartwerkers met 'n klompie sterk osse gestuur om vir die kleinvee 'n pad oop te trap na veld naby die kranse, waar die kapok gou gesmelt het en die vee weiding kon kry. Dit was harde werk wat die voorste os moes doen; hy moes met sy sterk lyf en bene die kapok oopskeur. Die ander osse het die voorste mooi in 'n ry gevolg. Wanneer die voorste os te moeg was, is 'n varse weer aangejaag en gedryf om voor te loop. So het dit gegaan tot by die skaapkraal en die stomme diere was maar te gelukkig en bly om die voetpad te kies en uit die gevangenis te kom. Hulle het daar so honger geword dat enkeles van die wol van ander uitgepluk het om te eet (letsels hierdeur veroorsaak, was duidelik aan die wol van enkeles te sien). Dit was maklik om paadjies van die hoofkraal af na die klein kraaltjies te laat ooptrap, sodat die skape ook uit hulle tronkies kon kom. Eenlopende skape in hulle tronkies was maklik om te vind, want in die spierwit kapok was daar 'n blou kol.

Op Benjaminshoogte — oom Benjamin was die vader van komdt. Stoffel Myburgh, en die hoogte op sy plaas is na hom vernoem — het die kapok tot 'n geheimsinnige verskynsel gelei. Vir reisigers wat die wêreld daar goed geken het, moes die onverwagte verskyning van drie koppies daar op die hoogte taamlik misterieus voorgekom het. Dit was egter maar net drie transportwaens wat daar toegekapok gestaan het — die karweiers het natuurlik betyds met hulle osse gevlug en die waens met hulle vragte daar gelaat. Mense met ondervinding het sommer self verstaan wat gaande is, en ander het die nuus gou versprei. Ongelukkig was die kapok ook die oorsaak dat beeste van 'n buurman grusaam verongeluk het.

Die buurman het bo-op die berge gewoon. Toe die kapok in die hoogliggende dele, veral die Drakensberge, begin smelt, het 'n bitter koue suidewind begin waai; die kudde het daarvoor gevlug — miskien selfs gehardloop — en reguit na 'n verbasend hoë krans toe koers gevat. Die voorstes het naby die krans tot stilstand gekom; ander het gekom, daar saamgepak, en die agterstes het weens die kwaai koue maar vorentoe gebeur, waardeur heelparty van die duiselingwekkende hoogte afgestort en afgryslik verongeluk het. Die voorkant van ons woonhuis was aan die oostekant. Kapok wat van die sinkdak afgegely het, het dik voor die deur gelê. Plaasbediendes het die kapok met grawe daar kom wegwerk, sodat ons 'n mooi paadjie na buite gehad het. Ek het die deur oopgemaak. Dit was so 'n rukkie na sonop en dit was helder sonskyn. Meteens val my oë op iets soos 'n reënbogie in die kapok. 'n Werker het in die kapok gespit, die graaf net weer mooi teruggetrek, en die helder skynsel van die son teen die kapok het in die gleuf kleure laat ontstaan soos van 'n klein reënbogie, en ek het sommer spontaan geweet wat dit was.

Ná die oorlog moes ek weer skool toe. Dit was na die skool op Lady Grey, ons naaste dorp. Ons hoof was mnr. Du Toit van die Boland! Hy was toe net omtrent in die fleur van sy lewe, en hy was 'n kranige hoof. Personeellede en leerlinge het van hom gehou en ons het lekker geleer. Ons hoof was effens kort en dik, en alhoewel almal alle agting vir hom gehad het, het hy die bynaam, Ou Pompie, darem nie vrygespring nie.

Die klokgelui was daar elke skooldag in die oggend 'n halfuur voor die skool moes begin. Getrou, soos met al sy ander take, so was ons hoof ook hiermee. Die voorkant van ons skool was na die suide, en mnr. Du Toit het elke keer presies op dieselfde manier teenaan die wandelpaadjie, dwars in die deur, met sy gesig na die ooste en die skoolklok in sy regterhand, gestaan en lui. Soos hy dit die een dag gedoen het, so het hy dit ook die ander dag gedoen, en dit het 'n onuitwisbare indruk op 'n mens gemaak. Met die opening in die môre was mnr. Du Toit net so getrou. Ons taalmedium was Engels, en

daarom was al die verrigtinge ook in Engels; die Skriflesing, die gebed en die sang. Daar was nie, soos in my eerste skool, 'n "Dutch mark" nie. Die kweperlat of rottang het daar ook min werk gehad, maar ek moes daar ook maar leer van "the meridian" (middaghoogte) van "degree of longitude" (lengtegraad), "degree of latitude" (breedtegraad) en ook van "the five senses" (die vyf sintuie), soos ons onderwyseres hulle mooi nadruklik in ons ingeprent het, naamlik; "seeing, hearing, touching, tasting and smelling" — ja, alles Engels!

Boet Howell was 'n vegtersbasie. Sy ouers was bure van 'n neef van my by wie ek geloseer het. Boet het die gewoonte gehad om seuns wat van die plase af kom om op die dorpe te kom skoolgaan, uit te daag vir 'n vuistgeveg in die sloot daar in die vlei net buite die dorp. En hy was só geoefen om te baklei dat hy seuns wat baie sterker as hy was, sommer maklik 'n pak slae kon gee. Die gevolg was dan gewoonlik 'n bloedneus en 'n blouoog. Een van die seuns wat onder sy kneukels deurgeloop het, was Jan Nel, van wie ek vroeër al melding gemaak het. Daar was gewoonlik 'n klompie seuns wat saamgeloop het vlei toe om na die geveg te gaan kyk. Omdat Jan en ek vriende was, was ek die dag ook by; en dis vandag nog helder voor my gees hoe Howell vir Jan met die vuus in die gesig slaan en sommer in 'n kort rukkie klaar met hom afreken. Ek het baie ongelukkig daarvoor gevoel. Howell het my nooit uitgedaag nie — hy was waarskynlik bang vir my neef, wat 'n buurman van hulle was, en ek was maar net te bly dat ek nie ook aan die beurt gekom het om onder die vuiste van so 'n "bully" — of moet ek liever sê: sadis! — deur te loop nie.

'n Vreugdevuur

Skoolseuns het gepraat van Guy Fawkes-aand, maar ek het nie die minste benul gehad van wat daarmee bedoel word nie. Ek het gedink dit sal dalk 'n wonderlike ekskursie wees en sluit toe maar die aand by die klompie aan. Ons kom in die donker by een van die huise aan, kom almal voor die deur tot stilstand en een van die leiers van ons groepie begin by elke huis so met 'n rympie in Engels:

*Remember, remember
The fifth of November*

Hy het ook gepraat van 'n "gunpowder" plot en ook gesê:

*All silver no brass,
Brass won't pass.*

Die leiers het oral by huise dieselfde rympies geresiteer en — soos dit voorgekom het — 'n taamlike klompie geld gekry. Eindelik gaan hulle na die markplein, en ek slenter maar saam. Daar word 'n groot vreugdevuur aangesteek, en 'n groot pop word daarin verbrand. Die mooi en aangename ekskursie wat ek vir my voorgestel het, het uitgeloop op 'n bedeltog om geld, waarvan die meeste ander en ek nie 'n enkele duit gekry het nie! Na aanleiding hiervan kan ek maar sê: 'n Guy Fawkes-aand, maar nooit weer nie! 'n Professor van die Vrye Universiteit van Amsterdam wat 'n tyd gelede op 'n besoek in ons land was, is op 'n dag deur vriende van Potchefstroom op 'n uitstappie na die Vaalrivier geneem. Die vriende was egter onrustig dat hy miskien nie met 'n veldete gediend sou wees nie, en een van hulle neem hom toe na 'n huis daar naby waar die huisvrou vir hom 'n lekker ete besorg het. Sy vra hom toe of hy van frikkadel hou. Sy antwoord was: "Nei, ik eit gein gebakt". Sy sit toe vir hom 'n lekker porsie afval met die skaaptong daarby op die bord, en dit het gelyk of hy dit geniet het. Maar toe hy weer by die vriende kom, sê hy vir hulle: "Ik heb ein maal bokketong gegeite, maar ik doe het nooit weir!"

"No place like home"

My ou kinderhartjie het soms maar baie gebrand huis toe, omtrent 30 km van die dorp af, en ek het baie dikwels op Vrydae te voet in die pad geval daarheen. Ek kon nie vroeg wegspring nie; ons skool het twee sessies gehad, en die namiddagssessie het eers 16h00 (4-uur) uitgekom. In die winter is dit dan al laat. Ek het lang ente gedraf, en in die winter lank ná donker eers by die huis gekom. Ek was nie bang nie, maar as ek in die

donker by 'n bos langs die pad verbygaan, het ek darem skrikkerig gevoel en my rug hol gemaak. Ek het 'n paar bakens gehad wat die pad vir my korter gemaak het. Ek noem net twee:

- (a) Die ysterhek was halfpad. As ek by hom verby was, het ek weer fluks gedraf soos 'n vars perd wat so pas uit die stal kom.
- (b) Die laaste was die Slagboom, 'n steil hoogte in ons veld, maar darem nog omtrent 3 km van die huis af. As ek bo uit was, het ek die laaste entjie vinnig genael.

Pa het maar altyd weer gesorg dat ek Maandagoggend betyds was vir skool.

Ons skool het 'n Debatsvereniging vir skoolseuns gehad, maar goedgesinde vriende uit die dorp was ook hartlik welkom. Ons het die vergaderings geniet. Daar was nie die geringste vrees vir 'n **Dutch mark**, 'n kweperlat of rottang nie, en ons kon met vrymoedigheid ons sê sê. Seuns het soms goeie argumente gebesig waarna 'n mens kon luister. Goeie humor het ook nie ontbreek nie. Daar was egter soms ook argumente wat 'n bietjie raar geklink het. 'n Spreker het deelgeneem aan 'n debat oor die vraag wat die beste is: om 'n winkelier of om 'n boer te wees. Die spreker het boerdery bepleit. Ons het mooi na hom geluister. Hy probeer toe egter om aan te toon watter gevare daar vir die winkelier is om groot skades te ly en gebruik 'n voorbeeld om dit te verduidelik: "Sê nou 'n transportryer het 'n vrag klerasie en ander handelsware wat maklik beskadig kan word en kaste paraffien bo-op sy vrag en die blikke lek so erg dat die hele vrag naderhand deurtrek is van lampolie. Watter groot skade sal dit nie vir die winkelier wees nie!" Leser, ek wonder hoe smaak so 'n argument as u 'n bietjie daaraan proe.

Ek moet darem vertel dat die bestuur my ook 'n werkie gegee het om vir 'n vergadering te doen: Ek moes 'n resitasie leer en opsê; en ek het my bes gedoen. Die titel was **Ou Dennie**. Hier volg net 'n paar brokkies daaruit wat ek nog kan onthou: "Ik het mijn bruin perd opgesaal; Ou Dennie was zijn naam".

Die ruiter het eers lekker spoggerig gery, maar ou Dennie het naderhand van sy grille uitgehaal en begin spring om sy ruiter af te gooi. Die arme man het ook taamlik gou met die grond kennis gemaak, en dan lui dit:

*Toen werd ik geel en groen en wit en blauw
En alle kleur gelijk;
Tot ik weer zo spierwit werd
Als waschgoed op die bleik.*

Dit was vir my — en miskien ook vir die ander lede van die vergadering — 'n pragtige "gedig".

Na ongeveer 'n jaar is ek van Lady Grey af na Aliwal-Noord om daar te gaan skoolgaan. Dit was toe ook net die beste, want my pa het intussen vir ons 'n ander woonplaas, Klipplaatfontein, omtrent halfpad tussen Aliwal-Noord en Kantienpoort gekoop. Hierby kom nog dat ons op Lady Grey nie 'n enkele ampsdraer gehad het nie, en sover ek weet, was my neef-hulle die enigste Gereformeerde lidmate daar. Aliwal-Noord was egter ons kerkdorp; en alhoewel ons daar nie 'n eie predikant gehad het nie, het ons konsulent, ds. L.P. Vorster, gereeld elke kwartaal van Burgersdorp af gekom om die konsulentsdienste vir ons te kom waarneem. Ook kon ek gereeld in die katkisasie kom, wat deur die dorpsouderling, oom Piet Myburgh, waargeneem is.

Aliwal-Noord is 'n pragtige dorp met twee groot aantreklikhede wat 'n mens se hart bekoor, naamlik die **Oranjerivier, of Grootrivier**, soos sommige hom noem, en die warmwaterbronne. Vir 'n seun is dit nou ook net so na sy hart. Ek het gou my vriendjies gehad, en ons het lekker gaan swem — in die somer was dit in die rivier en in die winter in een van die twee bronne. En het ons nie in die water, en by die rivier ook op die sand, gebaljaar nie! So af en toe was daar 'n geselskap met 'n sleepnet om visse te vang. Ek het dan ook maar by die klompie aangesluit om 'n handjie by te sit. En voel 'n mens nie grootman as die takie afgedoen is, die klomp visse onder die belanghebbendes verdeel word en jy ook nog 'n woordjie van dankbetuiging vir jou bydrae kry nie! Dis 'n groot

voorreg vir so 'n seun om so tussen 'n klomp te spartel en te spook om 'n goeie vangs te kry; en die vreugde was my aangename beloning!

In die winter was die genot weer groot daar in die warmwaterbronne. Ons het maar net van een bron gebruik gemaak. Die enigste verbetering in die tyd was 'n plank om as afspringplek te dien, en 'n kabeltou wat aan die plank vas was en dwarsoor die poel water gespan was. Die enigste kleedkamer was die fluitjiesriet rondom — daar was in die tyd 'n digte bos fluitjiesriet wat die bronne omring het, en net 'n paadjie om hulle te bereik. Soms, in die oggend vroeg, het die ryp nog wit op die plank gelê en was dit koud en grieselig om daarop te loop. Dan moes jy net spring, en in die water was dit net weelde vir jou liggaam! Ons enigste swemklere by alle geleenthede was net ons goeie en uitnemende Adamspak, want daar was nooit iemand om ons af te loer nie. Ook was dit so maklik en ook aangenaam om jou pakkie weer skoon te spoel nadat jy daarmee in die sand en modder gerol het!

Aliwal-Noord het twee skole gehad. Ek sou natuurlik in my noppies gewees het as dit twee parallelle skole was — een Engels, en een Nederlands/Afrikaansmedium (die laaste sou vir my 'n aangename kraal gewees het). Maar die verdeling op Aliwal-Noord was hoegenaamd nie op grond van taalmedium nie. O nee, dit was heeltemal anders, want een van die twee het 'n stigma gehad, en hulle het hom die "Armskool" genoem. Ek was nog maar 'n kind, maar dit was vir my 'n onaangename gewaarwording toe ek op my vraag aan 'n klompie leerlinge: "En watter skool is daardie?" die antwoord kry: "Dit is die **Armskool**." Ek wonder of baie van die publiek — en onder hulle veral ook leerlinge — nie uit die hoogte op die skool en sy leerlinge neergesien het nie. En hoe moes die leerlinge van die skool en hulle ouers — verreweg die meeste seker Christene en voorbeeldige mense — nie gevoel het nie! En dit alles slegs omdat die ouers nie in die vermoë was om die skoolgeld en ook vir die boeke vir hulle kinders te betaal nie!

Mnr. D. Nielson, die hoof van ons skool, was Engelssprekend. Ek weet nie of hy Afrikaans ook kon praat nie, maar die verrigtinge deur hom in die skool was altyd in Engels, en ek het hom nooit buite hoor praat nie. Hy was egter 'n bekwame hoof, en sy dissipline was uitstekend. In ons klas het ons twee dames gehad wat mekaar afgewissel het. Miss. Smith was Engelssprekend, en sy het die gawe gehad om Geskiedenis boeiend te vertel. Sy het gewoonlik met haar gevoude arms voor die klas gestaan en praat, en dan het die hele klas oopmond na haar geluister. Miss. Greenwell was 'n immigrant wat die land net kort tevore binnegekom het. Sommige dink dat mense met rooi hare kwaai is, en haar hare was rooi, maar sy was die vriendelikheid self en ons het van haar gehou. Verreweg die meeste leerlinge van die skool was Afrikaanssprekend. Hulle het by die skool ook 'n Boy Scoutsbeweging gehad, maar ek het nie daarby aangesluit nie. As ons daardie tyd al 'n Voortrekkerbeweging gehad het, sou ek seker nie 'n oomblik gewifel het om daarby aan te sluit nie.

Hier het ek ook kennis gemaak met 'n sirkus. Dit was Vrydagaand, en daar was op die markplein 'n groot drukte. Mense van alle range en stande — onder hulle ook kinders — het daarheen gestroom. Die groot aantrekkingskrag was 'n kolossale sirkustent. Dit het soos 'n magneet gewerk, en dit is nie vreemd nie, want daar was 'n mooi diereversameling. Almal was nuuskierig, want daar sou baie wees om te sien en te hoor. Toe die verrigtinge moes begin, was die tent van voor tot agter volgepak. Regs voor die toeskouers was daar waentjies, soos hokke in 'n ry, met leeus, tigers en ander wilde diere agter tralies. Op 'n stadium die aand het in een van hulle 'n geblinddoekte vrou by 'n leeu op 'n stoel gesit met iemand langs haar met 'n swepie in sy regterhand om die leeu te beteuel. Op 'n plek tussen die toeskouers het iemand tussen die rye van persoon tot persoon geloop en gevra dat hulle hulle horlosies moes uithaal; en van nommer 1 af het die vrou begin praat en dit was vir ons kompleteet of sy 'n waarseggende gees het. Hier volg enkele voorbeelde van dinge wat sy gesê het: "That watch belongs to a gentleman. It's a silver watch and it has got a quarter past nine". So het sy aangegaan. Maar naderhand het sy opeens byna geskree: "That watch is quite wrong. It's about twenty past nine now, and on that watch it is ten to one". Ons almal was byna stom verbaas, want niemand van ons het nog ooit so iets belewe nie. Ek het net later gewonder of die

man tussen die mense nie miskien 'n buikspreker was wat kompleet met 'n vrouestem kon praat nie. Dieselfde man was later op 'n verhoog. Ná nog 'n paar van hulle "towerye" wys hy skielik met sy regterhand na 'n plek in die gangetjie by die agterste mense in die tent en hy sê hardop: "That top hat there! I'd like to have that top hat".

Dit was oom Gert Kotzé se pluishoed. Oom Gert, Hans Berlyn se pa en 'n swaer van my pa, was 'n mooi frisgeboude man. Hy was taamlik lank en geset. Met sy blosende kleur, helderblou oë en ligrooi hare en baard was sy voorkoms indrukwekkend. Oom Gert was 'n gelowige man en het jare lank getrou as ouderling in die kerk gedien. Hy was vriendelik en aangenaam, maar kon, as hy hom veierg, 'n bietjie raas. Sy kinders het soms uitmekaar gespaander as hy kastig met die kerie na hulle mik. Oom Gert se bynaam was **die ou Rooie**. Met nagmaalsgeleenthede het hy en van die ander ouderlinge al soms van Vrydagmôre af in hulle volle mondering — 'n manelpak, borshemp met gestyfde mansjette, 'n wit strikkie en 'n pluishoed — in die dorp rondgestap, soms om inkopies te doen. So deftig gekleed het hy ook sirkus toe gekom, op een van die agterste stoele langs 'n gangetjie gaan sit en sy pluishoed in die gangetjie teen sy stoel se poot neergesit. Toe die man op die verhoog sê hy wil die pluishoed graag hê, het hulle dit baie gou vir hom vorentoe aangegee, en hy het die mooiste goed uit oom Gert se pluishoed te voorskyn gehaal: horlosies, blompotte en ander pragtige breekware. Daar het drie "dresstafeltjies" op die verhoog gestaan, en hy het hulle almal mooi volgepak. Dit was egter nog nie al nie. Hy haal toe nog drie ronde wit balle — 'n bietjie kleiner as 'n sokkerbal — uit oom Gert se hoed, laat hulle een na die ander, soos hulle uit die hoed kom, op die vloer val; ons hoor die stampgeluide, en hulle rol elkeen so 'n klein entjie. Toe lê hulle daar. Die man kom effens vorentoe en staan triomfantlik oor die verbaasde menigte en kyk. Onverwags hoor ons 'n helder stem van agter af: "Al daardie mooi goed wat uit my hoed kom, is myne", lui dit. Ons kyk almal om, en daar staan oom Gert ewe statig in sy swart pak vorentoe en kyk. Niemand het dit gewaag om te lag nie.

Op een van ons buurplase, Broedersbank, is 'n nuwe skool geopen. Ek is ook daarheen, en dit was vir my alte aangenaam om elke skooldag uit my ouerhuis skool toe te gaan. Met die kinders van 'n bywoner by ons was ons sommer 'n mooi klompie wat met 'n groot muilkar skool toe en terug gery het, en dit was vir ons 'n plesierritjie heen en terug. Soms was dit 'n hele parlamentsitting op die kar, en die oudste onder ons was die speaker. Dit was vir hom egter nooit nodig om iemand tot orde te roep nie. Die jaar daar was vir my sommer gou verby.

Adoons was 'n mooi ou seuntjie — sag en teer — van omtrent 6 jaar wat elke oggend skool toe moes stap. Op 'n dag het ons onderwyser hom 'n pak gegee. Ek kan my nie meer herinner of hy sy les nie geleer het of wat dit was nie. Maar die onderwyser, 'n sterk man, het een handjie van Adoons in sy linkerhand gehou, hom opgetel, so laat hang en met 'n kweperlat gelooi. Ek het die tere kindjie so jammer gekry dat my hart gebloei het. Dit is vir my onvergeetlik. Die onderwyser was tog vir ons 'n aangename man en 'n goeie onderwyser.

My pa wou graag 'n reis per trein Transvaal toe onderneem. Dit was gedurende 'n skoolkwartaal, maar dit was, met die oog op die boerdery, miskien die mees geleë tyd. Daar was nie verpligte skoolbesoek nie; my pa het my vir die tydjie uit die skool geneem en ek is met hom saam — 'n handlangertjie by jou op so 'n reis is mos soms vir 'n mens iets werd. En dis waar: daar was met die oog op my skoollesse vir my 'n klein verliesrekening, maar my wins deur die baie ondervindinge was so groot dat die verlies daarteen nie opgeweeg het nie. 'n Dame op 'n sekere plaas in Transvaal het egter tog ondersoekend na my gekyk en my in alle erns gevra: "En gaan jy dan nie skool nie?" Haar woorde het my darem 'n bietjie gekrap, en ek het glad nie probeer om te "explain" nie. My pa was van plan om die wêreld in Oos-Transvaal bietjie te gaan deurkyk om, indien dit hom daar sou geval, sy grond te verkoop en dan, met die oog op sy kinders, weer groter grond aan te koop. En daar was vir hom 'n mooi aanknoping — dit was twee vriende, oom Hendrik de Jager en oom Gert Swart, wat tussen Standerton en Bethal gewoon het. Hulle was grondbesitters maar het as gevolg van die Engelse oorlog nog

maar gesukkel. Om op die been te kan kom, het hulle in ons omgewing skape opgekoop; ons het mekaar leer ken, en my pa het aan hulle 'n kamp gegee om die vee in te hou totdat hulle genoeg opgekoop het om daarmee te vertrek. Ons is toe van Aliwal af direk Standerton toe en daarvandaan met 'n keb na oom Hendrik toe.

Met ons terugreis is ons eers van Johannesburg af Pretoria toe. Daar was nog twee mans by ons in die kompartement — een was 'n polisieman in sy uniform. Die vierde persoon het taamlik gou 'n gesprek met my pa aangeknoop, en hy wou net alte graag weet wat die doel van ons reis is. My pa het niks gehad om weg te steek nie en deel hom toe maar mee dat hy van plan is om 'n klompie lemoene te kry om aan boere in ons buurt te verkoop. Toe hy dit hoor, wou hy net alte graag help. Hy vertel toe dat hy 'n seun van president Brand is en dat hy ons by goeie lemoenboere kan bring by wie ons lekker lemoene goedkoop sal kan kry. Die man het vir my te voorbarig en opdringerig gelyk, en ek het agterdogtig geword, en, hoflik of onhoflik, het ek mooi vir hom gesê dat ons goed oor die weg sal kom en dat hy ons liever aan onself moet oorlaat. Hy wou ons egter met alle mag probeer ompraat. Die polisieman, wat langs my sit, haal toe 'n rewolwerpatroon uit sy sak en hou dit so in die holte van sy hand dat net ek alleen dit kon sien en niemand anders iets kon agterkom nie. Dit was vir my genoeg, en ek was toe nog meer vasbeslote. Op Pretoria het hy nog weer probeer om by ons in die keb te klim. Ek het hom egter weggestamp en vir die koetsier gesê hy moet ry. By die losieshuis van Pickard, net onderkant die Kerkplein, was mense wat ons vriendelik vertel het van goeie boere na wie toe ons kan gaan.

Die Wonderboom — 'n wildevy — staan op grond wat destyds aan oom Koos Booysen behoort het, en ek het die paar dae daar somer dikwels vir die ou reus gaan kuier, onder hom rondgestap en my verwonder. Die boom het deur ranke wat van die takke af in die grond gegroei het, 'n hele familie bygekry — kinders en kleinkinders ('n moeder met haar nakomelinge, ek weet nie die hoeveelste geslag nie) — 'n klompie bome en darem maar 'n eenheid, een boom. Dit is 'n **wonderboom**, 'n groot boom en ook 'n mooi familie. Later het ek met die verbyry nog die huis van oom Koos, 'n entjie daarvandaan, sien staan; en my hart het in my lewendig geword en opgespring. My pa het by oom Koos en 'n buurman lemoene gekoop; dit was 13 000. Maar oom Koos se boord het 'n hele klompie lemoene meer gelewer as wat hy gedink het, en toe my pa die spoorvrag betaal het, het hy nog net 2/6 (25c) oorgehad vir ons vir sakgeld huis toe. Maar gelukkig, die lemoene is by John Jack se winkel in negosiekaste gepak. Ek moes toesig hou en het 'n klompie vir 'n bietjie silwergeld aan verbygangers verkoop. Ek kon toe my pa se hart lekker laat voel toe ek die bedraggie met die nodige verduideliking aan hom oorhandig. Ons moes nie tyd laat verlore gaan nie, en ek is spoedig met 'n gehuurde fiets van Aliwal af plaas toe. Ons voorman, neef Piet Kotzé, en ek en 'n paar Swartmense is nog dieselfde dag met die ossewa en 'n span muile met my pa se ryperd, Bambout, langs die muile op pad na Aliwal om die lemoene te gaan laai. Die donker het ons egter gou gevang, en ons het by oom Flippie Henning langs die heining van 'n raapland uitgespan, die muile aan die draad vasgemaak en voer gegee. Ons hoor egter skielik net 'n gesnork; toe lê 'n stuk heining met 'n hele klompie klippilare plat. Een van ons Swartmans is, sonder dat ons dit agtergekom het, deur die heining die raapland in om rape te soek. Op 'n bultjie reg wes kom hy skielik orent, die muile sien sy silhoeët teen die aandlig, hulle skrik vir die "gogga" of "spook", en daar lê die klompie pale op die grond! Neef Piet is die volgende môre vroeg eers na oom Flippie, 'n goeie man, om aan hom te gaan vertel wat gebeur het. Oom Flippie het somer verstaan. Toe ons terugkom, is die heining in orde — die kort klippale is weer ingeplant en aan elkeen 'n goeie houtpaal vas. Ons het oom Flippie en sy voorman, wat die werk moes gedoen het, elkeen 100 lemoene "pasella" gegee. Hulle het gelukkig gevoel; ons nog meer. Ek het later weer dikwels daarlangs gery en met baie herinneringe na die pale gekyk. Toe ons die oggend by die raapland wou inspan, het een agterbeen van een van die muile ook "geslaap". Die been was inmeekaargetrek en dit moes 'n pynlike slaap gewees het — 'n kwaai kramp. Ons was onrustig. Toe ons met die diere begin woel om hulle in te span, het daar egter weer lewe in die been gekom; dit het "wakker geword", niks makeer nie en ons het aangenaam en voorspoedig na Aliwal-Noord gereis.

Wiele met rytuie het van ons plaas af oor verskillende paaie na plase in ons omgewing gerol, en die lemoene het gevlieg soos die boere op die plase hulle gekoop het, maar meesal vir 'n skaap die honderd geruil het. Ek was bly dat ek saam met my pa Transvaal toe was — skoolgaan was darem nie so lekker nie!

Hoofstuk 2: Hoërskooljare

Paarl toe

Ek sien my pa vandag nog soos hy op Aliwal-Noord se stasie die trein waarmee ek vertrek, agterna staan en kyk. Dit het my diep beïndruk, want dit het my voorgekom of hy verslae voel. Ek kan dit ook goed verstaan; ons was 'n groot gesin, en ek was die eerste van die kinders wat so ver van die huis af weggaan om verder te gaan leer. Ek het 'n lang pad voor gehad. Daar was in daardie jare etlike hoërskole in die Boland wat groot opgang gemaak het deur hulle skitterende eksamenuitslae, en die Boys' High School, Paarl, was een van hulle. Ouers van ons hele vaderland het toe seuns en dogters na die betrokke skole gestuur, en my pa het my na die Boys' High School, Paarl, gestuur. My ouers moes baie opoffer, want ons was 'n gesin van tien kinders; en die inkomste van boere was in daardie jare nie groot nie. Daar was droogtes en ander plaë, veral sprinkane, en dan het hulle ook nie 'n goeie mark vir hulle produkte gehad nie. As 'n mens nog jonk is, besef jy nie behoorlik wat sulke opofferinge beteken nie. Dis eers later dat 'n mens tot ryper insigte kom, en ek voel vandag innig dankbaar vir wat my ouers vir my beteken het, maar dan veral ook vir hulle Christelike opvoeding.

Ons het 'n wonderskone vaderland van die Here ontvang. Dis 'n pragtige land met die mooiste natuurtonele. Die verskeidenheid daarvan is so groot dat 'n mens jou dikwels daarvoor verbaas en soms vol verwondering is as jy op reis gaan en verskillende dele van ons land besoek. Van sommige dele sien jy die skoonheid met die eerste oogopslag, want dis te opvallend; jy kan nie anders nie, jy moet kyk, en jou oog word nie versadig nie. Jy wil altyd weer kyk en bewonder. Daar is egter dele waarvan jy die skoonheid nie onmiddellik raaksien nie; jy moet eers die oog daarvoor ontwikkel. Een van hulle is die Karoo, die uitgestrekte hoogvlakte met sy bossies so ver as jou oog kan sien. Ek het die voorreg gehad om verskillende kere daardeur te reis; soms in die somer na mooi reëns wanneer die vlaktes oortrek is met blommetjies wat jou vriendelik nooi om tussen hulle rond te loop, by hulle te kom kuier en lekker te gesels. So was dit ook met my eerste reis na die Paarl. Ek het egter ook in die winter daarlangs gereis. Dan het die bekoorlikheid en aanloklikheid vir my ontbreek. Dit was dan of die wêreld afkerig is van my en nie mooi woorde vir 'n geselskappie met my het nie. Maar dis aan my meegedeel dat 'n mens die Karoo van naby moet leer ken en hom moet leer liefkry. Dan kan hy jou wonderlik streel en bekoor, ook in sulke tye.

Die treine na en van die Boland was in daardie jare soms vol hoërskoolleerlinge. Ek staan een oggend — die son was al 'n hele tydjie op — in die gang na die wêreld met die pragtige blomme en kyk. Meteens hoor ek 'n stem; die stem van 'n skooldogter. Die dogters van twee kompartemente het die vorige aand oor en weer vir mekaar gekuier. Met die besoeke oor en weer het een van hulle per ongeluk haar een skoen êrens gelaat, en sy wis nie waar nie. Dit was 'n boeredogter van die platteland of 'n plattelandse dorpie af. Sy klop aan, en toe hulle die deur van die kompartement oopmaak, vra sy vir haar vriendinne: "Is'nt here a shoe, please?" Ek was verbaas en kon my ore nie glo nie. Maar sy was seker maar, soos meer Afrikaners, skaam om in haar eie mooi moedertaal te praat:

*Die Afrikaanse taal
die klink vir ons so soet;
Hy is ons moedertaal,
sit in ons murg en bloed;
Ons ruil hom vir g'n taal,
al is die nog so skoon,
Daarvoor het ons gely
veragting, smaad en hoon.*

(C.P. Hoogenhout: "Ons toekomstige volkslied"). Lady Grey Bridge Station was in daardie jare die naam van Huguenot, my laaste stasie voordat ek op die Paarl sou afklim. Gedurende my skooljare aan die Boys' High lees ek op 'n dag 'n berigjie in

verband met 'n Swartpassasier op die trein wat op Lady Grey Bridge Station moes afklim. Hy het ongelukkig in die trein bly sit. Op 'n volgende stasie sien die kaartjieondersoeker dat Jonas al dáár moes afgeklim het. Hy vra hom toe waarom hy nog in die trein sit; hy het tog op die stasie hard geroep: "Lady Grey, Lady Grey!" Hy pak die Swartman aan die kraag om hom uit die trein te sleep. Terwyl hy dit doen, skree Jonas benoud: "Wat herrep jy loop: 'Leddie Glee, Leddie Glee'?! Hoekom jy nie sê: 'Jonasse, kom uit'?"

Ek het net by die koshuis Monte Bello geland, toe was dit tyd vir ontbyt; en dit was vir my 'n voorreg om in die eetsaal aan een van die tafels te gaan aansit. Mnr. Lê Roux het aan die kop van een van die tafels gesit; en dit was vir my besonder aangenaam toe my plek vir my net langs hom aan sy linkerkant aangewys word. (By ander tafels het onderwysers of senior leerlinge aan die kop gesit). Mnr. Lê Roux was 'n waardige man — die regte man as hoof van so 'n skool. Soos ek hom die eerste dag leer ken het, so was hy ook later. Hy was nie onvriendelik nie, maar ook nie besonder vriendelik nie; hy het sy woorde getel. Hy was verder 'n man van dissipline, en onderwysers en leerlinge het almal hulle pligte geken.

As 'n mens nou iemand uit die Boland ontmoet, kan jy bra nie meer merk dat daar 'n verskil is tussen die Afrikaans dáár en elders nie. Daar is verskillende faktore wat daartoe meegewerk het dat die Afrikaans en veral die uitspraak van woorde in daardie kontrei, veral in sekere dele, baie verander het; en ons praat nou, met sommige uitsonderinge, omtrent eenders. Maar toe ek daar skoolgegaan het, was dit heeltemal anders. Ek het my op die dag van my aankoms soms verwonder as ek 'n seun van die "Boland" hoor praat. Ek het net gou die woord **hiesa** vir **hierso** gehoor. In sommige dele het die mense gesê: **Daagh kom 'n kagh aan, hy't twee vie in**, vir: **Daar kom 'n kar aan, hy het twee vee (trekdiere) in**.

Een van ons klasonderwysers gedurende my paar skooljare daar was 'n jong man met 'n doktorsgraad in Chemie. Hy het na die verwerwing van sy graad in Duitsland eers 'n rukkie skoolgehou. Hy was 'n Afrikaner in murg en been en was ook 'n sterk voorstander van Afrikaans. Ons onderwyser het ons dit op die hart gedruk dat ons moet sorg dat ons leestekens korrek is wanneer ons skrywe; 'n mooi brief of 'n goeie artikel verloor baie van sy waarde — daar kan selfs onsin in voorkom — as die leestekens nie in orde is nie. Hieronder volg 'n paar; die eerste foutief en die tweede korrek:

- (a) De boeren in het Noorderland
Hebben tien vingers aan elke hand;
Vijf en twintig aan handen en voeten.
Raad eens hoe we dit lezen moeten.
- (b) De boeren in het Noorderland
Hebben tien vingers — aan elke hand
vyf; en twintig aan handen en voeten.
Raad eens hoe we dit lezen moeten.

Die doktor was 'n man met 'n vriendelike hart, en hy was 'n goeie onderwyser — die eksamenuitslae van die seuns in sy vakke het dit duidelik getoon. Ongelukkig was sy dissipline in die klas egter hopeloos, en 'n paar ondeunde seuns, Basie Cilliers en Fanie Grundeling, het hom naderhand in hulle sak gehad. Ons het gewoonlik lekker gewerk, maar so af en toe het hulle 'n gier gekry om een van hulle fratse uit te haal, en dan was daar met die hele klas geen huis te hou nie. Hoor en sien het soms vergaan, soos die volgende staaltjies sal aantoon: Dit is rustig in die klaskamer en ons is met ons volle aandag besig met ons werk. Ineens skrik ons almal op soos mense wat vas aan die slaap was. Wat? Is ons dan nou in droomland! Ons besin eers goed. O, nee, ons is almal helder wakker en sien, tot ons groot verbasing, dat ons hele klaskamer vol voëltjies is wat oral rondvlieg en fladder; en jy hoor net stampgeluide soos die arme diertjies teen die ruite van vensters, wat almal behoorlik gesluit was, vasheg. Die pretmakers het hulle doel bereik, want almal, onderwyser en leerlinge, is in die begin een en al net vol verwondering, wat naderhand oorgaan in lagbuie. Almal sit met betraande oë en

skaterlag soos hulle dit op hulle senuwees het. Die twee ondeunde knape sit natuurlik kastig ewe hard saam en lag — hulle lag egter hartlik in hulle vuisies van skone plesier oor die groot welslae met hulle onderneming! (Dit was seker vir die twee 'n groot taak om al die voëltjies in die hande te kry; maar hulle het die diertjies sorgvuldig in die bēreplekke van hulle skoolbanke agter boeke gevange gehou om die versperrings op 'n moment te verwyder en almal gelyktydig te laat ontsnap.) Net soos die vorige keer is alles weer rustig in ons klaskamer, want die hele klas is druk besig met skryfwerk. Ons onderwyser gaan stil van skoolbank tot skoolbank om te sien hoe die seuns vorder. Onverwags hoor ons die geraas van 'n leë blik in ons klaskamer. Almal kyk op; ja, 'n leë gellingparaffienblik word soos 'n voetbal na alle kante heen en weer oor ons koppe gepasseer. Dis 'n hele konsternasie! Om die kroon te span: Meneer sien wat aangaan; hy probeer dadelik om die blik in die hande te kry en wanneer dit oor hom gepasseer word, spring hy en gryp hy om die "bal" te probeer onderskep. Maar dis 'n vergeefse poging en dit lyk so komieklik dat almal uitbars van die lag! Die speletjie loop egter spoedig dood, en ons kan weer met ons werk aangaan.

Die leerlinge het ontsag vir mnr. Lê Roux, die hoof, en waar hy is, is almal doodstil en op aandag. Ons klaskamer vorm 'n deel van ons skoolsaal, met 'n houtafskorting wat maklik kan verskuif, tussen die twee lokale. Mnr. Lê Roux het gesorg vir twee ruite op die regte hoogte in die afskorting; hy het soms in die aangrensende kamer klas gegee, en by elke gerasie deur een van die ruite geloer. Dit was 'n goeie plan, en dit het darem gehelp. Die twee platjies het egter so nou en dan nog 'n kansie gekry vir een van hulle kaskenades. Maar Meneer was naderhand baie moeg vir die ding — sy geduld het breekpunt bereik en die twee karnallies het op 'n goeie dag hulle rieme behoorlik styfgeloop. Na speletyd kom ons almal weer in en neem ons sitplekke in. Die twee platjies is ook terug en hulle is op hulle plekke, maar hulle sit nie — hulle staan daar agter teen die muur soos twee houtapostels met gevoude arms en vroom gesigte so oor die klas na vore en kyk. "En waarom sit julle twee nie?" vra Meneer. "Meneer, ons het hier niks om op te sit nie", is die antwoord van die twee "jakkalse". "Nou waar is julle bank dan?" vra Meneer verder. "Ons weet nie, Meneer," antwoord hulle met strak gesigte. "Nou, gaan soek hom", sê Meneer. Hulle is reguit na die klavier, wat skuins agter Meneer, dwars in 'n hoek van die lokaal, staan, en daar staan die twee rakkers, die een links en die ander regs, agter die klavier en inloer en maak mekaar dan kastig skrik. Die klas sien wat aangaan; hulle aandag is by die twee lasposte, en hulle sit en lag. Meneer merk dat die klas geamuseerd daarheen kyk. Hy kyk om en vra vir hulle: "Waar is julle bank?" "Hier agter die klavier, Meneer", antwoord hulle. "Neem hom en bring hom na julle plek toe", sê Meneer en gaan weer met sy werk aan. Die aandag van die klas is egter nog by die twee, en almal is vol lag, want 'n mens sal sê dis 'n groot gewig soos 'n swaar baal wol soos hulle beur om die bankie op te tel. Ons onderwyser kyk ook om en sien wat aangaan. Dit was toe egter die end van sy geduld, wat totaal op was, en hy gryp die twee die een na die ander aan die kraag en boender hulle met geweld uit die klaskamer na buite. Sy toorn was billik ontstoke en sy gesig was bleek. Hy moes 'n rukkiewag om eers tot bedaring te kom voordat hy weer kon begin. Die twee het 'n les — miskien vir hulle hele lewe — geleer (die diep vernedering was die duur prys wat hulle daarvoor betaal

het).

'n Mens word dadelik getref deur die natuurskoon van die Paarl en sy omgewing. Daar is pragtige natuurtonele. Paarlberg is bekend vir sy drie groot granietrotse, en hulle is **groot**: Paarlrots troon bokant die dorp bo teen die berg uit. Ek vermoed dat hy, as die son na 'n reën bui op hom skyn, in die verte pragtig blink en dat hy sy naam só gekry het. Die dorp en die berg het weer albei hulle name aan die rotse ontleen. **Gordon- en Brittania-rots** is bo-op die berg en nie van die dorp af sigbaar nie. Dit is ook gróót-gróót rotse. Kort na my aankoms in die Paarl het skoolseuns my vertel dat Gordonrots vernoem is na 'n seun met die naam Gordon, wat daar verongeluk het. Die seun, het hulle my meegedeel, was saam met sy ouers vir 'n uitstappie op die berg, en hulle het later bo-op die rots 'n waatlemoen geëet; pitte het daar rondgelê; die seun het

daarlangs geloop, gegly en in die skeur ingestort. Met hulp wat hulle gekry het, is naderhand daarin geslaag om die seun met 'n lang tou tot byna bo te trek. Hy het egter weer losgeraak en toe so vasgeval dat daar hoegenaamd niks meer vir hom gedoen kon word nie. Uit jammerte vir sy liewe kind, so lui die verhaal, moes sy vader toe maar 'n geweer neem en hom daar onder in die skeur doodskiet. Ek en ander het dit toe geglo. Dit is egter duidelik dat dit maar 'n legende is.

Deur die pragtige plantegroei was die bekoring om op die berg te klim vir die seuns van ons koshuise besonder sterk. Daar is van die mooiste veldblomme; en wat 'n mens se aandag somer trek, is die proteas en die silwerblare. Sommige van ons het ook dikwels 'n ent teen die berg opgeklim en daar lekker gaan sit en leer. Op 'n namiddag het ek met 'n boek so 'n klein entjie bokant die voet van die berg bo-op 'n plat bos gaan sit en leer. Dit was nogal lekker, want die sterk bos het hom maklik daartoe geleen. Ek was spoedig verdiep in die les, en toe ek weer opkyk, sien ek 'n klomp dogters, mooi in gelid nader kom. Ek wis somer dit is die meisies van die Girls' High. Toe hulle naby my is, kies hulle elkeen maar koers sonder om ver uitmekaar te gaan. Een van hulle peil reguit na die bos toe waarop ek sit. Sy kom tot taamlik naby, gaan staan en sê hoorbaar vir die hele klomp: "My, kyk net watter pragtige japonika!" Ek was verleë en kon in die aarde wegsink van skaamte. Die dogter het dit seker gemerk en toe maar gou weer teruggedraai om haar by haar maats te gaan aansluit.

Die Paarl is druiwewêreld. Die pragtige wingerde was 'n lus vir my oë; 'n mens kon somer sien, hier is welvarende boere. Ek was voorheen gewoon aan priële, en hier het ek die eerste keer die groot lappe wingerdstokke gesien. 'n Paar van die boere het die seuns van ons koshuise 'n paar keer uitgenooi om te kom druiwe eet, en die hanepoot het gesmáák!

Twee horeen

Dis die titel van 'n pragtige gedig van die Vlaamse digter, Guido Gezelle, wat ek uit die boek: Proeve van inleiding tot de Nederlandse letterkunde, deur prof. J. Kamp, hier onder aanhaal (om die lees te vergemaklik, word die betekenis van moeilike woorde, wat prof. Kamp onderaan gee, en van nog 'n paar daarby, tussen hakies agter die betrokke woorde genoem):

*Ze stappen hun bellen al klinken (klinkend)
de vrome (kloeke) twee horeen tegaar,
ze zwoegen, ze zweten; en blinken
doet 't blonde gelijm (geblink) van hun haar.*

*Ze stappen, ze stenen, ze stijven
de stringen; en 't ronde gareel (tuig),
het spant op hun spannende lijven:
de voerman beweegt ze aan een zeel (riem).*

*De wagen komt achter. De rossen,
gelaten (tevreden) in 't lastig geluid
der schokkende, bokkende bossen (stotende naven),
gaan, stille en gestadig, vooruit.*

*Geen sweep en behoort er te zinken
geen snoer genaakt er één haar;
Ze stappen hun bellen al klinken(d)
de vrome twee horeen tegaar.*

En nou iets oor: Twee mooi karperde. Dit was 'n paar perde van mnr. F.J. Retief — bruines, vet en rond. Pragtige diere! Ek het hulle by hom in die stal aan die krip sien staan. Hulle het rustig voer gestaan en vreet. Hulle was toe ook mooi. Elkeen van hulle het 'n dik spier, soos 'n kam, op die nek gehad en dit het eenkant toe oorgehang. Ek sien hulle toe kort daarna weer. Hulle was in die tuig voor 'n landau en het in die straat by my verby gedraf. Ek het gekyk, en dit was of my oë nie versadig kon word nie. Dit

was twee gespieerde diere met geboë nekke en ronde kamme op hulle nekke. Hulle het netjies gedraf, die twee spogperde. 'n Peits het regs voor in die houertjie gepryk. Maar die koetsier het dit nooit nodig gekry nie. Net 'n woordjie, of so effens aan 'n leisel pluk, was genoeg.

Predikante

Ek het in die twee jaar die voorreg gehad om verskillende N.G. predikante te hoor preek. Dis bekend dat die Gereformeerde Kerk in daardie jare nog nie in die Paarl gestig was nie; trouens, daar was in die hele Boland toe nog nie 'n enkele Gereformeerde Kerk nie. Ek het dus gereeld saam met my koshuismaats kerk toe gegaan. Die hoërskoolkoshuise het in daardie jare onder die ressort van die N.G. Kerk Suider-Paarl geval, en die kerkgebou waarheen ons gereeld gegaan het, is 'n historiese gebou. Die hoeksteen is in 1817 gelê, en dit is vandag die oudste kerkgebou in ons land wat nog in gebruik is — 'n deftige gebou met 'n strooidak. Dis 'n mooi gebou met galerye. Ek wil liever nie skat hoeveel sitplekke daarin is nie, maar hy is ruim. Die kerkplein is ook 'n kerkhof, want daar is verskillende grafte van afgestorwenes wat in vroeër jare daar begrawe is.

Daar was in daardie jare nog Kleurlinge wat lidmate van die gemeente was. Hulle was egter gering in getal. Hulle het op banke agter in die kerk gesit. Later is dit verander en hulle behoort nou aan die Kerk vir Kleurlinge.

Met my aankoms daar was ds. Moorrees predikant van die gemeente Suider-Paarl. Ongeveer 'n jaar later het hy egter professor in die Teologie aan die Kweekskool Stellenbosch geword en is opgevolg deur ds. P.G.J. Meiring. Albei was begaafde manne en ernstig gesinde diensknegte van die Here. Dit was altyd vir my 'n voorreg om in die historiese gebou onder hulle prediking te sit. Die gemeente het ook mooi na die boodskappe van hulle leraars geluister. Ds. Meiring het later, 'n tyd ná my vertrek, redakteur van Die Kerkbode geword. Ek het mooi artikels van hom in hierdie kerkorgaan gelees.

Die Gemeente Noorder-Paarl het in die tyd toe ek in Paarl skoolgegaan het, vir hulle 'n nuwe kerk gebou. Kort ná die ingebruikneming is ek een aand daarheen om die diens by te woon; en die plaaslike predikant, 'n bejaarde man, het die erediens waargeneem. Sy tekswoorde was 'n gedeelte van Jes. 66:1 en ek onthou die woorde nog soos hy hulle in Nederlands aan ons voorgelees het. Hulle lui so: "Waar zou dat huis zijn, dat gijlieden Mij zoudt bouwen, en waar is de plaats mijner rust?" Dis duidelik dat dit 'n mooi keuse was ná die ingebruikneming van die nuwe kerkgebou. Die gemeente het ook mooi met aandag na die preek gesit en luister. Die predikant was ds. Joubert.

Gedurende daardie studiejare het die Paarl 'n besoeker uit die buiteland gekry. Dit was dr. John R. Mott (in 1865 te New York gebore), 'n man wat hom besonder veel vir die sending beywer het; hy was onder meer voorsitter van die Amerikaanse Studentesendingvereniging en van die Internasionale Sendingraad. Ook was hy 'n wêreldreisiger wat verskillende lande besoek het om opwekkingsdienste te hou. In die Paarl het die leerlinge van ons koshuise ook sy dienste bygewoon. Hy was 'n man wat mooi vlot kon praat en ook met veel besieling opgetree het. 'n Uitdrukking wat hy een aand by herhaling in sy toespraak gebesig het, is: "Your sin will find you out!"

Hy het elke aand ná sy toespraak persone wat van mening was dat hulle tydens die samekoms van die aand tot bekering gekom het, en ook ander belangstellendes, versoek om agter te bly. Ek het nie daarvan gehou nie en ook nooit agtergebly nie. Al kan jy jou op suiwer Bybelse standpunt miskien nie in alles met die godsdienstige opvattinge van dr. Mott vereenselwig nie — ek glo dat hy sterk Metodisties van oortuiging was — kan 'n mens met dankbaarheid verklaar dat hy 'n man was wat hom met veel liefde vir die saak van ons Koning beywer het. Sy wêreldreise en al sy onvermoeide arbeid was groot opofferinge in die diens van die koninkryk van God. Ons kan beslis van hom leer, en die les is: liefde, ywer en toegewyde arbeid in die diens van die Here.

Ons Taalmonument

Ek het dikwels in my paar skooljare in die Paarl teen en bo-op die berg rondgewandel, die skoonheid bewonder en geniet. Ek het seker ook toekomsdrome gehad, maar nooit het daar iets soos ons toekomstige Taalmonument voor my gees opgedoem nie. En nou staan hy daar as teken van ons diepe dankbaarheid vir die ontstaan van ons moedertaal in ons Vaderland, vir sy wonderlike groei, vir die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners en vir wat die stigters gedoen het om die groei te help bevorder; eindelijk, vir wat ons moedertaal vandag is en vir die plek wat hy in die lewe inneem. Saam met alle ware Afrikaners bring ek hulde aan almal wat gearbei het of op 'n ander manier daartoe bygedra het dat die Taalmonument daar op die berg staan. Dis ook die regte plek, want hier in die Paarl het die stoere manne van die Genootskap van Regte Afrikaners gewoon en gewerk. Soli Deo gloria!

Hoofstuk 3: Studentejare

Alhoewel ek die aangename voorreg gehad het om in 'n paar plaas- en ook dorpskole onderrig te ontvang, moes ek tot 1908 wag om in die kraal waar ek tuis sou voel, te kom. Die skole was Goewermentskole met Engels as voertaal. My kraal waar ek die regte warmte en beskerming geniet het, was die Teologiese Skool op Potchefstroom. Merkwaardig genoeg is ek nie in 1908 daar ingeskryf vir my teologiese opleiding nie, maar vir matriek! Die teologiese opleiding, wat tot my kandidaatseksamen sou lei, het 3 jaar daarna gevolg.

Die Literariese Departement

Wat in verband hiermee vreemd voorkom, word egter vir ons helderder as ons let op die besluit van die Algemene Sinode van 1869 te Burgersdorp in verband met die oprigting van die Teologiese Skool. Die vergadering het besluit om die skool op te rig, maar só dat die inrigting 'n tweeledige doel sou dien: Dit moes 'n teologiese afdeling hê vir die opleiding van bedienaars van die Goddelike Woord, maar daarby ook 'n literariese afdeling vir ander beroepe, want alleen "in U lig sien ons die lig" moes die jeug opgevoed en opgelei word. Dat die Literariese Departement by die Teologiese Skool ingelyf is, was ook maar net 'n tydelike maatreël. Die ou vaders was manne van geloof, hoop en moed, en hulle moes roei met die rieme wat hulle kon kry; maar hulle het 'n toekomsvisie gehad: Hulle het gedroom van 'n "Hooge School", kortom, van 'n universiteit. En hulle hoop het nie beskaam nie, want die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is metterdaad uit die Literariese Departement gebore. Dat Matriek en Skool Hoër, wat eintlik in 'n hoërskool tuis hoort, ook by die Letterkundige Afdeling ingesluit is, was ook maar 'n tydelike maatreël.

My aankoms was 'n wonderlike ondervinding om nooit te vergeet nie. Toe ek in Molenstraat by die klein hekkie naby die rektorswoning en die Teologiese Skool van die keb afklim en my met my koffers omdraai, sien ek meteens 'n eerbiedwaardige, gryse ou vader, met 'n kalotjie as hoofbedekking, op pad na my toe. Ek kon merk dat hy haastig is. Dit was die Rektor, prof. Cachet. Hy het bekommerd gelyk. Toe hy my groet en verneem wie ek is, het hy onmiddellik begin om verskoning te vra oor 'n versuim. Ek het my koffers maar op die grond neergesit, omdat die ou vader 'n hele rukkie halfmane heen en weer om my geloop en beduie het hoe spyt hy is dat hy nie vir my 'n spoorwegkonsessiesertifikaat aangestuur het nie, aangesien hy die brief daarvoor ongelukkig verlê het. Ek het klein gevoel en het uit beleefdheid op my staanplek heen en weer na die ou vader se kant toe gedraai. Só het ons prof. Cachet ook later leer ken. As daar 'n ietsie by die Skool verkeerd geloop het — soms maar gering — het dit hom sommer ongelukkig laat voel.

Die geboue, my toekomstige "kraal", het 'n rytjie daar gestaan, van noord na suid, en so staan hulle vandag nog daar: Die rektorswoning, die Teologiese Skool en die koshuis. Oom Piet en tant Maria van der Walt was ons huisouers en al die inwoners was soos 'n groot gesin. Ons het almal mekaar goed geken. Elke aand is gereeld huisgodsdienst gehou. Die gees in die huis was Christelik, en ons het aangenaam saamgewoon. Nou en dan was daar darem 'n skaafplekkie en 'n bietjie onvergenoegdheid. So het sommige van die jongspan, leerlinge van die voorbereidende skool (standards 6 en 7) — en hulle was die meerderheid — op 'n keer te min aandag aan die voorbereiding van hulle lesse gegee, en toe is besluit dat die kamerdeure gedurende studietyd in die aand — en dit was winter — oop moes staan. Oom Piet moes dan af en toe die rondte doen om in die kamers te loer wat aangaan. Een van die seuns het 'n "digterlike" bevlieging gekry, en die volgende rympie is toe in die kamers rondgestuur:

*Die deure oop, die deure oop!
Oom Piet moet in die gang langs loop.*

Golie, afgekort van Goliath, en ek was sommer uit die staanspoor lekker kamermaats — Bêrend de Klerk en ek. 'n Mens tel by 'n skool maklik 'n bynaam op. Sulke byname is

dikwels tiperend van die draers daarvan. En skoolseuns kan soms maar wreed wees met hulle naamgewing, want die naam is soms 'n lelike stigma. My kamermaat en ek het dit egter nie ongelukkig getref nie. Hy het die naam Goliath gekry, vanweë sy groot gestalte. My naam is Dawid; en toe was dit sommers vanselfsprekend. Ons is Goliath en Dawid, twee boesemvriende.

Ek dink nog met aangename herinneringe aan my kamermaat. Hy was eerlik en opreg, vriendelik en blymoedig. Hy kon soms kwaad word, maar hy was vergewensgesind en vredeliewend. As hy vrede gemaak het, kon 'n mens sommers aan hom sien daar is nou nie meer die geringste grief wat hy in sy hart verberg nie. In ons voetbalspan was hy 'n staatsmakervoorerspeler, 'n harde werker op die veld. Ons was later lank buurpredikante — hy van Swarttruggens en ek van Koster en later van Rustenburg. Ds. B.J. de Klerk is in 1959 te Pietermaritzburg oorlede, waar hy ná sy emeritering tydelik gearbei het.

Ek word een nag gewek deur sagte voetstappe en 'n gefluister van mense in die gang. Ek luister mooi, en na 'n rukkie is daar skielik 'n gedempte gespoek en gespartel. Die volgende môre moes ek verneem dit was **tone trek**. Dit was leerlinge van die Voorbereidende Skool se streke, en nuwelinge moes deurloop. Die rusverstoorders het saggies in die kamers ingegaan en 'n groottoon van hulle slagoffer behendig met 'n sterk lyn vasgebind. Dan was hy so vas soos 'n vis aan 'n hoeklyn; om te spartel was tevergeefs; dit was net om baie seer te kry. Maar dit was nog maar die begin. Die volgende stadium was om die arme kêrel met die lyn deur 'n skrefie teen die deur vas te trek, en dan was hy daar so vas soos 'n prooi in 'n slagyster. Al plan was: uithou — en miskien mooi soebat — totdat die pretmakers van opinie is: "Dis nou darem genoeg; ons het hom behoorlik ontgroen". Maar hiermee was die inlywing nie officieel afgehandel nie. Dit was maar 'n "onderonsie" van 'n paar leerlinge wat 'n bietjie werk vir hulle hande gesoek het. Die ontgroening het nog voor gelê. Nuwelinge moes behoorlik "geborsel" word. Daar was soms maar die **"turksvydorings"** wat eers moes afgeskuur word om hulle mooi in die gemeenskap te laat inpas. Die bestemde tyd op die bepaalde dag het aangebreek, en almal is bymekaar. Daar heers erns en stilte, want die nuwelinge moet ingesuur word. Wat die erns verhoog, is die deftige houding van die praetor. Die nuweling word op 'n plek waar die groentjies saam wag, deur 'n paar sterk seuns aan sy arms en bene geneem. Hulle laat hom tussen hulle hang en dra hom tot voor die praetor tussen die belangstellendes in. Die nuweling se kop word eers deeglik met gouestroop ingesmeer, waarna 'n lampetbeker vol water, so groot as hy is, oor hom uitgegiet word. Hiermee is die hele seremonie afgehandel, en hy kan sy sê sê waar dit nodig en van pas is — hy is 'n volwaardige student of leerling en is behoorlik in die gemeenskap opgeneem.

Die professore

Prof. F. Postma se vakke was Latyn, Grieks, Engels en Wysbegeerte. Hy was 'n ware hoogleraar en 'n man met 'n streng dissipline, waaragter 'n vriendelike hart soms so weggeskuil het dat ons vir hom maar skrikkerig was. Toe ek hom leer ken het, het hy gewoonlik met 'n manel en 'n keil skool toe gekom om klas te gee. Die Swartes het hom 'n bynaam gegee met die betekenis: "moenie met my praat nie".

By prof. A.P.C. Duvenage was ek net een jaar in die klas, naamlik in matriek. Sy vakke was Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Natuurkunde. Hy was 'n man met 'n vriendelike hart, en dit was aangenaam in sy klas. Hy het vir sy werk gelewe, en sy hele voorkoms en sy woorde het daarvan getuig, veral wanneer hy met 'n stukkies kryt voor 'n swartbord moes staan om te skrywe en dan weer te verduidelik. Sy hele gesig het dikwels met die omkyk na die klas gestraal by die nodige verduidelikings wat hy moes gee. Hy het baie gedoen om die seuns te help met spanne — die "Theos", soos hulle ons genoem het — behoorlik vir wedstryde af te rig. Ook finansieel het hy veel vir ons gedoen.

Prof. J. Kamp was, toe ek op Potchefstroom kom, 'n dosent aan die skool, maar hy is kort daarna bevorder tot professor. Hy was egter van die begin af 'n ware leermeester, en dit was hy in die tyd dat ek die aangename voorreg gehad het om saam met my

klasmaats aan sy voete te sit. Sy vakke was Nederlands, Duits en Geskiedenis, en dit was in al die vakke 'n lus om na hom te sit en luister; maar hy het veral as letterkundige uitgemunt. Hy was 'n fynproewer en ook 'n bekwame kritikus, en dit was 'n genot om sy twee geskrifte, "Inleiding tot de Nederlandse letterkunde" en "De nieuwe Richting in de Nederlandse letterkunde", te lees.

Hy was ook 'n aanhanger van die sogenaamde kuhnekuur en het nie aan gewone geneesmiddels geglo nie. Hy het baie waarde geheg aan stoom-, son- en kouewatersitbaai vir sy gesondheid; verder klei- en kouewaterkompresse. Sy maaltye was groentes, vrugte, neute en volkoringbrood. Hy het geen vleis geëet nie. Een aand het die Nederlandse Verbond die professor gehuldig. Dit was in 'n hotelsaal in die dorp. Daar was mooi toesprake, wat seker die professor se hart goed gedoen het. Op 'n tydstip het hulle in die saal 'n tafeltjie neergesit met 'n stoel daarby — nie om op te sit nie — maar vir prof. Kamp om op die tafel te klim en daarop te staan. Onder staan 'n jong man met 'n snaarinstrument as sy begeleiding. Hy speel en sing:

*Vegetariërs zijn mensen
Die mensen anders wesen.
ze zijn bang voor dode koeien,
omdat ze niet meer kunnen loeien,
ens.*

Al die gaste, en veral ook prof. Kamp, het die mooi geestigheid geniet.

Vir professor J. Lion Cachet het ons "Ou Seur" genoem. Toe ek met teologie begin het (1911), het hy net deelyds klas gegee. Die ou vader was 'n veel belese man met baie algemene kennis en lewenswysheid. Hy was ook 'n goeie skrywer. Hiervan getuig veral sy boek, **Sewe duiwels en wat hulle gedoen het**. Sy groot skat van kennis was die rykdom vir sy studente, maar vir 'n vreemdeling was sy uitspraak moeilik om te volg. Hy kon goed preek en het met veel seën en vrug in ons gemeentes voorgedaan. Die lidmate het geluister!

Prof. dr. J.D. du Toit (Totius)

Ons was dankbaar toe hy ons professor word. 'n Viertal van ons was sy eerste studente, naamlik J.V. Coetzee, J.H. Boneschans, J.C. van der Walt en ek. Dit was in 1911. Ons vier het toe ook net met ons studie in die Teologie begin. Ons het hom nooit anders as **Doktertjie** genoem nie. Dit was omdat ons so veel van hom gehou het. Ons het ook 'n hoë agting en liefde vir ons professor gehad. Dit was omdat die Here hom met sulke uitnemende eienskappe geseën het. Sy prediking was voortreflik. Dit was vir ons altyd 'n voorreg om na hom te luister. Ons het in die tyd voordat hy tot professor bevorder is, gereeld onder sy prediking gekom. Hy het die gawe gehad om sy gehoor van begin tot end te boei. Dit was só maklik om sonder inspanning na hom te luister. Hy kon die Skrif so mooi oopmaak, en sy taal was so duidelik en verstaanbaar dat 'n kind hom kon volg. Dit was vir ons ook altyd 'n heerlike ervaring om in sy klasse te sit, omdat hy die kuns verstaan het om alles so helder vir ons te verduidelik. Dit was 'n vanselfsprekendheid deur sy aangename persoonlikheid en die vriendelike en beleefde manier waarop hy teenoor ons opgetree het.

Dit was vir ons vier 'n voorreg om ook prof. dr. S.O. Los as leermeester te hê. Dit was egter ongelukkig net vir my laaste jaar, want hy het pas in 1914 diens aanvaar. Hy was 'n Nederlander wat gewild was onder ons Afrikaners. Hy was 'n bekwame prediker wat die Woord van God met liefde en oortuiging verkondig het. Ons mense kon hom ook goed volg, want hy het die evangelie in alle eenvoud gebring. Die preke was leersaam, vermanend en vertroostend. Dit was vir ons vier ook aangenaam om by hom in die klas te sit en na hom te luister. Hy was konsensieus en pligsgetrou, en sy werk het getuig van goeie voorbereiding. Dr. Los was egter nie lank professor te Potchefstroom nie, want hy is in 1920 na Nederland vir 'n studie wat hy wou gaan onderneem.

Mnr. H.J.J. van der Walt was ook aan die Teologiese Skool verbonde. Hy was 'n dosent

en het in daardie jare Engels vir B.A.-klasse gegee.

Ons het twee verenigings gehad, naamlik die **Seniores Letterkundige Vereniging** en die **Gereformeerde Studenten Corps Veritas Vincet**.

Ons het soms probeer om verse te skrywe. Dit was om te sien watter talente daar is en ook om die seuns aan te spoor om hulle talente goed te ontwikkel. Ek siteer hieronder enkele reëls uit die verse wat een aand daar voorgedra is:

(i) *Alvorens ik mijn rijm begon,
Dacht ik aan Tyrus en Sidon.*

(ii) Die refrein van 'n gedig:
*Ja heren, 't is alte waar,
Heb je geld, dan bent je klaar.*

(iii) Ek onthou ongelukkig net een reël van 'n gedig oor 'n trein:
Zwaai niet zo wild uw woeste staart

Die Gereformeerde Studentekorps Veritas

Vincet (Die waarheid sal oorwin) se lesings moes vanselfsprekend van hoogstaande gehalte wees, en dit was vir jongmense soms 'n geweldige inspanning om aan die vereistes te voldoen wanneer hulle lesings moes lewer. Ons het soms van ons professore gevra om 'n lesing te lewer en die was altyd puik. Tydens kuratorevergaderinge — dit was een maal per jaar — het ons gereeld van die voorreg gebruik gemaak om 'n vergadering te hou met die kuratore as gaste in ons midde. Daar was dan gewoonlik vrugbare besprekings.

Die **Converzatione** is die naam van ons jaarlikse geselligheid; en dit was vir ons 'n groot gebeurtenis! Dink net watter vreugde dit vir studente was om die een keer per jaar uit hulle hokkies uit te kruip en soos splinternuwe manne in hulle mooiste pakke met hulle dames, wat vroegtydig genooi is, by die fees tussen die vele gaste en eregaste aan te kom en fees te vier! Dit was in daardie dae vir jou 'n besondere gebeurtenis wat jy nooit sou vergeet nie! Onder die eregaste was ook die professore met hul gades! Dit was ons fees by uitnemendheid, en moenie glo ons sou toelaat dat daar die aand deur laksheid van ons kant iets sou haper nie. Alles moes puik wees! Daar was een aand egter 'n baie groot moeilikheid. Die gaste het die verversings geniet, en dit sou 'n groot skande wees as ons nie meer koek het om aan te bied nie. Ons gaan kyk toe na die voorraad wat daar nog was, en toe gryp ons sommer twee fietse van studente wat ons die eerste kon kry, en ons jaag; J.V. (later ds.) Coetzee en ek. Hy ry voor, want sy fiets het 'n lig, en ek, sonder lig, agter hom aan. En dis ver met die hoofstraat die dorp in na die kafee toe. Maar dit gaan besonder goed. Ons is ook gou by die kafee en onmiddellik op die terugreis, elkeen met 'n kassie koek onder die arm. Daar is egter skielik 'n groot teleurstelling! 'n Fluit blaas, en ek weet sommer vir wie dit is. Ek moet skielik stilhou, afklim en my maar gevange gee. Maar dis darem nie lekker op 'n aand soos hierdie nie, en moedeloos hou ek stil. Die geregsdienaar het na my fietslisensie gekyk, my naam en adres opgeskryf en gesê ek kon maar gaan. Ek stap 'n entjie en sluit by my maat aan. Ons stoot ons fietse tot buitekant die dorp en toe ry ons. Ons voel gelukkig wanneer ons die koek aflewer. Ons vergeet gou wat verby is, en geniet die aand verder saam met al die ander. 'n Paar dae gaan verby, en dan ontvang ek 'n dagvaarding van die magistraat (landdros). Dit was egter nie vir my 'n skok nie, want ek het hom verwag. Maar wag — laat ek liever maar lees. Ek skrik, want die aanklag teen my is tweeledig: **Eerstens — dat ek in die donker met 'n fiets sonder lig in die straat gery het en tweedens, dat ek weggejaag het.** Die eerste aanklag het ek stellig verwag, maar dit was vir my 'n onaangename ontnugtering toe ek die tweede lees. Ons klas by Doktortjie was nog aan die gang toe ek moes vertrek om voor die hof te gaan verskyn. Ek kon merk dat my geagte professor my baie jammer kry. Ek is egter vol moed, want ek het 'n mooi toespraak agtermekaar wat ek in die hof vir my verdediging wil gaan lewer. Die hof begin, ek is op my plek en die konstabel staan in die bank ("box"). Die magistraat is Engelssprekend, en hy beduie vir die tolk om vir my te sê ek moet begin. Ek is ook gou

op my voete en val ewe vrymoedig in met 'n pleidootjie vir my verdediging. Die tolk ontvang egter spoedig van die magistraat die opdrag om aan my te verduidelik dat ek nie 'n pleidooi moet lewer nie maar dat ek my vrae aan die konstabel moet stel; en dit is maklik om die puntjies wat ek vir my verdediging uitgedink het, in vrae om te sit: Hier volg 'n paar daarvan:

(a) "Dink jy jy sou my van agter af ingehaal en gevang het as ek weggejaag het?" (b) "Ek het ewe mooi en fatsoenlik afgeklim met die kassie koek onder my arm. Dink jy dit sou so fatsoenlik gegaan het as ek weggejaag het en jy my van agter aan die fiets moes gryp? Sou ek nie met koek en al op die grond te lande gekom het nie?" Meer ander vrae het gevolg, maar oor die aanklag **sonder lig** is nie 'n enkele woord gerep nie. Die verkeersman was seker taamlik in 'n hoekie, en die uitspraak van die landdros was: **"I'll fine you a shilling in each case"**. Toe ek naby die landdros verby stap om die boete te gaan betaal, sê hy vir my: "You have missed your job" — hy wis dat ek vir predikant studeer. Ek was maar dankbaar dat die saak agter die rug was en het blymoedig teruggereis.

Ons was in daardie jare 'n koninkrykie of republiekie. En, alhoewel daar in ons vergaderings en ook buite in ons omgang met mekaar met vrymoedigheid oor meningsverskille gedebatteer is, het daar tog eensgesindheid onder ons geheers, want ons het almal die Calvinisties Christelik-nasionale lewens- en wêreldsbeskouing gehuldig; en die wat dit nie geken het nie, het gekom om dit daar te kom leer. Die praetor was ons eerste minister en die besture van verenigings was ons ander leiers. Ons studentebld, **Fac et Spera**, was ons spreekbuis. Mooi en aktuele artikels oor verskillende onderwerpe het daarin verskyn, en studentehumor het nie ontbreek nie. Die blad was vir ons baie werd. Redakteurs en ook ander het die gulde geleentheid gehad om hulle skrywerstalent te ontwikkel en, les, bes: ons kon ons stem in eie kring en ook na buite laat hoor — na buite deur middel van ruilnommers, selfs tot in die buiteland.

Halley se komeet het in die tyd plaasgevind en dit was 'n interessante ondervinding. Ons was 'n stuk of ses studente wat ons slaapkamers in Concordia, 'n anneks van die koshuis, gehad het — 'n huisie waarin ons baie gelukkig was, maar die meeste van die seuns het hom "Hoenderverdriet" genoem. Ons wou die komeet wat so 'n lang pad loop dat hy 75 jaar nodig het om die afstand af te lê, alte graag met ons eie oë aanskou wanneer hy sy verskyning aan die oosterkim maak. Elke oggend douvoordag is ons op en op die uitkyk. En een oggend, ja, daar is hy! Maar die stertjie is so klein dat 'n mens nooit sal sê dis 'n komeet nie, totdat hy naderhand as die komeet opkom en bo in die lug soos 'n lang, plat boog van die oosterkim af tot bokant ons verby te sien was.

Rebellie

Dit is Saterdagmiddag 24 Oktober 1914. Ons is op Soutpansdrif in die sinkkerkgebou van die gemeente Krokodilrivier. Sondag word die heilige nagmaal deur die konsulent, ds. D.P. du Plessis van Krugersdorp, bedien. Die gemeente is reeds in die kerk vir die voorbereidingsdiens. Die kerkraad is nog in die konsistorie — ook ek, wat as vierdejaarstudent uitgenooi was om met die eredienste te kom help. Die derde gelui gaan; 'n gebed word deur een van die ouderlinge gedoen vir die broeder wat die diens moet waarneem. Hierna gaan die konsistoriedeure oop en die kerkraad kom binne. Ek het die voorreg om op die kansel te klim om voor te gaan, terwyl ds. Du Plessis en die ander broeders hulle sitplekke op die kerkraadsbanke gaan inneem. Die opkoms is besonder goed, want die plein staan vol waens en tente en die kerk is volgepak. Ek volg ons gebruikelike liturgiese orde en kom naderhand by die preek. Ek het die preek volledig uitgeskrywe en bowendien ook nog goed gememoriseer. Die boek lê voor my oop en ek begin egter naderhand skielik onseker voel — ... die preek lui mos nie hierlangs soos ek hom onthou nie! Plotseling skiet dit my te binne dat ek my preekboekie nie op die regte plek oopgeslaan het nie. (Ek het die oorspronklike preek oorgeskrywe en die laaste gedeelte heeltemal verander. Ongelukkig begin altwee presies eenders op dieselfde kant van 'n blad, sodat ek dit glad nie agtergekom het dat ek die boek nie op die regte plek oopgeslaan het nie.) Dis vir my 'n skokkie. Ek het gelukkig nie die draad verloor nie.

Daar bly vir my nou niks anders oor nie as om sonder enige skrif voor my mooi moed te hou en deur te druk. Dit kos sweet, maar ek volhard tot die end toe. (Ek weet nie of iemand in die gehoor iets agtergekom het nie, maar ek maak ná die diens met geen enkele woord van my moeilike ondervinding gewag nie.) Na die diens is daar oral op die plein lidmate in klompies in gesprek bymekaar. Dit is egter oor iets heeltemal anders as die diens en die preek. Dit gaan oor 'n saak waaroor daar oral in ons vaderland druk gesprekke gevoer word en gevoelens soms hoog loop, naamlik die ekspedisie teen Suidwes-Afrika. Ook op die plein blyk dit dat ons mense onvergenoegd voel oor besluite en dade van ons regering. Hulle voel ontroerd.

Die Sondag word die heilige nagmaal gevier. Daar is 'n heilige erns onder die prediking en die bediening van die sakrament, en almal is dankbaar. Toe die kerk uitkom, sien 'n mens net broeders en susters wat hulle na hulle waens en tente haas om alles so gou moontlik op te breek, osse te laat haal, in te span en te vertrek; daar het 'n berig gekom, wat soos 'n veldbrand onder die gemeentelide versprei het, dat genl. Beyers op Krokodilpoort by die huis van oom Piet Roos is. Spoedig is die plein leeg. Almal is weg, sommige van die broeders om net eers huis toe te gaan en dan onmiddellik weer te vertrek en hulle by die generaal aan te sluit.

Nadat almal weg is, kom oom Rooi Jan du Plessis met my en ds. Du Plessis praat oor ons terugreis. Hy is onrustig dat hulle ons dalk kan arresteer as ons per trein reis. Hy sal liever vir elkeen van ons 'n perd kry; dan kan ons met die kommando saamreis — vir die vervoer van ons koffers kan gesorg word. As die kommando naby Potchefstroom kom, kan hy ons daarheen stuur. Ons antwoord hom nie en praat ook niks hieroor met mekaar as ons twee weer alleen is nie. Na 'n rukkie kom oom Jan egter weer by ons en deel ons mee dat hy nou anders dink. Hy sal ons more in die voormiddag na oom Martiens Ras, naby Britsstasie, stuur; dan kan ons Maandagmiddag met die trein teruggaan. Ons vind dit so goed, bring die voormiddag aangenaam by oom Martiens-hulle deur en stap sommer na ete die entjie stasie toe om net mooi betyds te wees vir die namiddagtrein van Rustenburg na Pretoria. Daar was op die stasie egter 'n lang oponthoud want ons ou treintjie van Rustenburg af word op die sylyn gestoot om pad te maak vir vyf treine met regeringstroepe (1 700 man met hulle perde) wat heen en weer beweeg en nie sover kom om almal verby te gaan sodat ons kan vertrek nie. Soms gaan net een by ons verby en kom dan maar weer terug. Soms is dit twee of meer wat dit doen. So hou hulle byna die hele nag aan tot lank na middernag. Hulle is natuurlik op hulle hoede, want genl. Beyers is maar êrens, nie ver weg nie. Dit is vir ons 'n aangename verrassing as ons eindelijk ons treintjie hoor fluit om te vertrek, en as dit net mooi lig is, kom ons op Pretoria aan. Kort na ons aankoms verneem ons dat ons passe moet kry voordat ons verder kon gaan. Ons twee is ook dadelik na die tydelike kantoor op die stasie. Ons gaan binne. Ds. Du Plessis is eerste aan die beurt vir 'n pas. Die vraag van die beampte aan hom: "Where do you come from?" Ds. Du Plessis antwoord: "From Brits". Sy volgende vraag: "Where are you going?" Die antwoord: "To Krugersdorp". Daar is geen beswaar nie, en byna oombliklik is die pas gereed en word ewe vriendelik aan hom oorhandig. Nou kom ek aan die beurt. Sy vraag aan my is: "And where do you come from?" My antwoord: "From Brits". Sy tweede vraag: "And where are you going?" My antwoord: "To Potchefstroom". Toe hy die woord '**Potchefstroom**' hoor, was dit vir hom soos 'n rooi doek vir 'n bul. Hy verander skielik van gedaante, word aggressief en vra driftig vir my: "And what did you do at Brits?" Op my antwoord: "I was there for church services", sê hy met 'n skerp stem: "You preached there?!" My antwoord: "Yes". Hy, met 'n snydende stem: "Preached for rebels!?" Ek soek nie skoor nie en staan doodstil met 'n beleefde houding. Hy val weer in: "I'm not going to give you a pass!!" Ek bly maar ewe beleef stilstaan. Na 'n rukkie val hy weer in: "I'll give you a pass, but I want your full address!" Ek gee hom my adres, ontvang my pas en ons verlaat die kantoor. Later vertrek ons trein, ds. Du Plessis klim op Krugersdorp af en ek op Potchefstroom.

Ongeveer 'n maand later skrywe ons vier klasmaats vir ons kandidaateksamen in die Teologie, en ons slaag al vier. Die Kuratorium stel ons beroepbaar. Ons is dankbaar en

bly — ons is proponente! My dankbaarheid veral was groot, want as oom Jan du Plessis volgehou het met sy plan om ons met die kommando saam te neem en ons het daartoe ingewillig — iets wat in die omstandighede nie uitgesluit was nie — dan sou ons sekerlik maar by die kommando moes gebly het, en dan was dit 'n uitgemaakte saak: Ons is **rebelle**. My dankbaarheid was groot dat oom Jan van plan verander het, dat ons veilig per trein kon reis en ek saam met my medestudente die voorreg kon hê om die kandidaatseksamen te skrywe. Aan die Here alleen hiervoor die eer!

Hoofstuk 4: 'n Volle jaar proponent

Ek het na my voorlopige proponenteksamen — dit was in Desember 1914 — gaan kuier in die distrik Steynsburg op Roosterfontein, die plaas van die ouers van my aanstaande. Daar kom toe 'n telegram van my vader dat my moeder ernstig siek is en dat ek dadelik moet kom. Toe ek op Steynsburg op die trein klim, kom ek in 'n kompartement waarin 'n Engelssprekende reisiger sit. Hy kom toe van Uniondale af en was ook op reis na Aliwal-Noord. Ek het lekker vroeëperskes in 'n kosmandjie by my gehad; ons het saam daarvan genuttig en spoedig aangenaam gesels. Toe ons op Burgersdorp kom, was daar vir ons egter 'n groot teleurstelling. Hulle het aan ons verduidelik dat ons trein, wat binne 'n halfuur of wat moes vertrek, gekanselleer is, omdat dit nodig was vir die vervoer van militêre magte na Upington en dat daar nie voor die volgende dag vir ons 'n trein sou wees nie. Weens die ernstige siekte van my moeder was ek dringend haastig. En wat nou gedoen? Die enigste was om 'n motor te probeer huur, maar dit sou nie maklik gaan nie, want motors was maar skaars, en huurmotors was op die dorp glad nie te kry nie. Ons was maar net te bly om te verneem dat ons in ons passasierswa kon bly. Ons het egter nie gras onder ons voete laat groei nie en onmiddellik met alle erns na 'n motor begin soek. Ons het Burgersdorp se strate stof getrap, maar, by elke huis was die antwoord soos 'n eentonige refrein: : "Jammer, maar ons kan nie help nie". Ons was naderhand so moedeloos dat ons maar na ons kompartement toe teruggestap het om 'n bietjie troos te gaan soek. So het ons telkens die soektog herhaal. Op 'n keer, toe ons weer so erg teleurgesteld terugstap stasie toe, kyk my medereisiger moedeloos en verslae so rond na die huise en slaak die versugting: **"It's a real old Dopper dorp this!"** Ek het niks daarop gesê nie maar stilletjies hier langs hom in my vuigeloop en lag met die gedagte: Ek wonder wat sou hy gesê het as hy wis dis 'n toekomstige "real Dopper predikant" wat hier langs hom loop. Ek kon 'n sug van verligting slaak toe ons eindelijk en ten laaste by 'n huis aankom en die oom heeltemal bereidwillig is om ons met sy nuwe "Fordjie" te help. Die oom moes net eers 'n bestuurder kry, wat gelukkig suksesvol was. Ons was dankbaar en het die ongeveer 50 km voorspoedig gereis. Die reiskoste was gelukkig ook billik — £5 (R10) elk.

Tuis gekom, vind ek dat my moeder se kakebeen aan die een kant taamlik geswel was sodat sy haar kunsgebit nie kon gebruik nie. Die swelsel het egter skielik toegeneem en erg pynlik geword; en daar is besluit dat sy dadelik na die Sanatorium vir Natuurkundige Genesing te Sweetwaters, naby Pietermaritzburg, moes gaan en dat ek haar daarheen moes vergesel. Met 'n dankbare hart kan ek verklaar dat sy na 'n maand beter was. Dit was duidelik dat haar kakebeen daar gebreek was. Geneeshere kon egter nie vasstel wat die fout is nie. Ná die maand kon ons met dankbare harte teruggaan. Die benodighede om met die behandeling tuis voort te gaan, is aangeskaf, en op die plaas is vir haar 'n geskikte skerm gemaak om met sonbaai te kon aangaan. Sy het die Here gelowig gedien, en in 1932 het sy op sewentigjarige ouderdom stil en sag ontslaap.

Oom Piet Schuurman was 'n alombekende inwoner van Heidelberg. Net voor ek en my moeder te Sweetwaters aangekom het, was oom Piet ook vir die kuur daar. Afrikaanse koerante was destyds nog maar min, maar oom Piet was 'n intekenaar op **De Volkstem**, wat daarheen vir hom aangestuur is. Toe ek en my moeder daar was, het dit nog steeds per pos daar aangekom. Daar was geen ander lesers daarvoor nie, en ek het die vrymoedigheid gehad om hom maar oop te skeur en te lees. In 1924 — dus 10 jaar later — was oom Piet 'n afgevaardigde na die Nasionale Sinode te Rustenburg. Ons het toe soms aangename gesprekke met mekaar gehad.

Ek en my klasmaats was baie dankbaar toe ons die dag ons Voorlopige Proponentseksamen (Preparatoir) voor die eerw. Kuratorium kon aflê. Hierdeur was ons beroepbaar deur ons kerke, maar ons kon nog nie as bedienaars van die Goddelike Woord bevestig word nie. Hiervoor was die Finale Proponentseksamen (Peremptoir) nodig. Die bepaling destyds was dat hierdie eksamen afgeneem moes word deur die Algemene Vergadering van die provinsie waarin die kandidaat se ouers woonagtig is; en ek moes na Venterstad gaan vir die Algemene Vergadering, wat taamlik vroeg in 1915

daar byeengekom het. Dr. P.C. Snyman moes as predikant van Steynsburg na Venterstad gaan vir die vergadering. Hy wis dat ek daar moes wees en het my gevra om met hom saam te reis. Hy het 'n paar mooi bruin perde voor sy kar gehad — een se naam, onthou ek, was Charlie. Dit was vir my 'n eer, en die reis was besonder aangenaam. Die geagte leraar kon lekker gesels, en hy het ook 'n goeie humorsin gehad. Dit was vir my 'n groot voorreg om die Algemene Vergadering by te woon, en met die oog op my toekomstige arbeid was dit beslis leersaam. Ek het ook met belangstelling geluister. My eksamen was vir my egter die saak van die allergrootste gewig. Ek het my voorgeneem om so goed moontlik te presteer. Twee van die eksaminatore en hulle vakke wat ek goed onthou, was dr. P.C. Snyman wat my in Dogmatiek ondervra het en ds. T. Hamersma in Kerkreg.

Nadat die eksamen afgelê was, is ek deur die Voorsitter versoek om die vergadering te verlaat. Ek is baie spoedig weer ingeroep en kon met 'n dankbare hart uit die mond van die Voorsitter verneem dat ek in my eksamen geslaag het en dus nou ook in 'n gemeente as herder en leraar bevestig kon word. Die gemeente Barkly-Oos het gedurende hierdie tyd aan hulle kerkgebou aangebou. Die vergrote gebou is toe deur die gemeente feestelik in gebruik geneem. Ds. D. Postma van Burgersdorp en ek is deur die kerkraad genooi om ook oor te kom om behulpsaam te wees met al die eredienste, want dit was met 'n nagmaalsgeleentheid. Die eerste deel van ons reis was per trein, maar na ek meen, was Motkop toe nog die spoorwegterminus en die afstand van ongeveer 40 km daarvandaan moes ons met die poskar met vier sterk perde reis. Teerpaai was daar nog nie, en die hoofweë was meesal nog maar in 'n swak toestand. Dit was bitterlik koud, want dit was in die middel van die winter en dit kort na 'n reën — die aarde was nat! In duike was die swart turfgrond van daardie wêreld kliphard verys. En praat nie van die gestamp op modderige plekke vol diep spore van rytuie en diere nie. Dit was 'n ondervinding — 'n gerammel en 'n geraas van wiele dat hoor en sien byna vergaan, en 'n heen en weer geskommel en geskud van die passasiers soos bondels wasgoed wat los op die sitbanke lê!

'n Wonderlike natuurtoneel! Kerse!!! Nee, nie was- of outydse vetkerse nie, maar yskerse — een lang ry van hulle aan ons linkerkant soos ons ry; en hulle staan nie, maar almal hang te pragtig om te aanskou! Ons het ons verwonder. Ons pad is 'n uitgraving teen 'n lang berg, en al met die wal aan die bokant van die pad loop doudruppels teen die hangende grashalms af, en hulle verys so dat hulle 'n lang ry hangende kerse vorm. So 'n toneel het ek nooit weer aanskou nie! Die feesverrigtinge op Barkly-Oos was geseënd en aangenaam. Ons was dankbaar oor die vriendelike uitnodiging, en dit was vir ons 'n voorreg om daar saam fees te vier. Ná die feesverrigtinge te Barkly-Oos het ek ongeveer in April 1915 — ek was toe in Aliwal-Noord by my ouers op die plaas — 'n brief van ds. L.P. Vorster ontvang. Hy was destyds predikant van Rustenburg en konsulent van Koster, wat vakant was. Ek het die brief met belangstelling en ook met vreugde en blydschap gelees, want die inhoud was so na my hart, naamlik dat die Kerkraad van Koster my vriendelik versoek om oor te kom om met die eersvolgende nagmaalsviering in Julie met die eredienste te help en om dan vir drie maande in die gemeente te kom arbeid. Ek moes op Sondae die dienste en die katkisasies waarneem en verder huis- en siekebesoek in die gemeente doen. Ek het met 'n dankbare hart ingewillig om aan die vriendelike versoek te voldoen. Die kerkraad was so vriendelik om vir my losies te kry by oom Jaap en tant Lottie Erasmus van die plaas Roerfontein, omtrent 5 km van Koster af. Twee buitevertrekke aan die oostelike front van die woonhuis was tot my beskikking. Die gemeente was in daardie tyd in die gunstige posisie dat hy oor twee kerkgeboue beskik het — een te Koster en een te Waterkloof, omtrent 20 km daarvandaan. Nagmaal is om die beurt te Koster en Waterkloof gevier. Kort na my aankoms by oom Jaap is ek en hy met 'n perdekar vir die kerkraadsvergadering en die dienste daarheen. Oom Jaap was toe korrespondent van die gemeente; en wat my aandag getrek het, was 'n geel trommeltjie met kerkboeke daarin. Ek sou hom later nog dikwels vir kerkraadsvergaderings moes saamneem.

Die kerkraadsvergadering en die viering van die heilige nagmaal was geseën. Die

verrigtinge in die vergadering was vir my leersaam. Ook was dit vir my 'n voorreg om saam met ds. Vorster tussen die tente rond te gaan, met lidmate kennis te maak en gesprekke te voer. By een van die tente stel ds. Vorster my aan 'n gesin voor en sê toe vir die hoof van die gesin: "Broeder, dis proponent Kotzé; jy het seker al gehoor dat hy 'n paar maande hier in die gemeente kom arbei". Ek kon sommer aan die kyk in die broeder se oë merk dat hy geestelik versteurd is, en 'n mens kan nooit weet hoe so iemand op so 'n mededeling sal reageer nie. Sy antwoord: "Nee, ek het nog nie van 'ongemak' gehoor nie". Dit het my nie uit die veld geslaan nie, maar my diep laat dink; want, alhoewel ek dankbaar was om tydelik as proponent in die gemeente te kon arbei, is dit darem ook 'n "ongemak" as jy kom preek maar jou preek is hoogstens 'n **stigtelike woord**. Hierby kom nog dat jy ook nie die sakramente kan bedien nie. Die heilige nagmaal is Sondag deur ds. L.P. Vorster bedien. Dit sou die laaste keer wees dat hy die gemeente as konsulent bedien het, want hy was lid van die Volksraad, en die gemeente sou binnekort beroep.

Ons het die Maandag nog op die plaas Steenbokfontein naby die kerk vertoef en die klompie gesinne daar besoek. By een huis het ons tevergeefs aangeklop want daar is nie oopgemaak nie. Ons was spyt, maar toe ds. Vorster ondeund met 'n glimlag na my kyk met die opmerking: "Hoor! ek is bly!" was dit veelseggend. Dis begryplik dat daar dadelik met die huisbesoeke in die gemeente begin moes word, en die ouderling van die wyk wat aan die beurt was, het my soms op Sondag ná die tweede diens sommer van die kerk af na sy huis saamgeneem.

Kort na my aankoms het oom Koos van der Merwe, 'n ouderling, my een Sondag ná die tweede diens te Waterkloof opgelaai om saam met hom te ry sodat ons die wyk Renosterfontein kon besoek. Alhoewel 'n goeie man, het hy 'n maer vosperd en 'n ou blou muil voor die kar gehad aangesien perdesiekte die kar- en ry-perde noodlottig getref het. Dit het maar moeilik gegaan om die perd aan die draf te hou. Teen 'n skotige afdraand het dit voorspoedig gegaan, maar andersins nie. Oor 'n erg klipperige stuk pad het oom Koos die sweep so wild ingelê dat ons met spoed en wilde geskommel daaroorheen is. My opinie was dat 'n mens stadig oor sulke klippe moes ry, maar oom Koos se kommentaar was: "Nee, mnr. Kotzé, jy moet vinnig ry, dan bly die wiele op die klippe se koppe en stamp minder". Dit was 'n interessante lewensles. Oom Koos se eggenote, tant Martie, het ons vriendelik ontvang, en ek het sommer tuis gevoel — 'n vreemde wêreld en darem ons mense. Ons was die aand voor slaaptyd gesellig bymekaar in die sitkamer. My oë val toe naderhand op 'n "dresstafeltjie" met mooi breekgoedjies en ook 'n paar geraamde foto's. Onder die geselsery staan ek naderhand op en stap nader om na die foto's te kyk ... en wat sal ek sien! Op een van die foto's kom my aanstaande, Hester, 'n dogter van mnr. en mev. H.C. van Rooy, Roosterfontein, Steynsburg, ook voor. Ek kon so iets nooit dink nie en was byna stom van verbasing. En het ek nie met aandag geluister toe die familie begin verduidelik nie! My aanstaande se een broer, Sarel, was een keer saam met ds. (later dr.) P.C. Snyman, predikant van Steynsburg, na Humpata, in Angola. Die Van der Merwes het toe tydelik daar gewoon. Die kennismaking was die aanleiding dat Petie, 'n seun van oom Koos, na die Gimnasium op Steynsburg is om te gaan leer. My aanstaande skoonmoeder het toe tydelik op Steynsburg gewoon met kinders van die gesin, wat ook daar moes skoolgaan. Petie het by haar geloseer. 'n Vriendskap het tussen die twee gesinne ontstaan, en so het die Van der Merwes in besit van die foto gekom. Nadat ek 'n tydjie by oom Jaap Erasmus-hulle tuis was, het oom Andries (diaken A.M.) van der Walt van Witrand, omtrent 6,5 km van Koster af op die pad na Waterkloof, op 'n goeie dag onverwags met 'n perdekar op Roerfontein aangekom met die mededeling dat hy gekom het om my te kom haal om nou weer by hulle te kom bly. Ek was bietjie verbaas, want hoe moet oom Jaap-hulle nou voel as ek sommer so skielik en onverwags van hulle af weggaan? Maar dit was darem net die regte ding, en om verskillende oorwegings, waarvan ek net twee noem, het ek gretig gebruik gemaak van die vriendelike gebaar van oom Andries en sy eggenote, tant Gerrie. Dit was allereers taamlik sentraal tussen die twee kerkgeboue en sou die reise vir die eredienste op Sondae baie vergemaklik. Tweedens was dit daar naby 'n groot deel van die gemeente en ook meer sentraal met die oog op die bearbeiding van

die hele gemeente. Oom Jaap-hulle het goedig genoeë geneem met die reëling. Ek het baie liefde van die gesin van oom Andries ondervind.

Die drie maande het vinnig verbygesnel. Ons het al die wyke deurgegaan, siekes en bejaardes is besoek, en op Sondae is die twee dienste gehou. By die môrediens was dit 'n stigtelike woord (ons het dit ook maar 'n preek genoem) oor 'n Bybelvers of Skrifgedeelte en in die namiddag is 'n Sondagafdeling uit die Heidelbergse Kategismus behandel. Ná die oggenddiens is daar vir al die kinders in 'n groep katekisasie gehou; en hulle het hulle lesse altyd goed geken. Al die arbeid was wonderlik aangenaam. Daar was nie noemenswaardige probleme nie maar net liefde — ampsdraers en lidmate het my met liefde bejeën. En dit het so spontaan gekom. My verblyf en die arbeid in die gemeente was vir my soos 'n genotvolle kuier by 'n groot familie. My "traktement" was £15 (R30,00) vir die 3 maande. Die Kerkraad het egter later goedgunstig besluit om hierby nog 'n honorarium van £10 (R20,00) te voeg; dus, altesaam £25 (R50,00)! Alhoewel ek baie gelukkig gevoel het, het dit vir my egter nie om die geld gegaan nie maar om die voorreg om te kon arbeid. Hierby kom nog dat ek in die tydjie geen uitgawes gehad het nie, want die kerkraad en gemeente het met liefde vir my gesorg.

Ds. L.P. Vorster van Rustenburg het die gemeente Koster sedert sy stigting in 1914 as konsulent bedien. Aangesien hy hom egter kort daarna met die nodige kerklike verlof vir 'n setel in die Volksraad verkiesbaar gestel het en ook verkies is, is besluit dat die gemeente sou oorgaan tot die beroeping van 'n eie predikant ten tyde van die nagmaalsgeleentheid op die tweede Sondag van Julie op Koster. Ds. D. Postma van Burgersdorp het oorgekom vir die nagmaalsviering en al die verrigtinge by die geleentheid waargeneem. Ons het Saterdagmiddag die voorbereidingsdiens gehad, daarna het die verkiesing plaasgevind, en die Here het dit in die harte van die kerkraad en die gemeente gegee dat die keuse op my geval het. Dit was genade, en ek was dankbaar en bly. Dit was die Here wat geroep het.

My ouerhuis was toe nog my eintlike tuiste. Na die nagmaalsviering is ek die Maandag per trein direk daarheen, met 'n hart vol dankbaarheid, vreugde en blydschap. Ek voel behoefte om hier nogmaals spesiaal van my liewe ouers melding te maak, omdat hulle soveel opgeoffer het om my deur te help. Ons was 'n gesin van tien kinders, en die ander moes ook gehelp word. Kos op die plase was gewoonlik volop, maar geld was skaars. My vader was 'n man met 'n warm hart vir sy vaderland en 'n republiek was sy ideaal. Toe genl. De Wet met die gewapende opstand gevange geneem is, het hy daarvoor so bewoë geraak dat die trane oor sy wange gerol het. Hy was jammerhartig en het baie gedoen om behoeftiges, Gods Kerk en ook volksgenote te help. Een oggend sit hy aan die ontbyttafel. Nadat hulle 'n rukkie besig was om te eet, bemerk my moeder dat hy sonder hemp is en net sy onderhemp onder sy baadjie aan het. Sy vra hom toe: "Pa, en wat het dan van jou hemp geword?" "O, vrou," sê hy "ek was vanoggend by die landerye, toe kom Piet Venter te voet met die pad daar verby. Sy klere was maar in 'n swak toestand en veral sy hemp was gedaan, toe het ek maar my hemp uitgetrek en dit vir hom gegee, en ek het skoon daarvan vergeet". My vader het nooit enige druk op my uitgeoefen om predikant te word nie, maar hy het my darem laat verstaan dat dit sy begeerte is. My moeder het stil en ingetoë godsalig gelewe. Toe prof. dr. Jooste haar die eerste maal ontmoet en ons mekaar daarna weer sien, praat ons twee oor haar, en toe sê hy vir my: "Zij denkt geen kwaad." Haar twee groot dogters Ousus en Emmie, kom op 'n keer van die dorp af met 'n mooi bont (pels) wat hulle vir haar gekoop het — dit was iets mooi deftigs, 'n goeie ding, maar glad nie spoggerig nie. Die "fur" was vir my liewe moeder glad te wêrelds, en dit het haar so gehinder dat sy die nag wakker gelê het.

Met kos moes daar netjies en presies gewerk word. Mnr. Fletcher, 'n smous, se wa met negosieware staan eendag op die werf uitgespan. Ons sit vir ons middagete aan tafel, en net na ete moet ek vertrek om betyds te wees vir die trein Potchefstroom toe. My moeder sit aan die linkerkant van my vader, mnr. Fletcher en dan ek aan die regterkant. "Miesies", sê hy, "het djie foer oem 'n oender gekoek?" "Nee, mnr. Fletcher," antwoord my moeder met iets weemoedigs in haar stem, en sê verder "ek het ongelukkig nie vir

die kind 'n hoender in die hok gesit om skoon te word nie."

Van die mooi gebruik van ons plaasmense om hoenders wat hulle wil slag, eers vir 'n rukkie in 'n hok te hou om skoon te word, het mnr. Fletcher seker nie die minste begrip gehad nie, en hy antwoord: "Aag, Miesies, vank oem, brienk oem, oend ieck sal oem foer djou koek!" Ek het nooit kos wat my moeder voorberei het, met lang tande geëet nie, en koffie wat sy geskink het, was vir my altyd die lekkerste.

Ek voel innig dankbaar dat my ouers my deurgehelp het om klaar te studeer en dat dit vir my nooit nodig was om van studiebeurse gebruik te maak nie. Vir dit alles: aan God alleen die eer!

Hoofstuk 5: Predikant in my eerste gemeente

Dit was onvergeetlike dae, die dae van feesviering te Waterkloof met my bevestiging as herder en leraar van die Gereformeerde Kerk Koster! Dit was dae wat vir ons almal wat daar vergader was, vreugde en blydschap gebring het. Die klimaat was wonderlik aangenaam, en die aangesigte van almal het gestraal. Die eredienste was ware feesdienste. Dit twee gemeentes, Swartruggens en Zeerust, het elkeen twee ouderlinge namens die Algemene Vergadering afgevaardig om die verrigtinge by te woon. My hart was vol dankbaarheid dat ons familie verteenwoordig kon word deur my oudste broer, Gawie, en my twee oudste susters, Ousus en Emmie. Hulle het die opoffering gemaak om die lang treinreis van Aliwal-Noord af te onderneem. Van Johannesburg af het 'n niggie, Martha, (geb. Kotzé) en haar man, neef Isak Olivier, opgedaag. Dit was 'n vriendelike gebaar van ds. G.H.J. Kruger van Barkly-Oos om vir my bevestiging eers die draai na Koster te reis en daarvandaan na Potchefstroom te gaan vir 'n Kuratorevergadering.

Dit was vir my 'n eer en voorreg om deur ds. M. Postma van Johannesburg in my amp bevestig te word. Dit was vir my 'n groot voorreg dat ek in die amp bevestig kon word as herder en leraar van 'n gemeente van ons Here Jesus Christus, want dis 'n hoë roeping. Gods kerk het my beroep, maar dis 'n roeping wat uit die hemel gekom het. God self het my geroep, nie om te heers nie, maar om te dien. Dit was my oortuiging. Hieroor is ek innig dankbaar.

Die Here het drie maal vir Petrus gevra of hy Hom liefhet. Die vraag stel Hy aan elke Christen, maar met besondere klem aan die manne wat Hy tot die bediening roep. Ook ek moes myself ondersoek in verband met hierdie liefde. Ten spyte van al my gebreke en swakhede, kon ek steeds my liefde teenoor Hom bely. En alhoewel die vlam soms swak gebrand het, was sy genade tot die ouderdom toe vir my genoeg.

Daar was 'n merkwaardige verskil tussen my arbeid in die gemeente voor my bevestiging as herder en leraar en die daarna. Die leser moet egter nie dink dat daar 'n waarneembare wonder gebeur het en dat my arbeid daardeur ineens so anders voorgekom het nie; moenie dink dat ek eensklaps 'n gedaanteverwisseling ondergaan het, welsprekender geword en dat my preke sommer bokant die voriges uitgeblyk het nie. Nee, dit nie; ek het maar gebly wat ek was, maar daar is 'n nuwe stempel op my arbeid afgedruk, want ek het die voorreg gehad om amptelik te kon optree by die verrigting van my arbeid en take.

Die ouers in die gemeente het hulle kinders Christelik opgevoed; en oral in die wyke was daar katkisasies. Op 'n paar plekke was daar bekwame en toegewyde onderwysers wat dit waargeneem het. Op plekke waar ek die Sondag die dienste moes waarneem, het almal saam in een klas bymeekaargekom. En die taak was besonder aangenaam, want die ouers het toegesien dat al die kinders hulle lesse ken. Daar moes spoedig 'n begin gemaak word met huisbesoeke saam met die ouderlinge — soms met die diaken ook by. Die reise was meesal met 'n kar en perde of muile. Ek het egter 'n jaar of vier ná my bevestiging 'n Baby Overland-motor (tweedehands) aangeskaf. In sommige wyke in die rante was die paaie op plekke selfs met 'n perde- of muilkar moeilik begaanbaar. Op die plaas Spitskop in die wyk Waterval, met die wonings oral in die kloof rond, het dit op plekke so moeilik gegaan dat ouderling Danie van Jaarsveld en ek soms besluit het om die wyk te perd deur te gaan.

Die kerkraad het in die begin van die bestaan van die gemeente voor 'n paar moeilike take te staan gekom. Een van die take was die onrus in die gemeente as gevolg van die besluit van die regering en ook van die parlement gedurende die Eerste Wêreldoorlog om aktief aan die oorlog deel te neem, waardeur 'n militêre mag na Suidwes-Afrika gestuur is met die doel om dit binne te val. Die gemoedere van vele in ons vaderland is hierdeur gaande gemaak; en ook in ons gemeente was daar onvergenoegdheid. Toe die gewapende opstand uitbreek, was daar 'n groot deel van die gemeente wat met die mense gesimpatiseer het. Die gemeente was toe in twee verdeel — in enkele gevalle was

dit broer teenoor broer. Gevoelens het hoog geloop, en daar was gevalle van heftige woordewisseling. Vir die kerkraad was daar moeilike take; die betrokke wyksampters en die predikant het direk daarvoor te staan gekom, en dit het soms nie maklik gegaan nie. Daar was ook ander lidmate in ons gemeente — in sommige gevalle ook ampters — wat beswaard gevoel het oor deelname aan die Rebelle; en daar was vier beskrywingspunte oor die saak voor die Sinode van 1916 te Potchefstroom — twee oor **rebellie** en twee oor die **Rebellie van 1914**.

"O Moedertaal!" My oorgang van Nederlands na Afrikaans het heeltemal onverwags en ongemerk gekom. Dit was een Sondag in die kerk op Waterkloof. Die saak was nooit voor die kerkraad nie. Ek staan egter die Sondag met die môrediens en preek. Ek raak naderhand besied, en voor ek my kom kry, staan ek met 'n gloed van besieling en praat in my liewe moedertaal wat ek in my kinderjare in my ouerhuis geleer het. Dit was vir my so maklik om te praat dat ek die hele preek end uit daarmee volgehou het. Dit was of ek na 'n swaar gesukkel met 'n voertuig wat ek nie goed verstaan nie en wat my deur my onhandigheid enige oomblik in die steek kon laat, skielik oorklim in my ou bekende rytuig wat so na my hand is; en ek reis ewe lekker verder met 'n geruste hart, sonder die geringste vrees vir moeilikhede op die pad. Dit was vir my so 'n genot dat ek verder enduit, ook in my slotgebed, daarmee volgehou het. En van die Sondag af het ek nog nooit weer na die ou voertuig, waarvan ek ongelukkig nie veel begrip gehad het nie, terugverlang nie. Die geagte lesers moet nou egter nie dink dat my Afrikaans die dag op die preekstoel presies so was soos ek dit in my ouerhuis geleer het en vandag nog praat nie. Nee, dit het nog 'n taamlike **Nederlandse inslag** gehad, en so het dit die eerste tydjie gebly. Dit is tot op sekere hoogte verklaarbaar. Onthou: Afrikaans is in my kinderjare stiefmoederlik behandel. Soms is aan hom nie eens die plek van 'n stiefkind gegun nie. Dit is hom heeltemal ontsê want as jy jou byvoorbeeld tussen 'n klompie vriendjies per ongeluk 'n woordjie in jou moedertaal laat ontval het, moes jy glad nie verbaas wees as een van hulle heeltemal onverwags die "Dutch mark" te voorskyn haal en aan jou oorhandig om daarmee opgesaal te sit nie. Dink hierby aan die geweldige vormende invloed wat die Bybel op ons kerke en ons volk in ons vaderland gehad het. Gods Woord het egter nie in ons moedertaal na ons toe gekom nie maar in Nederlands. Dit was Hollandse Bybels, en ons het in Hollands gebid en gesing in ons huise, skole, vergaderings en in ons kerke. Alles van die kansel af was Hollands. Ek dink verder aan my katekisasieboeke. Dis nie eens nodig om die Bybel en Psalmboek te noem nie, maar ook die ander was Hollandse boekies. As beginnertjie het ek 'n Borstiusboekie gekry, en ek onthou die eerste vraag nog baie goed, naamlik: "Wie heeft u geschapen?" Antwoord: "God, Gen. 1:1". Toe ek ouer was, het ek 'n vraeboek "Het Kort Begrip" deur dieselfde skrywer, naamlik ds. J. Borstius, ontvang. Op Potchefstroom, waar ek in die begin van 1908 gekom het, het ons moedertaal gelukkig meer tot sy reg gekom. Prof. J. Kamp het die Nederlandse en die Afrikaanse letterkunde met ons in die klas behandel; en in ons Studenten Letterkundige Vereniging is deur die lede werk gelewer in Nederlands, Engels en Afrikaans. Maar dit kon hoegenaamd nie opweeg teen die invloed wat Hollands daar met die oog op my kanseltaal later op my uitgeoefen het nie. Die invloed was groot! Immers, my studievak was Teologie en my hele studie het om die Bybel gedraai. En hoeveel teksverse het ek nie in Nederlands uit my kop geleer nie! Sommige daarvan het ek al vroeër in my "Kort Begrip" geleer. Verreweg die meeste van ons handboeke was uit Nederland afkomstig, en die diktate wat ons van ons professore ontvang het, was ook in Nederlands. Ek noem net nog dit, nl. dat selfs ons briefwisseling in daardie jare meestal in Nederlands was. 'n Refrein aan die slot van briewe in die tyd was baie dikwels die woorde "Nu zal ik maar sluiten met myn pen en ink, maar niet met myn verlangende hart". Geen wonder dat ek die Sondag so 'n Nederlandse Afrikaans gebesig het nie en dat ek ook daarna nog 'n tydjie daarmee aangehou het.

Oom Fanie (ouderling S.J.) Kruger van Witrand was 'n staatmaker-ouderling. Hy het die belang van die kerk van God op die hart gedra, het die lidmate van sy wyk getrou besoek, en hy was vir hulle deur sy Christelike wandel en sy getroue kerkbesoek 'n voorbeeld. In die omgang was hy vriendelik en aangenaam. Sy eggenote, tant Annie, was sagmoedig, rustig, bedaard en opreg — 'n godvrugtige ou moeder.

Oom Karel van der Walt was 'n ouer broer van tant Annie en ook van oom Andries. Hy was 'n besonder sagmoedige en bedaarde ou vader. Hier volg 'n kort verhaal in verband met die optrede van oom Karel met 'n handelstransaksie tussen hom en 'n Jood. Dis tipies van oom Karel, en ek deel dit hier mee soos oom Andries en tant Gerrie dit aan my vertel het. Oom Karel is, toe hy nog in sy fleur was, 'n keer na Kimberley met 'n vrag aartappels. Hy het toe daarin geslaag om ooreen te kom oor die prys met 'n handelaar. Hy wou egter sy sakke terug hê, en die handelaar wys hom toe 'n skuur om die sakke daar op die vloer leeg te maak. Toe die man moes betaal, weier hy beslis om die prys te gee waaroor hulle ooreengekom het. Oom Karel was nie 'n man vir rusie nie, en toe hy sien die man is hardnekkig en bly maar net weier, beveel hy sy touleier om die leë sakke op die wa te gaan haal. Toe hulle kom, gaan sit ook Karel op sy hurke, begin oophou en gee aan die touleier opdrag om aartappels in te gooi. Toe die handelaar dit sien, loop hy in die skuur en raas en knor. Hy loop naderhand naby agter oom Karel verby en gee hom 'n stamp teen sy rug. Oom Karel bly ewe bedaar en kyk oor sy skouer na die handelaar agter hom met die woorde: "Maar my, moet tog nie jou ewemens so naar behandel nie!" Oom Karel het al die sakke gevul, sy aartappels op die wa gelaai, hulle aan 'n ander handelaar verkoop en met 'n blymoedige hart teruggekeer huiswaarts.

As predikant van Koster het die tweede groot dag in my lewe aangebreek. Ek het die voorreg gehad om op 4 Julie 1916 te Steynsburg in die huwelik te tree met mej. Hester van Rooy van Roosterfontein, Steynsburg. Ons verblyf op Witrand het taamliek lank geduur. Ek het kosteloos by oom Andries-hulle ingewoon, en so het die goeie vriende my vrou ook ontvang. Oom Andries en tant Gerrie was maar soos ouers vir ons en ons het by hulle in die huis gebly. Ek en my vrou het darem naderhand behoefte gevoel om ons waardering vir al die liefde op tasbare wyse te toon. Ons het 'n klompie kombuisgereedskap gekoop, dit in hulle eetkamer op die tafel neergesit, tant Gerrie ingeroep en met 'n paar woorde ons hoë waardering vir al hulle liefde uitgespreek. Terwyl ons nog 'n rukkie daar sit en gesels, kom hulle dogtertjie Driesie skielik die huis ewe haastig van buite af binne. "Driesie", sê tant Gerrie vir haar, "kyk net watter groot present het dominee en mevrou vir ons gekoop". "Oe!! - Mammie", antwoord sy, "nou kan ons vir ons 'n motor koop!" — en haar vriendelike gesiggie straal van liefde en blydschap.

Die kerkraad het egter taamliek spoedig reëlings getref vir 'n tydelike pastorie, veral deur die welwillendheid van oom Andries en tant Gerrie. 'n Nuwe huis wat oom Andries intussen vir die gesin laat bou het, is deur die kerkraad teen 'n billike prys gehuur. Oom Andries-hulle het hulle die opoffering getroos om maar nog langer in hulle ou huis te bly. Ons was baie dankbaar. Ons kon baie voorregte geniet. Ons was soos eie kinders wat nie meer in die ouerhuis is nie maar darem nog naby bure op die plaas. Ons het selfs volop gebruik van vrugte en soms ook groente gehad. Ondanks al die voorregte en die vele liefdeblyke het ons dit naderhand darem raadsaam geag om dorp toe te verhuis en ons op Koster gaan vestig.

Eerbied vir wat heilig is.

Oom Hans Eloff was 'n goed ontwikkelde man, maar, soos die meeste van ons boere van daardie jare, het hy nie veel kans gehad om skool te gaan nie. Op 'n sekere dag sit ons by die kerk in sy tent en gesels. "Dominee", sê hy vir my, "ons predikante moet tog maar liewer nie met Afrikaans op ons kansels kom om te preek nie". "Waarom nie, oom Hans?" vra ek. "Dominee", antwoord hy, "dit sal onstigtelik wees". (Dit was kort nadat ek met Afrikaans op die kansel begin het.) "Afrikaans is mos 'n pragtige taal", antwoord ek. "Ja, Dominee", sê hy, "maar daar is in Afrikaans sulke plat uitdrukkings dat die eerbied vir Gods Woord skade sal ly as ons predikante só preek". "Oom Hans, maar hoe is my taal op die kansel?" vra ek. "Nee, Dominee, heeltemal goed", sê hy. "Oom", sê ek, "maar ek praat Afrikaans as ek preek." "Dominee", antwoord hy, "as dit die taal is wat op ons kansels gebesig word, dan het ek geen beswaar nie." Oom Hans was nou wel onder 'n verkeerde indruk in verband met die Afrikaans op ons kansels, maar sy diepe eerbied vir Gods Woord moes 'n mens bewonder. Ons het nog 'n rukkie gesit en gesels oor platvloerse uitdrukkings in Afrikaans en ook in ander tale, wat nie op kansels tuis

hoort nie, en oom Hans was heeltemal tevrede.

Ons was een dag in die nood, ek en my vrou. Die brood was op, daar was geen krieseltjie meel in die huis nie en die geld was gedaan. Nee, die gemeente het goed vir ons gesorg! Ek het 'n goeie traktement ontvang. Ek moes egter nog heelwat afbetaal op die huis wat ek op Koster vir 'n tydelike pastorie gekoop het. Ons het ons pennies getel, ons was bang vir skuld en wou nie by die bank of ons winkelier gaan aanklop nie. Ons was heeltemal platsak. En wat moes ons doen? Ons was totaal raadop. Ons kan egter nie tyd verlore laat gaan deur hieroor te sit en peins nie en gaan dus met ons take en verpligtinge aan. Meteens word daar aan die voordeur geklop. Ek gaan maak oop, en hier staan oom Hans Eloff, soos altyd, in sy gewone korrekte houding. "Dominee," sê hy, "ek het vir jou 'n sak koring saamgebring en dit by die meul afgegee om dit te maal en vir julle te stuur. Hulle het belowe om alles dadelik te doen; die meel kan dus netnou hier wees." Ek het net baie hartlik bedank, en oom Hans moes onmiddellik weer vertrek.

Op die plaas Steenbokfontein het 'n hele paar Engelssprekende gesinne gewoon. Die klompie is egter onverwags baie swaar getref. Een van hulle, 'n mnr. Lloyd, het sy hand aan sy eie lewe geslaan. Dit was vir hulle 'n groot skok. Hulle wou toe hulle vriend graag op Koster begrawe, maar daar was nie 'n geestelike in die omgewing wat hulle kon vra om die verrigtinge waar te neem nie.

Hulle wend hulle toe eers na 'n ander predikant op Koster. Hy het egter geweier om aan hulle vriendelike versoek te voldoen. Hulle het hulle toe maar verlore gevoel en besluit toe om met die predikant van die Gereformeerde Kerk te gaan praat om te verneem of hy nie bereid sou wees om hulle te help nie. Om dit vir my te vergemaklik, doen hulle toe aan die hand dat ek van die begrafnisformulier in **The Book of Common Prayer** gebruik kon maak. Alhoewel ek my swak gevoel het vir die moeilike taak, het ek my onmiddellik bereidwillig verklaar om aan hulle vriendelike versoek te voldoen; maar ek maak hulle toe beleef daarop attent dat die formulier nie gebruik mag word by die begrafnis van iemand wat op so 'n manier om die lewe gekom het nie. Ek verklaar toe dat ek dit sal waardeer as hulle tevrede sal wees as ek die verrigtinge op ons gewone manier waarneem, maar dan nou net nie in Afrikaans nie maar wel in Engels. Hulle was maar net te dankbaar en het dit so aanvaar. Dit was egter vir my 'n baie moeilike taak wat ek onderneem het. Ek was nog maar jonk en onervare en ek het nog nooit vantevore 'n begrafnis waargeneem van iemand wat die hand aan sy lewe geslaan het nie. Hierby kom ook nog dat die verrigtinge in Engels moes plaasvind. Ek het toe maar die rede vir die geleentheid volledig uitgeskrywe en goed gememoriseer, en ek dink dat dit redelik goed gegaan het. Toe ek moes bid, begin ek met 'n vrye gebed in Engels, maar ek begin met die aanspraak van die **Onse Vader-gebed** in Engels. Hulle dag toe dat ek met die aanhef te kenne gee dat ons die gebed moet bid, en spontaan val hulle daarmee in. Ek was dankbaar en het die hand van die Here daarin gesien. My gebed in Engels kon miskien onstigtelik gewees het en nie tot eer van God nie.

Terwyl ek op Koster was, het die groot griep epidemie uitgebreek. Dit was 'n donker skaduwee wat oor die aarde getrek het — 'n pes wat in die donker gewandel het, 'n verderf wat op die middag verwoes het. Oral was daar veel smart, droefheid en geweën. Ook die gemeente Koster is swaar beproef. Die epidemie het veral op die plaas Kosterfontein kwaai gewoed. Die jaar 1918 sal onvergeetlik bly. Die heengaan van die afgestorwenes en die droefheid van die agterblywendes het diep indrukke op my gemoed gemaak. Iemand van die plaas Kosterfontein van wie die afsterwe vir my onvergeetlik bly, is broeder Koos van der Walt, 'n skoonseun van wyle tant Koba van der Walt. Die broeder het sy eggenote kort vantevore, na die geboorte van 'n kindjie, verloor en baie getreur. Toe hy siek word, het hy vinnig agteruitgegaan en spoedig dubbele longontsteking gekry. Toe ek by sy bed staan en 'n paar woorde met hom praat, vra hy my — en dit het vir hom moeilik gegaan om te praat — om vir hom 'n gedeelte uit die Bybel te lees, waarin dit voorkom van **eerstes wat laaste sal wees en van laastes wat eerste sal wees**. Toe ek sy Bybel vat (een met die grootte van ons huidige familiebybels, maar natuurlik nog in Nederlands), gaan hy vanself oop by Mattheüs 20, waar ons lees van die arbeiders wat op verskillende ure gehuur is. Ek vermoed dat dit 'n

Skrifgedeelte is wat hy dikwels gelees het en dat dit daarom is dat die Bybel vanself daar oopgegaan het. Die gedeelte was seker vir hom 'n groot troos. Hy het seker ook verlangend uitgesien na 'n gebed deur 'n dienskneg van die Here. Die gesin van oom Jannie Venter — oom Kruppel-Jannie van dieselfde plaas — is ook besonder swaar getref. Die ou vader en moeder het kort na mekaar twee sterkgeboude, belowende seuns verloor, naamlik Lourens Abraham, op 23 jaar, en Jan Louis, op 21. Ná die afsterwe van Louw, die oudste, was ek daar om Lewies, wat toe ook ernstig was, te besoek. Die volgende môre net voor my vertrek daarheen kom ek oom Jannie op Koster in die straat teë. Ek het my klein en gering gevoel toe die ou vader eerbiedig nader kom en sy hoed oplig om my te groet en meedeel dat die liewe kind ook oorlede is. Die droefheid in die harte van oom Jannie-hulle was groot, maar die Here het hulle getroos en krag gegee. Sy genade was groot oor hulle in die donker dae. Tant Mietie was die eggenote van oom groot Daan Robbertse van Bulhoek. Tant Mietie was besonder gasvry en minsaam, sagmoedig en nederig. Ek moes baie in die gemeente rondgaan met my perd en spaaider om oral krankes te besoek. Deur die genade van die Here kon ek haar ook besoek. Sy was egter toe al baie ernstig siek — so te sê in die poort van die dood. Ek kon egter nog vir haar uit Gods Woord lees en 'n gebed doen. Sy was innig dankbaar. Nadat ek die siekekamer alreeds verlaat het, hoor ek haar met 'n sagte stem uit die kamer praat — dis 'n opdrag aan die huisgenote dat hulle tog vir die predikant van die biltong moet gee om saam te neem. Dit is iets onvergeetliks en is tiperend van wat haar lewe was. Ek het nie die voorreg gehad om die liewe suster weer in die lewe te sien nie. Kort ná die besoek moes ek weer kom, maar dit was toe vir haar begrafnis.

Ek het mnr. Gooté, 'n bekwame onderwyser, die eerste keer ontmoet toe hy hoof van die laerskool op Rietfontein 299 was. Dit was nog voordat die skool in 'n skoolplaas verander is. Ek en die wyksouderling en diaken was op huisbesoek. Ons besluit toe om by die skool ook 'n kort besoek af te lê. Mnr. Gooté het vir ons sitplekke aangebied, en ons het gesit en luister terwyl hy les gee in Bybelse Geskiedenis. Hy het dit op 'n pragtige, boeiende manier gedoen — 'n mens kon luister. En hy het nie vooraf iets van ons koms geweet nie — dit was onverwags. Toe hy klaar was met die les, het ek by myself gedink: **So kan ek dit nie doen nie.** Dit het my hart goed gedoen om 'n gelowige, met die goeie Skrifkennis en die gawe om só daarin les te gee, met die Bybel in die hand voor 'n klas te sien. Toe ek die dag na Bulhoek op reis was om tant Mietie Robbertse te gaan besoek, kom ek oom Hennie Riekert van Pilansberg en nog iemand naby Koster teë. Hulle was op pad na broeder Willie Bezuidenhout op 'n plaas anderkant Koster. Hulle deel my toe mee dat hulle op reis is na broeder Bezuidenhout om onderwyser Gooté te besoek; hy lê daar baie ernstig siek aan griep. Oom Hennie, die eggenote van broeder Bezuidenhout en die eggenote van broeder Gooté was familiebetrekkinge. Broeder Gooté is kort daarna oorlede. Hy is ook daar op die plaas begrawe.

Suster Martie Kruger, wat vroeg in haar lewe na 'n kort maar geseënde en gelukkige huwelikslawe deur die dood weggeneem is, was die eggenote van broeder Fanie (S.J.) Kruger, junior. Sy was 'n dogter van oom Mattheus Loots. Die suster het 'n griepaanval gekry. Haar temperatuur het vinnig gestyg, en gou was sy baie ernstig siek aan longontsteking. Ek kon haar spoedig besoek want Witrand is naby Koster. Maar haar kort loopbaan is skielik beëindig. Die Here het gekom en haar weggeneem. Die HERE het gegee en die HERE het geneem. Suster Martie was 'n energieke vrou; flink, moedig en gelowig.

Hoofstuk 6: 'n Kwarteeu op Rustenburg

Dis 'n merkwaardige verskynsel dat 'n mens dinge uit jou kinderjare gewoonlik so goed onthou. Baie van jou belewenisse uit later jare kan jy jou gewoonlik nie meer so goed herinner nie — van sommige het jy miskien net vae voorstellings, en baie het jy miskien al heeltemal vergeet. Maar 'n mens se kinderjare is so anders. Jou belewenisse is gewoonlik soos spore van iemand wat in nat kleigrond droog geword het. Dis merke wat nie maklik verdwyn nie. Ons het in ons studiejare te Potchefstroom 'n vers in Duits behandel, naamlik **Die Lorelei** van Heinrich Heine, waarvan twee reëls soos volg lui:

*Ein Marchen aus alten Zeiten,
Das kommt mir nicht aus dem Sinn.*

Ek gee hier maar die volgende vrye vertaling daarvan:

*Daar is 'n vertelseltjie uit vervloë tye
Wat maar nie uit my gedagte wil gaan nie.*

So was dit ook in my jeug met die woord **Rustenburg** — dis 'n woord wat dikwels in my gedagtes gemaak het. Die aanleiding daartoe kon gewees het die vertrek van ons konsulent, ds. L.P. Vorster, van Burgersdorp na Rustenburg. Aliwal-Noord het toe nog nie 'n eie predikant gehad nie. Maar al was dit nou die aanleiding, ek het tog die name van meer ander plekke gehoor, en met nie een van die ander was dit die geval nie — slegs die naam **Rustenburg** het dikwels voor my gees opgedoem.

Ek het hier 'n kwarteeu as predikant van die gemeente gearbei. Ek dink dat ek die beste van my jare van arbeid hier gewoon en gewerk het. Na my emeritering het ons die voorreg gehad om met dankbare harte weer te mag woon in die huis — nou die ou pastorie — waarvan ons jare bewoners was. In hierdie huis het ek veel droefheid en smart ondervind, maar deur Gods genade ook ryke seëninge — liefdeblyke van ampsdraers, lidmate en kinders en ook van vriende in ons dorp en distrik. En die Here het getroos, bemoedig en versterk.

Ek het reeds die voorreg gehad om voor my predikantskap hier as konsulent van die gemeente te werk. Meerdere vergaderinge het nog nie in daardie jare konsulente vir gemeentes benoem nie. Vakante gemeentes en ook gemeentes waarvan die predikant om een of ander oorsaak lang verlof ontvang het, moes hulle konsulente self beroep. Toe ds. Vorster lid van die Volksraad geword het — dit was as verteenwoordiger van die kiesafdeling Albert — het die kerkraad eers op 'n ander wyse voorsiening gemaak. Later is besluit om 'n konsulent te beroep. Die keuse het op my geval, en van 1918 af tot die begin van 1921 het ek in die hoedanigheid hier gedien.

En nou onthou ek die staaltjie van 'n flater wat ek in die tyd gemaak het, waaroor ek so skaam gevoel het. Dit was met 'n nagmaalsgeleentheid, die Saterdagmôre. Die troudiens moes begin. Ek wis van 'n jong suster — ek het haar op Witrand goed leer ken — wat hierdie keer in die huwelik sou tree. Ek wou my egter vooraf goed vergewis hoeveel pare hier is en gaan toe na die skriba om die nodige inligting van hom te kry. Hy verseker my toe: Hier is net een paar. 'n Hele paar persone het sedert my aankoms met my oor troues kom praat. Ek was egter so te sê nog 'n vreemdeling hier en het maar van die vermoede uitgegaan dat almal dieselfde huwelikspaar bedoel. Toe die diens moes begin, gaan ek vroeg genoeg om betyds in die kerkgebou te wees. Toe ek binnekom, sit daar 'n klompie besoekers; en by 'n tafel naby die preekstoel sit die bruid en haar bruidegom. Maar daar sit toe nog 'n broeder en 'n suster, ook naas mekaar. Ek kon toe sommer vermoed het dit is ook 'n huwelikspaar. Maar my gedagtes was in 'n groef en kon daar nie uitkom nie. Ek dink toe vaagweg, sonder om my daar behoorlik rekenskap van te gee: Dit is seker die strooijonker en -meisie. Ek groet met 'n vriendelike hoofknik en begin dadelik om die register vir die een paar in te vul. Na voltooiing daarvan staan ek met my boeke en die duplikaat op, klim op die klein preekstoeltjie reg voor die kansel en begin met die diens. Nadat die diens al 'n tydjie aan die gang was, kom een van die familie van die bruid na my toe. Toe hy 'n kansie sien, nader by vinnig en fluister my in

die oor: "Dominee, gaan dit dan nou reg?" Ek dag hy is van mening daar haper iets met my liturgiese orde en antwoord vriendelik en gerusstellend: "Toe maar, oom Louw, wees gerus". Ná die verrigtinge op die kanseltjie klim ek af, en ons gaan weer na die tafel vir die ondertekening. Onderwyl ons hiermee besig is, kom dieselfde broeder weer na my toe en sê vir my: "Dominee, maar hier is 'n misverstand; hier is nie net een paar trouers nie, hier is twee." Die mededeling was vir my 'n skok, maar ek het deur die genade van die Here kalm gebly en besluit om te doen wat na die beste van my oortuiging gedoen moet word om die ander huwelik ook behoorlik te bevestig. Ek het eers behoorlik my spyt te kenne gegee oor my flater en beleef om verskoning gevra. Ek verklaar toe verder dat die betrokke paar tog alreeds saam met die ander paar alles gehoor het en dat ek nou eers die register vir hulle ook sal invul, die betrokke vrae aan die bruidegom en bruid sal stel, hulle antwoorde sal aanhoor en dan met die seëngebiede sal afsluit; en dit alles is so gedoen. Hiermee was die saak na die beste van my gedagte afgehandel. Ek was egter baie spyt oor my flater. Maar dit was nie die einde nie. Ek sou later nog weer daarvan hoor; nie direk nie, maar indirek. Sommige van die familieleden was glo erg begaan en ontevrede. Niemand van hulle het met my kom praat nie, maar dis aan my meegedeel.

Die betrokke huwelikspaar het na die gebeure nie enige blyke van gegriefdheid te kenne gegee nie. Hulle het miskien gelowig en nugter van die gedagte uitgegaan dat ons almal feilbaar is, daarom dikwels struikel (Jak. 3:2) en alles vergewe en vergeet. Nie lank daarna nie is ek hier as predikant bevestig en het ons by hulle huisbesoek gedoen. Hulle het deur hulle goeie optrede getoon dat alles vergewe en vergeet was.

En wonderlik! die Here het dit so beskik dat daar na verloop van 'n tydjie iets voorgeval het wat op sprekende wyse hulle goeie gesindheid bevestig het. 'n Aantal jong broeders en susters het hulle vir die openbare belydenis van hulle geloof aangemeld. Dit was 'n groot klas, en dit was 'n genot om die jongmense te kerkiseer. Hulle het almal uit goeie huise gekom, en op grond van hulle kennis, belydenis en wandel kon almal met vrymoedigheid tot die openbare belydenis toegelaat word. Dit was vir my inspirerend om die mooi klompie jong broeders en susters onder die erediens voor die preekstoel te sien sit, jong manne en vroue wat die belange van Gods kerk en sy koninkryk, en hierby ook die van ons volk en vaderland, op die hart moes dra om op alle terreine van die lewe te arbeid en te stry. Hulle is ná die preek vriendelik versoek om op te staan; die Formulier van vrae sou aan hulle voorgelees word, daarna die name, en elkeen moes ná die lees van sy of haar naam paslik "Ja" antwoord. Dit is gedoen, die verdere nodige verrigtinge het gevolg en die erediens is op paslike wyse afgesluit. Toe ek by die konsistoriedeur uitloop, kom 'n broeder ewe vriendelik na my aangestap en sê vir my: "Dominee, daar het met die aflees van die name van die jong broeders en susters vandag 'n foutjie gekom: U het ons dogter se naam nie afgelees nie. Maar ons neem u glad nie kwalik nie; ons kon duidelik merk dat dit net 'n oorsig was en niks meer nie. En ons kind het daar in die openbaar saam met die ander voor die kerkraad en die gemeente belydenis van haar geloof afgelê. Sy het nou wel nie met haar mond belydenis van haar geloof afgelê nie, maar met haar hart het sy dit gedoen, en sy is saam met al die ander aanvaar as 'n belydende lidmaat van die gemeente." Die mededeling van die broeder was aanvanklik vir my 'n skok, maar onder die praat van die broeder het sy hoflike houding my ten volle oortuig dat daar in die harte van die broeder en suster nie die geringste grief teen my is nie. Dit was vir my die duidelike proef op die som, want die broeder wat met my kom praat het, en sy eggenote, was die betrokke bruidspaar wat ongeveer twee dekades vantevore die verleentheid moes deurmaak deur my flater met hulle huweliksbevestiging die dag; en die jong suster was hulle oudste kind! Gewis, hulle het geen griewe gehad nie; en as hulle tog griewe gehad het, dan was alles vergewe en vergeet. Die proef op die som was daar, en dit het van die Here gekom. Ek het innig dankbaar gevoel.

Ds. L.P. Vorster was, met verlof van die kerkraad, lid van die Volksraad. Hy het egter later sy emeritaat aangevra sodat die gemeente weer kon beroep. Ek het 'n beroep hierheen aanvaar; op 7 Januarie 1921 is ek en my vrou met ons twee kindertjies by die ou pastorie, op die hoek van Kerk- en Van Stadenstraat, skuins oorkant die poskantoor,

baie hartlik deur die gemeente verwelkom. Dit was met 'n nagmaalsgeleentheid, en die plein was vol waens en tente. Die wêreld was pragtig! Deur mooi reëns wat vantevore geval het, het die gras, bosse en bome 'n mens se oë gestreel. Die gras in die dale was soos groen matte, en deur die geboomte en struikgewas, die kranse en rotse was Magaliesberg soos 'n lieflike skildery wat 'n mens se hart bekoor en die aangenaamste gewaarwording in jou wek.

Rustenburg was vir geruime tyd ná my bevestiging 'n plattelandse gemeente met min lidmate op die dorp. Hier was in die beginjare ook maar net een dorpswyk met ook enkele huisgesinne op plase naby die dorp. 'n Groot gedeelte van die gemeente was gevestig op digbewoonde plase nie ver van die dorp af nie. Dan was daar die uitgestrekte Bosveld met vier taamlike groot wyke. Sommige lidmate daar het ook na aanmekaar gewoon, maar die meeste was oral verspreid; sommige meer as 160 km van die dorp af.

Vervoermiddels was skaars. Motors was 'n seldsaamheid. Ook perde- en muilkarre was nie volop nie (perdesiekte was soms baie straf). Byna die hele gemeente moes met nagmaalsgeleenthede met ossewaens dorp toe kom en hulle tente by hulle waens op die plein opslaan. Enkeles van die broeders wat 'n kar en perde of muile besit het, het soms hulle ossewa met die tent en ander benodigdhede vooruit gestuur om eers nog dringende werk op die plaas te doen en dan só in te kom dat hulle Saterdag nog mooi betyds vir die voorbereidingsdiens is. Een so 'n geval wat ek onthou, was die van oom Hennie, 'n seun van kommandant H.P. Malan. Hy het dit kort ná my bevestiging alhier eenkeer met 'n nagmaalsgeleentheid ook so gereël dat hy en nog iemand eers Saterdag per motor sou inkom vir die voorbereidingsdiens. Daar het vir hom egter 'n groot teleurstelling gekom. Toe hulle wou vertrek, is die motor onklaar. Dit was vir oom Hennie 'n groot skok. En wat sal hulle doen? Daar is nie tyd nie. Hulle spring dadelik weer aan die werk om hulle voertuig aan die gang te kry. Hulle vat hier en hulle vat daar en is so haastig dat die sweet van hulle afrol. Maar hulle loflike poging is tevergeefs. Daar is binne-in oom Hennie egter nie die geringste ongeduld nie. Hy is net heilbegerig, en sy hart brand van verlange. Die tyd vlieg, en die minute gaan vir hulle soos sekondes verby. Maar wag, die muile is mos in die kamp. Hulle moet gou gaan haal word, en as hulle voorspoedig reis, kan hulle dit miskien nog haal. Daar moet egter nou nie 'n enkele minuut verlore gaan nie — almal moet dadelik gaan om te gaan soek. Daar is egter, helaas! vir oom Hennie 'n nuwe teleurstelling: die muile is nêrens te vind nie. Hy maak sy mond egter nie oop om iets ongerymds te sê nie, en sy hart gaan biddend uit na sy God en Vader in die hemel. En hoe innig dankbaar is hy as die berig kom: Iemand het die muile raakgeloop, en hulle is al naby. Binne 'n paar oomblikke is daar ingespan, en daar ry hulle. Dis al laat, maar hulle sal aanjaag. Hulle ry en ry onverpoos tot voor die kerkdeur. Oom Hennie klim vinnig af en stap die kerk eerbiedig by die voordeur in. Die gebou is van voor tot agter vol. Hy draai links, gaan sit in die agterste bank op die eerste sitplek, en op dieselfde moment val ek op die kansel in met die voorlees van die slotvers, naamlik Ps 138:4.:

*Als ik, omringd door tegenspoed,
Bezwijken moet,
Schenkt Gij mij leven;
Is 't, dat mijns vijands gramschap brandt
Uw rechterhand
Zal redding geven.
De HEER is zoo getrouw, als sterk;
Hij zal Zijn werk
Voor mij volenden;
Verlaat niet, wat uw hand begon,
O, Levensbron,
Wil bijstand zenden (Ps. 138:4)*

Ek het oom Hennie die kerk sien inkom en gaan sit. Toe ek hom ná die diens buite ontmoet, vertel hy my die hele geskiedenis en sluit sy hartroerende verhaal af met die

woorde: "Dominee, die vers was vir my mooier as die mooiste preek wat ek nog ooit gehoor het". Die Here het oom Hennie getroos en hy was gelukkig en dankbaar.

Eredienste

Die eerste tydjie na my bevestiging alhier was die opkoms op gewone Sondae in die kerk maar taamlik klein. Dis ook verklaarbaar: Eerstens het ons, soos reeds gemeld, maar 'n klein klompie lidmate op die dorp en hier naby op plase gehad. Hierby kom dat sommige, as gevolg van die swaar tye op finansiële gebied, nie oor die nodige vervoermiddels beskik het nie. Ook was daar, helaas, gevalle van traagheid om die eredienste te besoek.

Weens droogtes, 'n swak mark vir produkte en ander oorsake was boerdery so onekonomies dat sommige van ons knapste boere met die beste wil ter wêreld naderhand nie meer 'n bestaan kon maak nie. En waar moes hul heen? Sommige het dorp toe getrek om te kyk of hulle nie êrens 'n verdienste kon kry nie. Ander het noordwaarts gegaan — enkeles tot in Suid- en Noordwes-Rhodesië.

Tering na die nering

Sommige lidmate van ons gemeente en ook uit buurgemeentes wat op die dorp kom woon het, was in die begin grootliks afhanklik van die karige inkomste van seuns en dogters wat hier 'n verdienste kon kry. Sommige het in die tabakkoërasie en ander in die sitruspakhuis kom werk. Die huisgesinne van die plase af was meesal behoeftig, maar die broeders was gewillig om hard te werk, en hulle het spaarsaam gelewe. Sommige het 'n geringe verdienste gekry, en dan moes hulle nog huis bou ook. Die huis het in die begin gewoonlik maar uit 'n paar vertrekies bestaan. Later het die verdienste verbeter. 'n Mens kon die broeders en susters bewonder. Man, vrou en kind moes soms werk om net eers onder 'n dak te kom. Deur die seën van die Here het dit met die meeste later beter gegaan. Enkeles het heeltemal welgesteld geword. Ons mense wat van die platteland af hier ingetrek het, het oor die algemeen mooi Christelik gelewe. Sommige was van die begin af ook getrou met hulle kerkbesoek. Ander was minder getrou. Hierbo is melding gemaak van traagheid by sommige. En, eienaardig, 'n broeder en suster wat dig by die kerk kom woon het, het die kerkdienste met nagmaalsgeleenthede getrou besoek; maar op gewone Sondae het hulle by die huis gebly en glad nie kerk toe gekom nie. Ek dink dat die broeder en suster in 'n groef geraak het. Hulle moes voor hulle intrek hier altyd taamlik ver met die ossewa reis om by die kerk te kom, en hulle het net die vier keer met nagmaalsgeleenthede gekom. Dit het 'n gewoonte geword en is so vas in hulle ingewortel dat dit veel arbeid gekos het om hulle daaruit te kry en tot gehoorsaamheid te beweeg. En gelukkig as die arbeid van die bouers deur die Here geseën word en as Hy self die huis bou! En, wonderlik, as die opkoms van die gemeente swak is, dan is dit of die blydschap en vreugde onder die aanwesiges gedemp is; dis of hulle terneergedruk en ongelukkig voel. Maar as die opkoms goed is, dan is almal verheug en bly, en hulle gesigte straal van vreugde. Almal is bly, maar die vreugde, veral van die ampsdraers, is groot. Ek dink hier allereers aan die ouderlinge en diakens. Dis manne wat groot opofferinge moet maak, en dit sonder enige vergoeding. Hulle moet soms ver reis onderneem om hulle wykslidmate te besoek; dis soms vroeg opstaan en laat gaan slaap; soms herhaalde besoeke — miskien tot drie en vier maal by huise waar hulle die lidmate nie spoedig tuis kan aantref nie. Soms is dit by al hulle druk arbeid en take; die kerkraadsvergaderinge en al die ander arbeid in diens van die kerk, wat veel van hulle tyd en kragte verg. En die manne (veral die ouderlinge) het soms veel genade vir hulle take nodig, want dis soms hardnekkige mense wat hulle moet vermaan. Maar hoe dankbaar is die manne en hoeveel vreugde is daar in hulle harte as hulle die mooi opkomste sien en onder die aanbidders miskien 'n broeder of suster wat hulle met veel liefde en volharding moes bearbei. En veral in die hart van die herder en leraar is daar veel vreugde as die lidmate Sondae kerk toe stroom om te kom luister na die prediking van Gods Woord en te kom aanbid. Dis verklaarbaar dat sy vreugde veral groot sal wees, want ons Opperherder, onse Here Jesus Christus, het hom geroep om te dien as herder van die hele kudde. En as hy op die kansel staan

en sy oë gaan oor die gemeente, die groot skare van heilbegeriges, en hy merk tussen die menigte miskien die en die broeder of suster, aan wie al veel gearbei is, dan is sy hart vol jubelende blydschap en sy vreugde ken geen perke nie. Die blydschap in die harte van al Gods kinders is nie aards nie; dit is hemels. En die blydschap en vreugde is so wonderbaarlik groot omdat hulle as kinders van hulle hemelse Vader byeen is en Hy kenlik in hulle midde is om hulle te vermaan, te vertroos, te versterk en te bemoedig.

Hierbo is gemeld van die groot opofferinge wat ouderlinge en diakens hulle soms moet getroos, en hier is 'n sprekende voorbeeld daarvan. Oom Pietjie Schoeman was iemand wat sommer 'n mens se hart gesteel het. Hy was 'n ouderling van Lydenburg en het in Schoemanskloof gewoon. Oom Pietjie was nie 'n welgestelde boer nie. Hy het sy eie stukkie grond gehad, maar hulle moes mooi met hulle geldjies werk om te kan bestaan. Oom Pietjie moes skape wat hy in sy wyk vir die kerk gekollekteer het, bymekaarmaak, en hy het niemand gehad om te stuur nie en ook nie 'n ryperd om te ry om dit self te doen nie. Hy het egter, sonder om twee maal te dink, te voet in die pad geval en die skape bymekaargemaak. Oom Pietjie sou so iets nooit aan ander as 'n besondere prestasie vertel nie. Oom Pietjie het my op 'n keer tydens 'n meerdere vergadering gevra om die dienste met 'n Geloftefees op hulle feesplek in Schoemanskloof te kom waarneem. Ek kon hom egter toe nie sê of dit vir my moontlik sou wees nie. Ons sou mekaar egter by lewe en welsyn 'n weinig later, ook met 'n meerdere vergadering, weer ontmoet. Ek noem toe die plek van die vergadering en sê: "Oom Pietjie, as ons gespaar bly, sien ons mekaar daar weer; dan sal ek Oom kan sê of ek kan kom en dan kan ons die saak beklank". (Die vervoeging van die laaste woord in Nederlands is mos: beklanken, beklonk, beklonken).

Toe ons vergadering sluit en ons mekaar groet, sê die ou vader vir my: "Goed, Dominee, afgespreek; ons ontmoet mekaar dan daar met die vergadering, en dan kan ons die saak bekonkel". Ek vermoed dat iets soos 'n skuitjie met bostaande vervoeging as vraggie in oom Pietjie se kop gedobber en gemaak het en dat "bekonkel" al was wat nog in die skuitjie oor was toe dit eindelijk aan wal kom.

Buitedienste moes soms ver in die distrik gehou word. Die kerkraad het egter vir sulke gevalle die nodige voorsiening gemaak en bepaal dat ouderlinge die dienste op die dorp om die beurt moes waarneem. Op 'n Sondag was die predikant afwesig, en die beurt-ouderlinge het ongelukkig nie opgedaag nie. 'n Broeder diaken het egter met die oog op die huweliksgebooie gesorg dat die afkondigingsboek byderhand is. Die klompie aanwesiges sou seker dankbaar gewees het as hy toe darem vir hulle 'n diens waargeneem het deur Skriflesing, Psalmgesang en gebed. Hy het dit egter om een of ander rede nie gedoen nie. Hy het slegs verduidelik dat daar geen diens sou wees nie omdat die beurt-ouderling nie opgedaag het nie. Hierna het hy nog die huweliksgebooie afgekondig, en toe kon die klompie broeders en susters maar vertrek. Suster Alta en haar dogtertjie Nora — br. Alta was die Sondag nie tuis nie — was ook spoedig op pad huis toe, Nora langs haar mammie met haar handjie in haar mammie se hand. "Mammie", sê sy, "ons predikant is mooier as die predikant wat vanmôre gepreek het, maar hy preek darem mooier as ons predikant." Ek het dit geniet toe ek hierdie kommentaar verneem.

Ons mense het in vroeër dae met nagmaalsgeleenthede, veral saans, soms lekker gesit en gesels tussen die tente op die plein. In die winter het hulle altyd rondom 'n lekker vuur gesit. Dit het 'n strelende uitwerking op hulle gehad, want die vuur het gewoonlik vrolik met hulle gesels en hulle daarby ook lekker warm gehou. Die gesprekke het oor verskillende onderwerpe gegaan en was soms baie leersaam. Dit was soms Bybelonderwerpe. Sommige het meer die praatwerk gedoen; ander het meer geluister, soms 'n woordjie ingegooi om 'n gedagte aan te vul of 'n vraag te stel. Die gesprekke het soms ook oor boerdery gegaan. Dikwels het die politiek van die dag hulle beetgepak. Daar was egter dikwels ook humor, en dan kon hulle 'n keertjie lekker lag. Ons moet nou nie dink dat dit in die gesprekke altyd so volmaak toegegaan het nie; daar was soms gevare dat gesprekke kon handuit ruk en ontaard. Dit was egter maar uitsonderlike gevalle. Oor die algemeen was die gesprekke opbouend, en dit het gehelp om broeders

te vorm vir die stryd van die gelowige.

Belydeniskatkisante

'n Opvallende verskynsel gedurende my predikantskap op Koster en ook in die tydjie van my konsulentskap en die eerste paar jare van my predikantskap alhier was dat daar so min belydeniskatkisante was. Oor die aantal kleiner kinders in die katkisasies op Koster en hier kon daar nie gekla word nie; dit was mooi getalle, en dit was 'n vreugde om voor die klasse te staan. Maar jong broeders en susters in die belydenisklasse was daar maar min — twee groot gemeentes en baie min belydeniskatkisante en ook min huwelikspare. Hierdie verskynsel was een van die droewige gevolge van die Engelse Oorlog. Daar het baie kinders in die konsentrasiekampe gesterwe, en wat geboortes betref . . .

Maar hoe wonderbaar! Die belydeniskatkisante en, 'n weinig later, ook die huwelikspare het vermeerder! Eerstens het heelparty ouers in buurgemeentes hulle kinders na die hoërskool alhier, wat in 1922 opgerig is, gestuur om verder te kom leer. Tweedens het daar ook heelparty jongmense hierheen gekom vir 'n verdienste; grootliks ook om hulle ouers te help. Derdens — en dit is sekerlik die belangrikste — die baie kinders wat ná die oorlog gebore is, het opgegroeï en hulle openbare belydenis hier afgelê. Dit was toe groot getalle — een jaar (dit is volgens die statistiek van 1931) nie minder as eenhonderd-vier-en-twintig nie. Ook die huwelikspare het vermeerder. Die vermeerderinge oral in ons twee vroeëre republieke was 'n werk van Gods genade tot seën vir sy kerk op aarde en ook vir ons volk. Aan Hom alleen daarvoor die eer en die dank.

'n Aanddiens op Elandskraal

Ek het die voorreg gehad om die wyk Elandskraal kort na my aankoms in die gemeente met huisbesoek deur te gaan. Hier was ek tussen die Van Wyks, en ek was aangenaam tuis by die ouderling, oom Cassie van Wyk, en sy eggenote, tant Hester. My eerste diens in die wyk het ek toe een aand tydens die huisbesoeke in hulle huis gehou.

Die nuwe skoën

My skoonvader, H.C. van Rooy, het my iets interessant meegedeel wat ek nie gou sal vergeet nie. Die vader van die Van Rooy's was 'n onderwyser uit België wat hom in Steynsburg kom vestig het. Geld was in daardie dae maar skaars. Ook onderwysers het maar min verdien. Die ou vader en moeder het naderhand 'n hele klompie kinders gehad, en hulle moes mooi werk om met hulle geldjies deur te kom. Om te besuinig, moes hy toe ook maar self vir sy seun skoene maak, en as een van die twee skoene eerste gedaan raak, het hy nie 'n volle paar nuwes gemaak nie maar net die oue vervang, om dieselfde te doen as die ander een gedaan raak. Die seuns het toe gedurende kerkdienste en ander byeenkomste die voet met die mooi nuwe skoën vorentoe gestoot en die ander een agtertoe weggesteek. Die ou vader het sy seuns geleer om arbeidsaam te wees en veral ook om te spaar, en hy het deur Gods genade mánne van hulle gemaak. My oudste broer en ek loop, toe ons nog seuns was, een Sondagoggend ná die kerkdienste op Aliwal-Noord terug huis toe. Dit was die môre 'n goeie preek, en hy sê vir my: "Dit was vanmôre 'n kispreek". Ek wonder of alle predikante nie maar hulle kispreekte het nie. My preek die aand op Elandskraal was ook een van my kispreekte. My preek in die wyk in die nuwe gemeente was vir my iets van 'n intrepreek, en ek het maar die voet met die beste skoën vorentoe gehou.

Professor Kamp het soms in die klas vir ons gesê dat hy alle agting het vir 'n geslag wat 'n lewe van arbeid, van opofferinge en van stryd agter hulle het. Sulke mense is gewoonlik manne en vroue van staal, en hulle is ook die mense wat naderhand sover kom dat hulle in besit is van goue lepels wat hulle deur hulle arbeidsaamheid en vlyt verwerf het. As 'n sprekende voorbeeld hiervan het hy dan die manne en vroue in Nederland van die Tagtigerjarige Oorlog (1568 — 1648) teen Spanje genoem. Dit was inderdaad 'n donker tyd wat die klein volkie belewe het. Dis vir 'n mens moeilik om jou in te dink welke lyding hulle moes deurgemaak het. Dis waar dat die oorlog nie gedurende die tagtig jaar altyd ewe fel gewoed het nie — daar was soms tye van

verposing.

Maar dit was darem oorlog en geen vrede nie. Gedurende lang tye het dit weer bitter swaar gegaan.

Dit was soms of die stryd bo hulle kragte gaan en hulle voor die felle aanslae van die vyand sou swig. Hulle het egter moed gehou en volhard, en deur die genade van die Here besieling geput uit die loflike ideale waarvoor hulle teen die Roomse Spanje gestry het, naamlik hulle volle staatkundige vryheid en Protestantse erfenis. Maar hulle het verarm. Van arbeid het daar by tye omtrent niks tereggekom nie. Die bevolking het swaar laste gedra waaronder hulle moes swoeg. Maar hulle het volhard, en hulle is gebrei en gestaal. Na 'n paar skitterende oorwinnings het die vrede gekom by die Vrede van Münster (1648).

Daar was vreugde en innige dankbaarheid, en Nederland het gejuig! Hulle moes toe hard werk en spaarsaam lewe. Daar was daadkrag, op alle gebiede 'n pragtige opbloeï, en die welvaart het gekom. Nederland was ryk en welvarend, en dit was glad nie iets vreemds om met 'n feesmaaltyd **lepels van goud** op die tafel te sien nie!

Maar daar was toe groot gevaar. Daar is 'n Nederlandse gesegde: "Het moeten sterke benen zijn die weelde kunnen dragen", en naderhand het die weelde ook sy verskyning gemaak!

Héé! Dominee, blóéd!

Die twee — 'n orrelis van die Gereformeerde Gemeente Krugersdorp en sy eggenote — beide Hollanders, het op 'n dag saam met my swaer Isak van Rooy, destyds onderwyser aan die Hoërskool Monument, vir 'n uitstappie hier aangekom. Ons gaan na 'n rukkie na die bome in die tuin, en die twee mense was in die wolke toe ek hulle tussen die sitrusbome rondneem. Dit was vir hulle soos 'n droom! En dit was vir hulle 'n ondervinding om self van die soet nawels af te pluk en te eet — alles te goed om waar te wees; en jy hoor net woorde van blydschap en hoë waardering. Ek neem hulle toe na 'n bloedlemoenboom. Die rooikleurigheid van die skil is 'n goeie aanduiding om 'n mens te laat sien dat die lemoen binne mooi sterk bloedkleurig is. Ek pluk een af, sny hom in die dwarste middeldeel en hou die twee helftes in my twee hande om hulle dit te laat sien. Die dame kom vinnig nader, neem die twee helftes in haar hande, kyk 'n rukkie om die beurt eers na die een en dan weer na die ander; sy is half spraakloos, en met verwondering sê sy: "Héé dominee, blóéd! Hoe komt 't erin? Word 't erin gespóte?" Die broeder en suster was aangename gaste vir die dag.

Ons seuntjie Gawie (Gabriël)

Ons het gedink hy is 'n baie gesonde kind. Hy was 'n sterk baba, nooit huilerig nie en het gewoonlik die hele nag deur lekker geslaap. Toe hy groter word, was hy blymoedig en het lekker gespeel en mooi geleer.

Kinderhumor

Toe hy omtrent drie jaar was — ons het toe nog op Koster gewoon —, staan ek een oggend in ons slaapkamer voor die spieël en skeer, en hy sit vol belangstelling in sy bedjie na my en kyk. Ek het net my eerste koppie koffie gedrink en — met permissie — hier borrel 'n windjie by my keel uit. "Sies, otjie!" sê hy, en verder: "As ek netnou hier opstaan vat ek my sweep en ek jaag jou in die kraal en ek maak die hek toe". Ek kon my ore nie glo nie, maar ek kon my lag ook byna nie hou nie, want hy het altyd die nodige eerbied vir sy ouers gehad. Dit was egter nog nie die end nie. Sy oog val toevallig op 'n rofie aan sy een beentjie; hy voel meteens behoefte aan 'n bietjie bejammering en sê met 'n huilstemmetjie: "Pappie". Hy korrigeer homself egter en val weer weg: "Otjie, kyk net hierdie seertjie aan my been!" Dis of die hele insidentjie met die woorde in my siel ingegrif staan!

Toe hy omtrent agt jaar was, merk ek en my vrou een oggend onverwags dat sy een beentjie effens lam is. Ons was verontrus en was bang dat dit dalk kinderverlamming

kon wees. Ons huisdokter (J.M. Hill) was, op ons versoek, gelukkig spoedig by om hom te ondersoek, en hy kon ons so te sê dadelik verseker dat dit nie kinderverlamming is nie. "Dat die beentjie effens slap is", hy het gesê, "kom van die seertjie daar teen die been. "Maar", het hy verder gegaan, "ek is jammer om u dit te moet meedeel, Gawie het 'n lekhart." Dit was vir ons 'n groot skok om dit te verneem. Sy moeder het aan 'n lekhart gely as gevolg van rumatiekkoors wat sy in haar kinderjare gehad het, maar hy is daarmee gebore. Die dokter het ook aan ons verduidelik hoe dit vasgestel kan word of iemand aan die kwaal ly as gevolg van rumatiekkoors en of hy daarmee gebore is. Sy been was net die volgende dag weer normaal, maar die gedagte dat hy aan 'n lekhart ly, was vir ons 'n beproewing. Hy was egter so gesond en opgeruimd dat ons soms byna skoon van sy kwaal vergeet het. Toe hy tien was, het hy eendag siek gevoel. Dokter het vasgestel dis griep. Sy temperatuur het taamlik hoog geklim, maar na 'n paar dae het dokter verklaar dat hy heeltemal gesond is en sy hart soos gewoonlik.

Die onvergeetlike dag

Dit was nagmaal, die eerste Sondag van Oktober. Die opkoms was pragtig. Saterdagnamiddag het ons, soos gewoonlik, die voorbereidingsdiens gehou. Die gees tussen ons mense was aangenaam. Ná kerk het hulle op die plein oor en weer by mekaar gekuier en lekker gesels. Dit het naderhand laat geword. Almal op die plein het rustig geslaap; ook ons in die pastorie. Gawie en 'n maatjie, Wim (Willem) Meyjes, het op die agterstoep — dit was soos 'n goeie slaapvertrek — geslaap. Ek is Sondagoggend vroeg op en studeerkamer toe om my verder vir die nagmaaldiens voor te berei. Terwyl ek ernstig sit en werk, kom my vrou haastig na my toe en sê vir my ek moet na Gawie kom kyk, hy lyk vir haar so anders. "Ek is 'n paar minute gelede by hom verby, het hom wakker gemaak en hy het niks makeer nie", voeg sy nog daarby; en sy was aangedaan. Toe ek by die bedjie kom, kon ek sien hy is oorlede. Die dokter was gou by, maar moes ook verklaar dat ons liewe kind oorlede is — sy hart het gaan staan! Dis seker maar die griepaanval wat die hart beskadig het. En dit het gou bekend geraak — op die plein en oral in die dorp by gemeentelêde en vriende. Ons buurvrou, mev. Ann Combrinck, was die eerste by om ons te help en te ondersteun. Ons harte was verbysel en ons was verslae. Die HERE het gegee, en die HERE het geneem; die Naam van die HERE sy geloofd.

Professor dr. S.J. van der Walt, wat toe 'n derdejaar-teologiese student was, was toe op Rustenburg by vriende. Op versoek van die kerkraad was hy bereidwillig om 'n môrediens waar te neem, en ds. Duvenage van Koster het oorgekom en die nagmaalsdiens later die dag waargeneem. Die Here het voorsien, en aan Hom die eer.

'n Hele tydjie voor Gawie se oorlyde het hy op 'n dag vir sy mammië gesê dat ons tog nie moet toelaat dat vroumense hom ontklee en sy doodsklere vir hom aantrek wanneer hy te sterwe kom nie. Vir sy gerusstelling antwoord sy hom dat 'n mens se liggaam niks weet van wat gebeur as jy dood is nie. "Oë, mammië", antwoord hy hierop, "maar hulle sal sommer op my gesig sien hoe vies is ek!" 'n Tweede versoek van hom was dat ons, as hy te sterwe kom, 'n wit steentjie op sy graffie moet sit; aan die versoek is ook voldoen. Vandag is hierdie twee versoeke van ons oorlede seuntjie vir my 'n groot troos. Sy eie moeder is later ook oorlede. Ek is oortuig dat die Here vroeg in sy lewe, wat maar kort was, deur sy Heilige Gees in sy kinderhartjie gearbei het om hom voor te berei vir sy naderende lewenseinde en dat ons kindjie Salig in die Here ontslaap het en nou by Hom in die Hemel is.

Oom Sarel Venter

Oom Sarel van die plaas Modderfontein was, toe ek hier bevestig is, een van die bejaarde ou vaders in die gemeente. Hy het 'n helder verstand gehad, kon aangename gesprekke voer, en dit het gewoonlik veral oor Gods kerk en die Bybel gegaan. Oom Sarel het sy Bybel ook liefgehad. Ons sit op 'n dag met een van my besoeke daar lekker en gesels. Onder die gesprekke sê die ou vader naderhand vir my: "Dominee, hierdie woorde van die Psalmversie is vir my so mooi en vertroostend: "Want Gods goedheid zal u druk". Dis, soos die leser seker weet, 'n aanhaling, hoewel nie heeltemal korrek nie, uit

vers 3 van Ps. 42 in die Nederlandse beryming. Ek sê toe mooi, in alle vriendelikheid, vir die ou vader: "Oom Sarel, maar Oom lees die sin nie voluit nie: Oom moet die volgende reël ook by hierdie woorde lees; dan kom die regte betekenis mooi uit. In die boek staan:

*"Want Gods goedheid zal uw druk
Eens verwiss'len in geluk".*

Oom Sarel het my verduideliking begryp, maar ek kon goed aan hom sien dat dit hom nie aanstaan nie. Hy het nie gestry nie, maar net stilgebly; en die manier waarop hy dit gedoen het, was vir my veelseggend. Die gedagte dat dit Gods goedheid is wat jou druk in dae van beproewing, was vir hom al die jare, soms van veel smart en leed, 'n groot troos; en hy wil nie met my stry nie, maar hy wil dit liever hê soos die woorde altyd vir hom só veel beteken het. 'n Paar maande later sit ons twee weer en gesels. Meteens sê oom Sarel vir my: "Dominee, die woorde in die versie van Ps. 42: 'Want Gods goedheid zal u druk', is vir my tog so mooi en vol troos." Die ou vader het natuurlik ons gesprek van die vorige keer hieroor skoon vergeet, en ek dag toe:

*When ignorance is bliss,
It's folly to be wise.*

En ek het oom Sarel toe maar daarby gelaat.

Op Brosdoornhoek: Die reis van ongeveer 100 km daarheen was voorspoedig, maar daar was vir ons 'n teleurstelling: Ons is ernstig vertraag. Soos uit een mond sê die ouderling en diaken vir my dat ons vandag niks sal kan doen nie. "Die meeste manslidmate", sê hulle vir my, "is weg Ramakok toe om die plegtigheid in verband met die kroning van 'n Bantoekaptein te gaan bywoon." Al wat ons toe kon doen, was om ook maar daarheen te gaan om die verrigtinge by te woon. En dit het vir ons 'n besonder interessante dag geword. Ramakok was in daardie jare al 'n groot stat, en daar was net buite die stat 'n groot saamtrek van Swartmense, en ook 'n klompie Blankes op 'n oop ruimte met bosse en veldbome hier en daar. Die verrigtinge is waargeneem deur eerwaarde Buhr van die Hermansburgse sendinggenootskap, wat daar gearbei het. Hulle het vir hom 'n mooi preekstoel gemaak. Dit was 'n platform bo-op pale van omtrent 1,5 m onder 'n hoë inheemse boom met die onderste takke so ver van die grond af dat die prediker maklik daar kon staan. Die beskutting rondom die prediker was van sierlike boomtakkes in plaas van planke — 'n paslike veldkansel! Die jong kaptein het reg voor die preekstoel gesit met 'n bruin pak klere aan en 'n gebreide tiervelkaros om sy skouers. Hulle simbool is eintlik 'n leeuveld, maar hulle het ongelukkig nie een gehad nie. Die kerkraad het effens agtertoe voor die preekstoel gesit, die Swartgaste links en die Blankes regs voor die gehoor. Dit was indrukwekkend om eerwaarde Buhr op sy kansel met die groen boomtakkes rondom hom te sien staan en die groot skare voor hom en ook aan die sykante. Die aarde, en bo-oor, die hoë hemelrond wat met blye mond Gods heerlijkheid en eer vertel, was die indrukwekkende kerkgebou. Daar was eerbied en stilte. Daar was verwagting. En die diens het begin. Die openingswoorde was plegtig. En toe die sang! Dit was pragtige klanke wat weerklink het bo die ruimtes uit.

Ná die predikasie is daar 'n formulier gelees, die vrae is vir die kaptein gestel en hy het op gepaste wyse sy instemming betuig. Hierna het die gelukwensings gevolg. Mnr. Emmett van die Landdroskantoor was die kommissaris, en hy was die eerste aan die woord, 'n Swarttolk van die landdroskantoor het vertaal. Ek het die eer ontvang dat ek net na mnr. Emmett aan die woord gestel is en het gepraat oor die droom van koning Salomo by Gibeon. Hier volg 'n kort samevatting van die toespraak: "Salomo het nie van die Here 'n lang lewe of rykdom, of die lewe van sy vyande begeer nie, maar 'n opmerksame hart om goed te kan regeer; en die Here het aan hom 'n wyse en verstandige hart, en daarby ook nog rykdom en eer, gegee. Dit moet die jong kaptein ook met 'n biddende hart van die Here vra; dan sal Hy met hom wees en hom leer en lei tot seën vir hom en sy onderdane", het ek verklaar.

Hierna was daar nog verskillende toesprake van kapteins en ander hoofde. Dit was 'n

mooi seremonie. Die sprekers het maklik gepraat, en wat my baie getref het, was die mooi aanhalings uit die Heilige Skrif. Die tolk het sy taak meesterlik verrig. Hy het mnr. Emmett **baas Hemmett** genoem, maar ek het my verbaas oor sy bekwaamheid om toesprake uit Engels of Afrikaans in hulle taal te vertaal en wat die Swartsprekers gesê het, weer ewe vlot in netjiese Engels.

Die sang was pragtig! Maar nou moes dáár ook weer iets komies voorval: Een van die ouderlinge het nie sy hedereboek by hom gehad nie. Die een langs hom hou toe sy boek nader sodat hulle saam daaruit kan sing. Hy skud toe egter sy kop geweldig om te kenne te gee dat hy maklik kan klaarkom sonder om in die boek te kyk; en met 'n trek van selfvoldaanheid op sy gelaat kyk hy na ons klompie Blankes se kant toe om te sien of ons dit bemerk het dat hy die versie sommer uit sy kop kan sing.

Die depressie

Die ekonomiese depressie in die begin van die dertigerjare was een van die donkerste tye wat ons volk deurgemaak het, en ook vir ons kerke was dit 'n moeilike periode. 'n Handelslapte het oral in ons land geheers; geld was skaars en die prys van goedere het geweldig gedaal. Die insinking het in 1929 in Engeland, Amerika en ander oorsese lande begin, en voor die einde van 1930 het dit ons vaderland binnegedring. Dit was soos 'n geweldige woestynwind, 'n sikloon met donker stofwolke wat oor ons hele geliefde land getrek het en ontsettend veel skade aangerig het. Mense sonder geld kon omtrent niks koop nie, want daar was geen krediet nie; en mense wat so gelukkig was om kontant te besit, het dit vasgehou uit vrees dat hulle dit kon verloor. Mense wat finansiële skulde gehad het, is aangesê om dit te betaal. Baie boere het bankrot geraak omdat hulle die rente op die verbande op hulle plase nie kon betaal nie. 'n Mnr. Pretorius van die Kaapland, wat later by familie hier gekuier het, het my meegedeel dat hy twee plase gehad het, en deur 'n verband op een van die twee is altwee naderhand uit sy hande. Ons mense het toe nog oorwegend op die platteland gewoon, en dis juis die boere wat die swaarste getref is. Dit het so erg geword dat taamlik gegoede boere moes gaan probeer om iets te verdien, want daar was so te sê geen inkomste nie, en hulle moes lewe. Geskoolde werk kon hulle nie doen nie, en hulle moes maar vat wat hulle kon kry. Die inkomste van die staat het ook gekrimp, en die regering kon nie te veel doen om hulle te help nie. Tog was daar tegemoetkomings. Sommige kon gaan help om paaie te bou. Dit was vir my 'n hartseer om ons plaasboere daar vir die karige loon van vier sjielings (40c) per dag te sien werk. Daar was onder hulle ook grondbesitters. Aan die ander kant was 'n mens te dankbaar dat hulle tog die verdienstetjie kon kry. Ek het dikwels dienste vir ons mense in die kampe gaan waarneem, en dit het my hart goed gedoen om hulle te sien moed hou onder die moeilike omstandighede. Ons het die depressie reeds baie gedug in ons vaderland gevoel, maar toe kom daar nog bykomstige faktore waardeur dit veel intenser geword het.

Hulle was 'n drietal, naamlik die groot droogte, die Goud standaard en die ontvolking van die Platteland.

Die sielkundige faktor

Nog voordat die depressie in Suid-Afrika was, is daar van verantwoordelike kant verneem dat daar 'n groot depressie aan die kom is, so erg soos die wêreld nog nooit voorheen belewe het nie. Dit was vir vele 'n groot skok en daar was vrees in menige hart. Sommige was paniekbevange. Die wyse waarop dit aangekondig is, het sekerlik daartoe bygedra om dit te vererger, en dan het mense mekaar ook nog bang gepraat. Dit was voorwaar 'n donker tyd!

Die sinode van 1924 te Rustenburg

Ons Nasionale Sinode het in daardie jare tot in 1942 gewoonlik om die beurt in Transvaal, Oranje-Vrystaat en die Kaapprovinsie vergader. Ons was dankbaar dat ons vriendelike uitnodiging deur die vorige sinode aanvaar is; en dit was vir ons 'n eer en 'n voorreg om die eerwaarde vergadering in 1924 alhier te ontvang. Dit was met 'n nagmaalsgeleentheid teen die einde van Maart. Altesaam was hier 95 afgevaardigdes

van gemeentes. 'n Taamlike klompie van die deputate was op die kerkplein in tente tuis. Alles was vir hulle gerieflik en aangenaam gemaak, en die broeders het die soort losies die tydjie seker baie geniet. Hulle het die aangename gesprekke by familie en vriende tussen die waens en tente rond seker nie gou vergeet nie. Sommige afgevaardigdes was by lidmate op die dorp tuis; en vir die res het ons plek in 'n paar losieshuise gekry. Ek het die voorreg gehad om die openingsrede waar te neem en alle afgevaardigdes en ook verteenwoordigers van kerke en ander liggame te verwelkom. 'n Besondere woord van welkom is gerig aan ons twee teologiese professore, J.D. du Toit en J.A. du Plessis, wat op uitnodiging teenwoordig was om ons sinode in adviserende hoedanigheid by te woon. Eindelik was ons besonder dankbaar om prof. dr. H.H. Kuyper van die Vrije Universiteit, Amsterdam, in ons midde te hê, wat op uitnodiging as afgevaardigde van die Gereformeerde Kerk in Nederland oorgekom het. Daar is 'n sterk band wat ons aan Nederland bind. Ons was dankbaar dat die kerke ons uitnodiging aanvaar het, en dit was vir ons 'n groot voorreg om die geagte professor baie hartlik te verwelkom en dat hy Sondag die nagmaalsdiens kon waarneem. Dinsdag bring dr. Kuyper die groete aan ons oor, en prof. Du Toit is vriendelik versoek om hom te bedank. Die sinode het ook besluit om aan prof. Kuyper 'n adviserende stem in ons vergadering te verleen.

Die sinode het ook besluit om 'n brief van hartlike gelukwensing aan koningin Wilhelmina te stuur met haar 25-jarige regering en haar te verseker van ons blydschap dat die Here haar so lank vir haar volk gespaar het. Professor Kuyper is vriendelik versoek om die brief asook 'n pragtige velkaros by sy terugkeer as blyk van ons hoogagting aan haar Majesteit te oorhandig.

Die sinode het 'n lang program voor hom gehad. Enkele van die behandelde sake word hier aangestip: Die vertaling van ons belydenisskrifte; Bybelvertaling en verlof aan professor Du Toit hiervoor; ook die beryming van die Psalms deur hom; eindelijk die beroeping van 'n derde professor. Die kerkraad en die gemeente was innig dankbaar dat hulle die voorreg gehad het om die eerwaarde Sinode die rukkie van 29 Maart tot 11 April hier te kon hê. Dat die Here dit genadiglik so beskik het dat dit geseënde dae was en dat die broeders met vreugde en blydschap na hulle huise kon terugkeer.

Skrifberymings

'n Groot deel van die lidmate van ons kerke was, ná kennismaking met die eerste klompie Skrifberymings, ten gunste van die vermeerdering en invoering daarvan vir gebruik deur ons kerke. Dit blyk o.m. uit beskrywingspunte wat by nasionale sinodale vergaderinge vir behandeling ingekom het. Ons lidmate was egter nie eenstemmig nie; sommige het beswaard gevoel. In sommige gemeentes was dit miskien enkelinge of groepies, maar in ander — en ek noem hier drie, naamlik Theunissen, Rustenburg en Waterberg — was die lidmate byna almal daarteen gekant. Om die leser min of meer 'n begrip te laat kry hoe dit in ons kerke in verband hiermee gesteld was, meld ek hier betreklik kortliks wat in die sinodale handelinge in verband hiermee voorkom. Die saak is op vier sinodes behandel, naamlik in 1933, 1936, 1939 en 1942. Die leser word verwys na die sinodale Handelinge in verband hiermee vir nadere besonderhede. Op die laasgenoemde sinode (1942 te Aliwal-Noord) is die saak afgehandel met aanvaarding van die Skrifberymings en vir die grootse arbeid van prof. dr. J.D. Du Toit in hierdie verband.

Hier volg die besluit van die sinode wat met algemene stemme aanvaar is. Rustenburg het van die sinode 'n brief ontvang waarin die sinode sy blydschap uitspreek dat daar versoening oor hierdie saak plaasgevind het. In verband met "die geleentheid waarop die kerkraad geduldig wag" wens die sinode dit duidelik uit te spreek dat hy nie weer op die saak sal terugkom nie, en daarom vra die sinode die kerkraad en die gemeente baie vriendelik en broederlik om hulle maar aan die besluit van die generale sinode oor die Skrifberyminge te onderwerp, aangesien hierdie besluit dit tog vrylaat aan elke kerkraad om die Skrifberyminge in te voer op 'n tyd en wyse wat geskik is vir elke gemeente.

Dit was die einde van 'n lang stryd in ons Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en ook in die gemeente Rustenburg; en dit was 'n werk van Gods genade. Daar was innige

dankbaarheid in vele harte, sekerlik ook in ander gemeentes; maar ek kan nou maar alleen met kennis praat oor wat in die gemeente Rustenburg aangegaan het. Ons sou in ons gemeente eintlik geen stryd gehad het nie, maar ons Kerk in Suid-Afrika het, ná die kennismaking met die berymings, behoefte gevoel om dit te sing. In ons gemeente was verreweg die meerderheid van die lidmate daarteen gekant, en as die saak tot ons gemeente beperk was, sou dit hoegenaamd nie in die gedagte van die klein klompie voorstanders daarvan opgekom het om hulle daarvoor te beywer nie. Maar toe dit duidelik word dat verreweg die meerderheid in ander gemeentes ten gunste daarvan is, was dit ons roeping om ons gewig op die pad van gehoorsaamheid aan Gods Woord in te gooi en om te probeer om ons lidmate in die saak voor te lig. Daar het, helaas, toe egter verdeeldheid in die gemeente ontstaan en ook stryd. Die saak is dikwels in ons kerkraadsvergaderinge en soms ook in gemeentevergaderinge warm bespreek. Dit was 'n swaar tyd; dit was of daar 'n onweerswolk met 'n donker skaduwee oor die gemeente trek; en 'n mens het soms gevrees vir kerkskeuring. Versekeringe dat die Skrifberymings nie in ons gemeente gesing sal word so lank as die kerkraad en die gemeente nie ten gunste daarvan is nie, het nie gebaat nie. Die besware was onder meer;

(a) die Gesange sal vermeerder moet word en naderhand die Psalms kan verdring, en

(b) daar kan maklik naderhand gemeentes wees wat gesange sing en ander wat dit nie doen nie, wat noodlottig sal wees.

Die stryd was soms hewig, maar daar was deur Gods genade nooit vyandigheid nie. En die Here het sy goedheid en genade verder gekroon, want die wolk met die donker skaduwee het verdwyn, en daar was berusting en groot dankbaarheid. En — einde goed, alles goed. Aan onse God en Vader alleen hiervoor die eer!

My vrou, Hester Hendrina, gebore Van Rooy

Sy het lank aan 'n swak hart gely. Een van haar hartkleppe het gelek as gevolg van rumatiekkoors wat sy in haar kinderjare gehad het. Haar hart was soms vir lang tye so sterk dat sy nie veel las daarvan gehad het nie. Dan het swaakte egter — soms skielik — weer ingetree; die geneesheer moes ontbied word, en dan was dit: Bed toe — 'n paar keer vir 6 maande — en medisyne. Ook toe sy nog jonk was, het dit soms gebeur. Sy het my meegedeel dat sy eenkeer op Steynsburg, toe sy 'n jongmeisie was, ook 'n tydjie die bed moes hou as gevolg van haar hartmoeilikheid. Dr. P.C. Snyman, die vader van professor W.J. Snyman, destyds predikant van Steynsburg, was toe na die Vrije Universiteit van Amsterdam vir sy doktorsgraad, en ds. W. Postma (dr. O'Kulis) het op Steynsburg tydelik in sy plek waargeneem. Een namiddag kom hy vir krankebesoek daar aan en word na haar kamer gebring. Sy lê op 'n dubbelbed, en een van haar maats, Finie Venter, later getroud met onderwyser B. Hamersma, lê op die voetenent, en hulle twee gesels lekker. Ds. Postma het die krankebesoek op paslike wyse gedoen en daarna weer vertrek. Die volgende dag is ds. Postma weer daar vir 'n besoek en saam met hom ook mev. Postma. Toe hulle die kamer binnekom, lê die twee vriendinne weer presies net soos die vorige dag op die bed. "Sien jy vrou", sê dominee vir Mevrouw, "soos die twee daar op die bed lê, so lê hulle al daar van gister af." Al vier het die grappie geniet en lekker gelag. Veral vir die sieke was dit seker goeie medisyne, want **'n vrolike hart maak die aangesig bly** (Spreuke 15:13).

Nadat sy mooi herstel het, het sy saam met ander in die belydenisklas gesit. Oom Martiens, die vader van professor A.J.H. van der Walt, die eerste rektor van die Universiteit van Suid-Afrika, was een van die kommissielede. Op 'n namiddag naby sluitingstyd het ds. Postma met die klas gehandel oor die verdriet wat Absalom en Adonia hulle vader aangedoen het. Die klas het mooi geluister, maar hulle was seker al taamlik moeg. My vrou moes seker gedink het dat 'n bietjie humor nou darem goed sal doen om die klompie bietjie wakker te skud. Sy het seker ook maar behoefte daaraan gehad, en sy maak of sy erg afgemat is, rek haar op haar sitplek 'n bietjie uit en sê (goed hoorbaar vir almal behalwe vir ds. Postma, wat taamlik doof was): "Ek is kwaad". Die dominee het gemerk dat sy praat, maar hy het nie gehoor wat sy sê nie, en hy vra

haar wat sy gesê het. Sy is in 'n groot moeilikheid, en almal is vol van die lag. En wat sal sy antwoord? Hy het laaste oor Adonia gepraat, en sy staan ewe beleef op en antwoord: "Dominee, ek het gesê: Dawid was toe kwaad vir Adonia". Die klompie — ook die ouderlinge — kon hulle nie meer bedwing nie, en almal bars uit van die lag.

Die eerste jare ná ons huwelik was sy besonder sterk, en daar is deur die seën van die Here in die tyd twee kinders uit ons huwelik gebore. Later het haar hart egter meer en meer verswak. Dit was egter 'n wonderlike seën dat sy altyd so vol moed was. Ons moes van die begin af gereeld huishoudsters kry. Sy het egter altyd — ook in tye wanneer sy in die bed moes bly — presies geweet wat aangaan. Hulle moes ook gereeld die nodige instruksies van haar kom ontvang. Een van haar mooiste eienskappe was haar blymoedigheid. Nee, sy was nie ydel en ligsinnig nie; sy was ernstig gesind, maar altyd bly. Op haar pa se plaas was daar eenkeer tussen die ander een kalfie wat so graag gespeel het. Soms, wanneer die ander rustig wei, het hy maar alleen op sy eentjie tussen hulle begin speel. My skoonvader het toe die opmerking gemaak dat die kalfie hom altyd aan Hester laat dink. Vriendinne het graag vir haar kom kuier in tye wanneer sy in die bed moes bly. Wanneer haar siekte ernstig was, moes sy haar natuurlik stil gedra, anders het sy lekker in die bed gesit en gesels, en die besoekers het die kuier geniet.

Ek en my skoonvader het die laaste tydjie — dit was in Augustus 1936 — by haar in die kamer gebly om haar te troos en te ondersteun. Kort voor haar afsterwe het sy gevra dat ons huishoudster, Martie Bekker, moes binnekom. Martie het lank by ons gebly en stilweg haar pligte met groot getrouheid waargeneem (my vrou het ook nooit nodig gehad om haar oor iets te vermaan nie). Toe Martie inkom en naby haar kom staan, was haar laaste woorde aan haar: "Dankie, Martie, jy het mooi vir my gesorg". Ek en my skoonvader het stil na haar gestaan en kyk toe die einde kom. Sy het met haar oë hemelwaarts gestaar en sag heengegaan. Dit het ons beide opgeval dat sy haar oë so mooi hemel toe gehou het. Ons was diep beïndruk.

My tweede huwelik

Dit is vir die gelowige 'n heerlike troos dat God hemel en aarde en al die skepsele **as met sy hand** nog onderhou en so regeer dat alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy **vaderlike hand** ons toekom. Ek is op 21 Desember 1938 in die huwelik bevestig met Laurika, die jongste dogter van ds. en mev. J.A. van Rooy; en dis onse God en Vader wat haar genadiglik **as 't ware met sy hand** na my toe gelei het. Met ons troue op Potchefstroom was daar, tot ons verrassing, onder meer 'n trouepresent — 'n pragtige stel Voortrekkerteelepels in 'n netjiese dosie van mnr. Van Belkum vir ons gestuur het.

Ek en mnr. Van Belkum het mekaar die eerste keer in November 1938 met die Ossewatrekfees hier in die straat raakgeloop, met mekaar kennis gemaak, lekker gesels, en ons is toe weer uitmekaar. Hy was 'n bouaannemer van Johannesburg — sy huisadres (ek onthou dit nog soos die dag aan my meegedeel): Bynabo, Nymphstraat 11, Kensington, Johannesburg. Ek kon nooit droom dat ons ná die kort kennismaking 'n huweliksgeskenk van hom sou ontvang nie. Dit was egter maar die begin — daar sou nog verrassings kom! Ek het ongeveer agt jaar later predikant van Swartruggens geword. Op 'n goeie dag ontvang ek van mnr. Van Belkum 'n mondelinge berig: Daar is 'n juk vir my by prokureur Ammie Coetsee op Rustenburg. 'n **Juk** — en dit kom van mnr. Van Belkum! Ons het mekaar sedert die keer op Rustenburg nooit weer ontmoet nie. Ons het later af en toe aan mekaar 'n Kersfeeskaart gestuur, maar ek kan my nie herinner dat ons dit intussen gedoen het nie. Ek het hom mooi bedank vir die huweliksgeskenk. Maar sover ek my kan herinner, was dit al. En nou is daar vir ons 'n juk. Ek en my vrou was net baie nuuskierig om dit te sien. En wat was ons verbasing groot toe ons dit ontvang! Nee, dis nie 'n juk vir die ploegland of die wapad nie! Inteendeel, dis 'n pragtige ding van witstinkhout, gemaak om by die voordeur as kapstok teen die muur te hang. Aan die agterkant is die hout wit en aan die voorkant glansend donkerbruin. Verder het hy sy 4 netjiese skeie, 4 dubbele hake vir hoede en kledingstukke, agter twee koperplaatjies met gaatjies vir skroewe of spykers om hom

teen 'n muur te laat hang en (les bes!) reg voor in die middel 'n ronde koperplaatjie met die Voortrekkermonument as embleem daarop. Dis 'n lus om dit te sien en 'n voorreg om dit as meubelstuk in 'n mens se huis te hê. 'n Rukkie nadat ons die juk ontvang het, is ek en mnr. J.H. Geertsema as afgevaardigdes van die tak Swartruggens van die Reddingsdaadbond in Johannesburg in 'n saal tussen ander afgevaardigdes vir die afskeid van dr. N. Diederichs as leier van die Reddingsdaadbond. Die saal sit vol afgevaardigdes, en ons luister aandagtig na die toesprake, sang en musiek. Ek kyk naderhand na die persoon regs naas my, in 'n stil tydjie probeer ek sy aandag trek en sê vir hom: "Maar ek dink u is mnr. Van Belkum". Sy gedagtes kon nie dadelik koers kry nie; my wese het hom ontgaan en ek sê maar vir hom wie ek is. Ons groet mekaar stilletjies en luister verder maar weer na die verrigtinge. Ná die sluiting gesels ons 'n kort rukkie baie hartlik, en daarna is ons met 'n vriendelike groet en wedersydse goeie wense uitmekaar! Ek word in 1951 bevestig as predikant van Pietersburg. Op 'n dag hou 'n afleweringsvoertuig van die Spoorweë by ons huis stil. Ons ontvang uit Johannesburg 'n mooi sterk kartondoos met iets daarin. Wat kan die inhoud wees en van wie kom dit? Ons kan nie raai nie, maak oop en vier mooi erdewerkpotte kom te voorskyn. Met die volgende pos kry ek 'n vriendelike brief van mnr. Van Belkum met die mededeling dat hy 'n pottebakkerij opgerig het en daarvoor twee vakmanne uit Engeland laat kom het. "Dominee", skrywe hy daarby, "ik heb van ze beiden nationalisten gemaakt."

Ek en 'n ouderling het per motor in een van die buitewyke van die gemeente vir huisbesoek gery toe ek die motorradio vir die sesuurnuus aanskakel. Dis al effens oor 6 en ons hoor net die laaste deel van 'n berig dat mnr. Van Belkum van Johannesburg oorlede is en dat die begrafnis op Heidelberg sal plaasvind. Ek het sommer gegis dat dit my goeie vriend is wat oorlede is. Ek wis dat sy vader, ds. Van Belkum, voor ek op Rustenburg gekom het, predikant van die Nederduitse Hervormde Kerk op Rustenburg was en dat hy voorheen predikant van Heidelberg was. Ek het sommer gegis dat hulle daar 'n familiebegraafplek het en was toe oortuig dat dit my liewe vriend is wat oorlede is. Ek het aan die familie, so goed as ek kon, 'n mooi brief van ons meegevoel geskrywe.

Die Here het ons harte verbly deur die geboorte van 'n welgeskape kindjie, 'n dogtertjie. Ons was dankbaar oor die groot geskenk. Toe sy 'n babatjie was, het ons baie gesukkel met haar voeding. Die kos wou nie met haar akkordeer nie en sy het soms strawwe koliekpyne gekry. Ons was met haar by 'n paar geneeshere. Hulle het hulle bes gedoen, maar die middels wou nie bra baat nie. Een oggend — sy was toe vyf maande — het sy weer strawwe pyne gehad. Ons was met haar in die kombuis; my vrou het haar in haar arms en sy huil verdrietig van pyn. Van radeloosheid probeer my vrou naderhand haar gedagte aflei en vra vir haar: "Sal Mammie vir jou 'n eiertjie kook?" "Eiertjie!" skree sy met 'n skril stemmetjie. Ons was altwee net verbaas. Ons is dankbaar om te kan verklaar dat die uitkoms naderhand gekom het. Middele is gebruik, die Here het dit geseën, sy was gou van die pyne ontslae en het gezond opgegroei.

Soldate val die PUK aan

Nee, dit was gelukkig darem nie met vegvliegtuie, bomwerpers, masjiengeweer en meksims nie! Maar dit was darem 'n wrede aanval. Volgens Die Transvaler van 8 Augustus 1940 — die oggend net ná die aanval — het tussen 500 en 1 000 soldate "bewapen met pikstele, ysterpype en dies meer", daarvoor van die militêre kamp af gekom, en dit was teen die weerlose studente, eers van die Potchefstroomse Universiteitskollege en daarna ook van die Normaalkollege. Ek en my skoonvader, ds. J.A. van Rooy, wat van sy huis af in Von Wiellighstraat op pad was om 'n raadsvergadering by te woon, het, toe ons naby die ingang in Presidentstraat kom, nog net die laaste deel van die lang tou gesien — al die ander was al oral op die terrein. Ons het onmiddellik gegis wat aangaan, want ons kon duidelik sien dis nie 'n koms met vrede nie. Nadat almal by die ingang in was, ry ons ook daar in en hou naderhand stil. 'n Goedgesinde van hulle nader my en sê saggies vir my: "Meneer, julle moet liever weggaan; julle is hier in gevaar". Ons sit nog 'n rukkie en kyk, en ek hoor van anderkant af 'n stem: "Put out your lights". Deur die verwarring van die aand was ek miskien half verbysterd, en dit dring toe nie tot my bewussyn deur dat die woorde seker maar vir my

bedoel was nie, en voor ek my kon kry, spring een van hulle hier naby met 'n stok tussen 'n groepie uit en slaan my lampglase en gloeilampies in skerwe. Om sy wraak te koel, gaan hy toe agter die motor en slaan 'n stuk of vier harde houe met sy stok op die deksel van die kattedak. Ek moes maar sonder ligte ry om my skoonvader by die huis te bring. Professor D.J. van Rooy bied toe sy motor aan, en ons twee spring onmiddellik weg om my dogter Sus te gaan haal. Sy was toe 'n student en in een van die koshuise tuis.

Hieronder volg die verhaal van haar wedervaringe die aand, soos sy dit op my versoek later skriftelik van Bloemfontein af aangestuur het: "Ons was in die studentesaal besig om liedjies vir intervarsity te oefen — dit was 'n sinkgebou en het voorheen as laboratorium gedien. Terwyl ons nog sing, was daar skielik buite 'n geskreeu. Terselfdertyd het ons net ruite hoor breek en die soldate het ingestorm. Hulle het sommer op die studente toegesak en hulle geslaan. In die verwarring kon ons nie sien waarmee nie. Ons oë het gebrand en gestroom, want dit het die ene peper geruik. Die studente het die een na die ander op die grond neergesak; die dames is in die gestoei rondgestamp en het ook op die vloer te lande gekom. Op 'n stadium was ek onder 'n hele klomp ander en jy sien net bebloede manskoppe en -neuse. Studente wat probeer het om terug te slaan, het die ergste deurgeloop onder hul wapens, wat later geblyk het sokkies vol sand te wees en ook ysterstawe. Hulle het die klavier stukkend gekap en van die instrumente van die orkeslede totaal verwoes. Van die soldate wat nie aan die gevegte deelgeneem het nie, het die dames naderhand na die koshuise geneem, en hulle baie ordentlik gedra. Die een wat ons klompie vergesel het, het ons meegedeel dat hulle deur die belhamels — onderoffisiere — gedwing is om aan die aanval deel te neem. Nadat hulle die mans in die studentesaal na hulle sin genoeg toegetakel het, het hulle na Heimat vertrek. Dis die koshuis waar al die studente hul maaltye genuttig het. Daar het die studente tyd gehad om stelling in te neem en hulle verhoed om met die trappe na die boonste verdieping op te gaan. Hulle sak toe op die breekgoed toe en gooi en slaan alles in skerwe. Dit het na gelyk! 'n Hele aantal studente moes na die hospitaal geneem word vir die behandeling van wonde — almal, sover ek kan onthou, aan hul koppe." Ons raadsvergadering kon gelukkig die volgende dag ongehinderd gehou word en sy program van werksaamhede afhandel. Dis egter begryplik dat ons ook ons aandag moes gee aan al die skades deur die aanval en ook aan die koste vir die behandeling van studente wat beseer is. Ons raad het die nodige stappe gedoen, en die regering het besluit om alle skades ten volle te vergoed en om alle koste vir die behandeling van die studente te betaal. Die aanval was beslis 'n tragiese gebeurde. Geen weldenkende mens sal dit goedkeur nie; en uit Christelike oogpunt is dit heeltemal te veroordeel. Maar dit het die studente ten goede gekom: dit het hulle gestaal en koersvaster gemaak. Maar nog meer: in die diepste grond was die aanval 'n tugtiging van die Here. Dit kon die jong manne miskien nie dadelik begryp nie, en 'n mens kan verstaan dat hulle kwaad geword het oor wat hulle moes ly en ook oor die vernieling. Maar later, glo ek, het hulle besin en die hand van die Here gesien in wat oor hulle gekom het; dit was vir hulle 'n tugtiging van Hom, en toe was daar 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is (Hebr. 12:11).

Die jong C.J.H. de Wet het in die begin van 1913 op Potchefstroom aangekom om aan ons Skool as student in Teologie in te skryf. Hy was 'n lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, afkomstig uit die Oos-Vrystaat en het sy B.A.-graad op Stellenbosch verwerf. Deur aanraking met ds. H. Ph. J. Pasch van Ladybrand het hy besluit om by die Gereformeerde Kerk aan te sluit en, met die hulp van die Here, ook predikant te word. Hy is einde 1916 beroepbaar gestel en in die begin van 1917 bevestig as predikant van die Gereformeerde Kerk Steynsburg. Die gemeente het baie van hulle predikant gehou en veral ook van sy prediking. Ons broeder het uitnemende preekgawes van die Here ontvang, en hy kon 'n gemeente boei. Ek was 'n keer gedurende my verloftyd 'n Sondag dáár in die kerk. Hy het by die middagdiens oor die sesde gebod gepreek, en 'n mens kon aan sy lippe hang. Ná die diens stap ek 'n bietjie na oom (oudl.) Tjaart van der Walt toe — die oupa van ons huidige professor dr. Tjaart — om met hom te gesels. Hy was 'n besonder aangename man met 'n goeie verstand. Die

mooi preek was ook die eerste onderwerp van ons gesprek. Oom Tjaart sê toe vir my dat dit met hom vandag onder die preek gegaan het soos met een van die Swart bediendertjies van 'n boer op 'n plaas.

Hulle was 'n hele paar arbeidertjies wat 'n stukkiewerk moes doen. Hulle het egter hulle tyd verspeel en baie min gedoen gekry, en die bietjie wat hul nog gedoen het, was erg verbou. Toe die baas kom, raas hy met hulle en begin ook slae uitdeel. Almal op een ná kies toe egter die hasepad en hol weg. Die baas het hulle egter die een na die ander laat vang en 'n goeie loesing gegee. Die een wat nie weggehardloop het nie, dag toe dat hy hom so goed gedra het dat die baas nie daaraan sal dink om hom ook te laat deurloop nie. Maar hy het hom vergis: die baas het anders gedink, en toe hy met die ander klaar is, kom hy reguit na hom toe om hom ook sy verdiende pak te gee. Hy was toe teleurgesteld en verslae, kyk op na die baas en sê: "Jy draai daar, jy kom hier van my!" Oom Tjaart sê toe vir my: "Dominee, die eerste ent van die preek was vir my ook pragtig en ek het lekker geluister maar ek het nie juis skuldig gevoel nie, maar toe die prediker by die wortels van die doodslagkom, voel ek ek kry nou slae en dis of ek kan sê: 'Jy draai daar, jy kom hier van my'".

In 1923 moes die gemeente afskeid neem van hulle predikant, wat 'n beroep na Bloemfontein aanvaar het. In 1925 is hy bevestig as professor aan die Teologiese Skool; en hy het met liefde en toewyding gehelp om jong manne op te lei as bedienare van die goddelike woord. Die studente het ook baie van sy klasse gehou. Dit het egter nie duursaam goed gegaan nie, en van die studente het op 'n dag na hulle predikant, ds. J.V. Coetzee, wat ook kurator was, gegaan en te kenne gegee dat hulle nie gelukkig voel nie omdat professor De Wet hulle dinge leer wat volgens hulle oortuiging nie in ooreenstemming met die Skrif en ons belydenis is nie. Die geagte professor het verder nog in 'n sluitingsrede op 27 Oktober 1944 dinge gesê en in meditasies in Die Kerkblad dinge geskrywe wat kommer gewek het. Die kuratorium het toe eers 'n broederlike samespreking oor hierdie sake met professor De Wet gehou. Oor die sluitingsrede was hy bereidwillig om hulle te woord te staan, maar oor die ander sake het hy beslis geweier. Hulle was toe genoodsaak om hulle met 'n voordrag na die sinode te wend.

Laat ek hier eers meld dat ds. I.D. Kruger, die voorsitter van die sinode, ook voorsitter van die kuratore was en hierdeur so innig by die saak betrokke dat die sinode besluit het dat die vise-voorsitter tydens die behandeling van die saak as voorsitter moes ageer. Ek het die eer gehad om vise-voorsitter te wees en dis aan my opgedra om die voorsitterstoel in te neem en by die behandeling van die saak te presideer, en ondanks my swakhede en gebreke het ek die moed en krag van die Here ontvang om die verantwoordelike taak te aanvaar. Ek meld hier verder dat die eerwaarde sinode ná verskillende verrigtinge sonder enige vordering besluit het om die geagte professor te onderwerp aan 'n toets van regsinnigheid deur nege vrae aan hom te stel waarop hy moes antwoord. Op elkeen van hulle het hy bevestigend met 'n "ja" geantwoord, en ons was dankbaar en bly. Ek het dit toe as voorsitter my plig geag om hom te vra of hy nou ook berou het. Sy antwoord was egter helaas: "Die vraag is onbillik". Die sinode was toe by 'n dooie punt. Maar ons het nie moed opgegee nie, en na goeie beraadslaging is besluit om die geagte professor 'n bedenktyd van drie maande te gee; en in 1946 is daar weer 'n sinode gehou. Wat toe gebeur het, is te vinde in die handeling van die sinode van 1946; en ek meld net dat daar voor die sinode 'n brief van hom was waarin hy skrywe: "Ek beskou dit nutteloos om die kerkverband met die Gereformeerde Kerk langer te handhaaf." Hierby kom dat hy ook bedank het as professor van die Teologiese Skool.

Ek meld nog net dat ek hierdie weergawe, wat maar betreklik beknopt is, met die oog op die gerief vir die leser geskrywe het. Vir die volledige verrigtinge word die leser verwys na die Handeling van die sinode van 1945 en ook na die een van 1946.

Nabetragting

Toe ek in 1955 as predikant van die Gereformeerde Kerk Ventersdorp bevestig is, was prof. en mev. De Wet, toe lidmate van die N.G. Kerk Ventersdorp, woonagtig op 'n plaas

wat aan hom behoort het, ongeveer 6 of 8 km van die dorp af. Hulle was van die eerste mense wat ons ná ons aankoms kom besoek het, en dit was 'n aangename kuier. Kort daarna was ek en my vrou vir 'n kuier by hulle, en die was net so aangenaam. Met die viering van sy sewentigste verjaarsdag was daar 'n saamtrek van 'n hele klompie by hulle op die plaas, en ek het die voorreg gehad om, ná 'n vriendelike uitnodiging, ook daar te wees. Die geagte professor se gesondheid het nie lank daarna nie so agteruitgegaan dat hulle na die dorp moes verhuis. Daar het ek hulle verskillende kere besoek. Op 'n keer kom ek by hom in, hy was ernstig siek in die bed en toe ek hom groet, gryp hy my hand met altwee sy hande en hou dit so vas, terwyl hy met 'n bewoë stem sê: "Broeder!" Vriende het ons meegedeel dat mev. De Wet vir hulle gesê het dat haar man meer hou van die besoeke van Gereformeerdes as van die ander vriende. Ek glo dat professor De Wet ná vele worstelinge tot besinning gekom het en dat die Here hom begenadig het deur die ware berou in sy hart te skenk. Dis waar dat hy nie so ver gekom het om belydenis by die kuratorium en ook by 'n nasionale sinode van die Gereformeerde Kerk te doen nie, maar ek meen dat sy hele houding en optrede van die laaste tydjie 'n gebaar was van sy ware berou.

"Hy is wonderbaar van raad, groot van beleid." (Jes. 28:29).

Ons kerkfeeste

Die fees van 1909

Ek het die voorreg om die verslag van die fees hier voor my te hê. Professor Cachet het die hoë eer ontvang dat hy net ná die opening Ridder in die Orde Oranje-Nassau van Nederland geword het. Dit sal vir die leser interessant wees om die mededeling in verband hiermee te lees net soos dit in die verslag staan. Die opskrif lui soos volg:

"VERSLAG van de feestviering te Rustenburg op 10 en 11 Februarie 1909"

Die aand het die feesgangers weer byeengekom. In die verslag staan dat die skare in die groot kerkgebou vergader was vir die feesrede wat waargeneem is deur professor Cachet. Dit was 'n pragtige, toepaslike predikasie oor 1 Tim. 3:15: "Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid". Donderdagmôre was almal weer vergader "onder de breede takken van de historiese boom". Onder meer ander verrigtinge daar, was daar 'n toespraak van die oudste predikant, ds. L.J. du Plessis. Dit het toe weer baie gereën, en hulle moes na die kerkgebou verhuis, waar ds. W.J. Snyman oor 1 Kor. 3:9 e.v. en ds. D. Postma oor 1 Kor. 15:58 gepreek het. Die kinders is op boeiende wyse toegesprek deur die ou vaders Roets, C. du Plessis en H. Kruger; verder ook deur professor Cachet, ds. N van der Walt, prof. F. Postma en prof. D. P. du Plessis. Die opening en afsluiting van hierdie verrigtinge is waargeneem deur ds. J.A. du Plessis. Die feesvieringe is in die aand afgesluit met 'n dankdiens deur dr. S.O. Los.

Die fees van 1934

Op die program staan onder meer die volgende woorde:

FEESVIERING TE RUSTENBURG

9 — 11 FEBRUARIE 1934

TER GEDAGTENIS

AAN DIE

75-JARIGE BESTAAN

VAN DIE

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Dit was allereers 'n jubileum ter herdenking van die 75-jarige bestaan van die gemeente, maar dan tweedens ook van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Kennisgewing met

vriendelike uitnodigings aan al ons kerke en lidmate het dan ook vroegtydig in Die Kerkblad verskyn. Die gemeente het besonder goed opgekom; die kerkplein was vol waens en tente. Ook van broeders en susters uit ons buurgemeentes het hier heelparty tente op die plein gestaan. Ons was taamlik verras deur die teenwoordigheid van broeders en susters wat taamlik ver reise hierheen moes onderneem. Die kerkraad van Burgersdorp het twee afgevaardigdes gestuur. Die verrigtinge het Vrydagmiddag om 3-uur begin. Volgens die program moes ons hiervoor by die seringboom vergader het, maar weens een of ander oorsaak het die kerkraad besluit dat ons liever in die kerkgebou — dieselfde "grote kerkgebou" van 1909 — moes saamkom. Die verrigtinge was: Opening deur ds. D.N. Kotzé en kort toesprake deur professor dr. F. Postma en ds. J.A. van Rooy. Ons was almal dankbaar, want die Here was kennelik in ons midde. Die kerkgebou was iedere keer volgepak, en die hoorders — ook belangstellendes uit ons dorp — was gretig om te luister.

*Ons sal ons in u huis versadig
met hoogste gunsbewys:
met heil'ge goed wat U milddadig
laat stroom uit u paleis.
U antwoord ons in reddingsdade:
gedug is U in tnag.
Ons prys die blyk van u genade;
die vyand toon ontsag (Ps. 65:3).*

Die Eeufees

Ek was met die Eeufees nie meer predikant van die gemeente Rustenburg nie, maar my hart loop oor van dankbaarheid oor die ryke seëninge waarmee die Here die gemeente Rustenburg en verder ons Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedurende die honderd jaar begenadig het, en ek voel behoefte daaraan om enkele mededeling in verband met die heuglike gebeurtenis in hierdie boek te doen. Wat my ook die vrymoedigheid hiertoe gee, is die feit dat ek die groot voorreg gehad het dat ek deur ons Kerk benoem is om as eeufeesdeputaat te dien.

Die organisasie vir die fees was 'n reusetaak, en daar moes vroegtydig begin word met die vele voorbereidings om met die hulp en seën van die Here 'n fees te kon vier tot eer van God en tot seën vir sy kerk.

Deputate

Die sinode van 1955 het dit goed besef. Daarom het hy toe reeds vier deputate met hulle sekundi vir die fees van 1959 gekies. Die Sinode van 1958 het besluit dat die feesviering te Rustenburg sou plaasvind en het nog drie lede by die deputate gevoeg om die te versterk. Die plan vir 'n groot fees, 'n jubileum van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, was oral in al ons kerke goed bekend. Daar was die vroegtydige besluit van die Nasionale Sinode in verband hiermee, die verslae van afgevaardigdes en daarby ook die in die kerklike pers. Ook was daar spesiale kennisgewings en oproepe in Die Kerkblad, en eindelijk: ek het in opdrag van die deputate — nadat die nodige vergunning van die SAUK verkry is — 'n toespraak oor die radio gelewer en ons mense daartoe opgeroep om te kom. En wonderbaar! Daar was 'n geruis van voetstappe in die toppe van die balsembosse (2 Sam. 5:24, 1 Kor. 14:15). Ons mense het dit gehoor. Daar was besieling! Groot getalle het gekom, en daar was groot vreugde en blydschap in die Here. Ons het feesgevier!

Ds. P.J. Venter, wat lid van die deputategroep was, en die kerkraad van Rustenburg het die organisasie hier behartig; en hulle het dit op 'n uitnemende wyse gedoen. Alles was puik! Daar is gesorg vir goeie tuisgaanplek vir afgevaardigdes; en feesgangers kon hulle tuismaak in geboue en 'n groot aantal tente by die groot feeshuis.

En die Here het voorsien. Al die feesgangers en ander besoekers was 'n groot skare, en die gebou wat omtrent almal saam kon bevat, was daar. Dit was 'n genadige beskikking van die Here. Een van die groot skure van die M.K.T.V.(Magaliesbergse Koöperatiewe

Tabakplantersvereniging) het toe gelukkig leeg gestaan. Daar was sitplekke vir 6 000 feesgangers. Die opkoms was soms so groot dat sommige buite moes sit — sommige het dit ook verkies om onder die ope lug te sit en luister. Die kerkraad het verder ook gesorg vir 'n uitstekende platform en vir genoeg luidsprekers. Dit was 'n lus om die groot skare Gereformeerdes van oor ons hele vaderland asook uit Rhodesië, en verder al die gaste aandagtig te sien luister, met hulle saam te aanbid en tot eer van die Here ook saam te sing. Ons het ongelukkig nie lekker koel weer gehad nie, want dit was stil dae en die son het gebrand. Vir sommige gaste, veral vir die uit die buiteland, was die hitte seker soms byna ondraaglik. Tog was die droë weer, die paar dae, met die oog op ons feesvierings 'n goeie beskikking. Daar was 'n mooi groot parkeerterrein by die feeshuis, maar dis swart turfgrond, en as dit reënweer was, sou dit vir 'n groot deel van die feesgangers uiters moeilik gewees het om die feeshuis te bereik. Hulle sou in die dorp in strate moes parkeer het en dan 'n taamlike afstand, soms miskien in digte reën, na die feeshuis moes gestap het. Die hitte was soms erg hinderlik, maar ons was so dankbaar en blymoedig bymekaar dat die tyd verbygevlug het. Al die verrigtinge was leersaam, opbouend en verfrissend vir ons hoofde en harte; en dan was daar nog die pouses vir kuiers en aangename gesprekke met familie en vriende. Hierby kom nog al die lekker eetware en verversings, waarvoor die susters van die gemeente met uitnemende bekwaamheid gesorg het. Die beste tyd vir die fees met die oog op 'n goeie opkoms was gedurende die Paasvakansie; en ons verrigtinge het op Goeie Vrydag, 27 Maart, die aand om 7-uur begin. Professor P.J.S. de Klerk het eers 'n godsdiensoefening gehou. Daarna het my openingswoord, as voorsitter van die deputate, gevolg. Ek haal net die laaste gedeelte met die verwelkomings hier aan:

Laat ons ná die fees ryker huiswaarts keer.

Mag die Here kennelik met ons wees by al ons feesvreugde.

Mag Hy ons genadig wees in die toekoms en sy seën oor ons Kerk gebied.

En laat dit alles wees tot eer van Hom alleen.

Met hierdie woorde in my hart roep ek u almal 'n hartlike welkom toe. Ek verwelkom die ampsdraers en die lidmate, die vaders en moeders, die broeders en susters, die jongmense en die kinders, die sprekers en die hoorders, die feesgangers wat reeds hier is, en almal wat D.V. nog sal kom, en ook almal wat op een of ander manier tot die feesverrigtinge moet bydra — deur gebede, predikasies, toesprake, koorsange en ligbeeldvertonings. Ons roep ook die susters en broeders wat vir die eetware en verversings moet sorg, 'n hartlike welkom toe. Ook vriende en ander belangstellendes is welkom. Ons voel dankbaar en bly oor die groot opkoms. Dis vir my veral ook 'n aangename voorreg om die afgevaardigdes van kerke vanaand baie hartlik in ons midde te verwelkom. It gives me much pleasure to welcome the delegates of other Churches here most cordially this evening.

Ek dink hier allereers aan die broeders afgevaardigdes van buitelandse Kerke. Dis vir ons 'n besondere eer en 'n voorreg om vanaand 'n drietal afgevaardigdes uit Nederland te verwelkom, naamlik professor dr. K. Dijk, ds. J.P. Meijer en ds. J.C. Maris. Dit is vir ons ewe-eens besonder aangenaam om ds. D.J.P. Meijer van Dokkum, Nederland, te verwelkom. Die woord Dokkum het vir ons 'n aangename klank. Historiese plekke het vir ons hulle betekenis. Baie van die plekname in die Bybel het vir ons soveel waarde dat die klanke soos aangename musiek in ons ore ruis wanneer ons hulle hoor. Vader Postma, wat die Gereformeerde Kerk te **Rustenburg** gestig het, is te **Dokkum** gebore. Daar is hy gedoop en het hy as kind gewoon. Ons is bly dat die Gereformeerde Kerk van Dokkum ds. Meijer — hy is die oudste predikant van die gemeente — vir ons feesviering hierheen afgevaardig het.

Verslag van Feesverrigtinge

Aangesien die volle program baie ruimte in beslag sal neem, noem ek daaruit alleen die volgende verrigtinge: Ons het van Vrydagaand af tot Maandagnamiddag met die slotdiens twaalf sessies gehad en op een ná vir elke sessie 'n ander voorsitter.

Godsdiensoefeninge en eredienste is waargeneem deur dr. P.J.S. de Klerk, dr. H.J.R. du Plessis, ds. I.D. Kruger, prof. W.J. Snyman, ds. P.W. Buys, dr. W.J. van der Merwe en ds. G.B.S. Pasch. Toesprake is gelewer deur prof. dr. J.P. Jooste, dr. G.C.P. van der Vyver, ds. J.A. van Rooy, sy Edele die Eerste Minister (dr. Verwoerd), prof. dr. S. du Toit (feesrede), dr. P.J. Coetzee, dr. J.A. Schutte en sy Edele Minister Jan de Klerk.

Daar was die groete van die Teologiese Skool, die PU vir CHO en die Teologiese Skool vir Nie-Blankes; verder ook van binnelandse en buitelandse kerke. Die feesgangers is hartlik verwelkom deur die burgemeester van Rustenburg.

Daar was die oordrag van die Eeufeesbedieningsfonds. Ons het die voorreg gehad om mooi ligbeeldvertonings te sien en ook om verskillende kere met veel genot na pragtige koorsange en koor- en orkesmusiek te luister. Alle nodige dankbetuigings is op paslike wyse gedoen deur persone van wie die name ook op die program verskyn.

Dit was vir ons almal 'n groot voorreg om die fees by te woon. Ons het geniet; ons is gevoed en is versadig; die Here het ons versterk. Aan Hom die lof, die eer en die dank!

Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing,
en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het,
so rys die ewige guns wat U aan ons bewys het;
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie,
so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie. (Ps. 89:1).

Ons afskeid

Ná my besluit om die beroep na Swartruggens te aanvaar het die tyd om afskeid te neem, vinnig genader. En aangesien ons so lank hier gewoon het, het daar in die loop van tyd meer as een band ontstaan — hegte bande van vriendskap en bande van samewerking. Een van die sake waarin ek en vriende hier aangenaam en hartlik saamgewerk het, was die onderwys; en dit was vir my en my vrou besonder aangenaam om te verneem dat vriende dit onderneem het om te reël vir 'n afskeidsfunksie deur die onderwysliggame. 'n Geraamde adres en pragtige geskenke het ons ontvang. Hieronder volg die geraamde adres wat ek volledig oorskrywe:

ADRES

Aan die Weleerwaarde Heer Ds. D.N. Kotzé

by geleentheid van sy Afskeid van Rustenburg aangebied deur:

Rustenburgse Skoolraad — Rustenburgse Hoërskool

Skoolkommissie: Laerskool — Rustenburgse Laerskool

Skoolkommissie: Juniorskool — Rustenburgse Juniorskool

Komitee: Hoër Handelskool — Rustenburgse Handelskool

Rustenburgse Onderwysfonds-Komitee

Weleerwaarde Heer en seer geliefde Ds. Kotzé. Aangesien u op die punt staan om van Rustenburg te vertrek, is dit dat ons met weemoed in ons harte van u afskeid neem. U het vyf en twintig jaar lank u kragte nie enkel aan u eie gemeente wat vir u so dierbaar geword het, gewy nie, maar veral ook aan bogenoemde liggame waarvan u onder andere ruim sewentien jaar voorsitter van die Skoolraad was. Met reg word u nie alleen die vader van die Hoër Handelskool genoem nie maar u het as lid van die liggame onskatbare dienste aan ons dorp en distrik bewys; en selfs daar waar u nie daadwerklik lid was nie, steeds u steun, belangstelling en bereidwillige hulpvaardigheid getoon. Dit is dan vir ons 'n groot voorreg dat ons u langs hierdie weg ons opregte dank en waardering betuig. As doelbewuste en pligsgetroue werker, as onbaatsugtige helper en raadgever, selfs in die dae van groot beproewings wat u hier ervaar het, het u deur u opregte, voorbeeldig Christelike lewensbeskouing en wandel by almal by wie die opvoeding na aan die hart gelê het, die meeste liefde en hoogste agting afgedwing en tot volharding

en navolging aangespoor. Mag die Here deur u u toekomstige arbeidsveld seën, en mag u steeds, deur Gods genade gelei, tot voorbeeld en inspirasie wees in die opvoeding van die kinders van u eie geliefde volk vir wie u soveel liefde in u hart omdra. Die Here seën u.

C.S. van H. Steenkamp
J.J. Nel
J.M. Benade
J.C.H. Lagrange
J.H. Kock
H.J. Niehaus
I. Vorster
C.J. Jacobs
G. Lampen
C.S. van H. Steenkamp
Voorsitter van die Komitee van
Onderwysliggame
20.5.46

Die eer wat in hierdie adres aan my gegee word dat ek die vader van die Hoër Handelskool genoem is, kom my nie toe nie maar wyle mnr. I. Vorster. Hy het as LPR daarin geslaag dat hier 'n begin gemaak is met aand- of voorsettingsklasse, waaruit die Handelskool gegroei het. Hy was ook die stigter van die beursfonds, waardeur die skool gedurende die moeilikste jare gedeeltelik gedra is. Ek wil ook graag wat hy in die opsig gedoen het, met dankbaarheid teenoor ons God in herinnering hou. Die Hoër Handelskool was ook vir baie jongmense 'n groot seën. Ek is egter spyt dat daar later besluit is om hom te sluit.

My afskeid van die gemeente

Ek sal die Sondagmiddag — dit was met ons Julie-nagmaal — nie lig vergeet nie. Die afskeid staan my nog helder voor die gees. Ek sien nog die skare bekendes van die kansel af soos hulle voor my, sit, en dan verder ook die besoekers, en onder hulle veral die verteenwoordigers van kerke.

My teks vir die afskeidspreek was Hebr. 12:1, 2. Die kerkraad en gemeente het 'n afskeidsadres en ook 'n mooi bedrag geld as afskeidsgeskenk aan ons oorhandig. Daar was mooi toesprake. Ek en my vrou het ons gering gevoel by al die mooi blyke van liefde en waardering.

Hoofstuk 7:

Drieviersboom

"Is hier miskien iemand wat my kan vertel waar die naam Drieviersboom vandaan kom?" Dit was tydens my predikantskap alhier op 'n dag my vraag oor die toonbank aan die personeellede in die poskantoor.

"Ja, Dominee", was die antwoord van mnr. Bester, wat toe al geruime tyd klerk in die kantoor was, "ek kan dit vir u verduidelik. Die naam is afkomstig van my. Toe die poskantoor op die plaas Groenboom moes geopen word, het ons die naam aanbeveel. Die Hoofposkantoor het egter geantwoord dat daar alreeds 'n poskantoor is met die naam, en ons moet vir hulle 'n ander naam stuur. Dit was toe my taak om 'n ander geskikte naam te probeer vind. Die naam van die betrokke plaas is eintlik Groenboom 444. Ek het toe die drie viere en die laaste lettergreep van die woord geneem, daarvan Drieviersboom gemaak, en dit is so aanvaar. Die poskantoor is later, met behoud van die naam, verskuif na die buurplaas Bloemendal, en dáár is die Gereformeerde Kerk DRIEVIERSBOOM in 1938 gestig".

Die kerkgebou was van sink, deur broeder Isak Naude geskenk vir 'n kerkgebou vir die Bosveldwyke. Die kerkraad en al die lidmate daar was dankbaar.

Ek was destyds predikant van Swaruggens en Drieviersboom en is die Sondag vroeg van Swaruggens af om die twee buitendienste op die plaas Maroelasfontein in die gemeente Drieviersboom te gaan waarneem. My vrou en Breggie, toe 'n dogtertjie van omtrent ses, het saamgery. Dit het die nag pragtig gereën en die wêreld was nat. Ons het in die Bosveld toe nog nie teerpaaie gehad nie maar darem goeie gruispaaie, en die laaste entjie 'n mooi sandgrondpaadjie. Alhoewel dit nog sag gereën het, was die reis so in die vroeë môre 'n genot. Die eerste ent deur Rustenburg en Northam gaan dit heeltemal volgens plan en ons voel gelukkig — alles dui daarop dat dit vir ons 'n aangename en geseënde feesdag gaan wees. 'n Ent anderkant Northam is dit swart turfgrond net waar jy kyk, maar ons seil oor die pragtige gebaande weg. Omtrent 16 of 18 km anderkant Northam — maar wat gaan dan nou hier aan! O, die pad is gesluit! Maar hier is 'n padwyser, en soos hy aandui, draai ons links om met 'n ompaadjie te ry; en voor ek my kom kry, staan die motor botstil in die turf. Ek voer petrol en die agterwiele draai, maar die motor bly op een plek staan.

Wat nou? Ek kom tot besinning: As dit 'n perdekar was, kon ons maar met die ompaadjie aangery het en ons sou maklik deur die turf gekom het sonder om te bly staan. Bowendien sou ek mos eers mooi gedink het, die versperrinkie verwyder het en ons sou ewe lekker padlangs kon gery het. Met die motor het ek egter, helaas, die stommiteit begaan dat ek, sonder om te dink, die gebaande pad verlaat het en in die nat modderturf beland het. Dit het te maklik en te vinnig gegaan. Die motor het van my 'n masjien gemaak en ek het meganies gehandel sonder om behoorlik te besin. Ek klim af, bekijk die paadjie en die spore agter die motor en sê vir my vrou: "Ek moet nou maar in ons spore agteruitry en probeer om weer op die pad te kom. Maar ek vrees dis so glyerig en dit sal uiters moeilik gaan. Ons kan net dankbaar wees dat ons darem kettings aan die agterwiele het, maar die pad is opgehoog en as die motor die steiltetjie skuins in trurat moet uitklim, sal hy afgly en ons poging sal misluk". "Maar", gaan ek verder, "wie niet vraagt, wie niet wint". Ek klim in die motor en ons ry versigtig in trurat in die spore. Die regteragterwiel moet die skuinste eerste vat, en ek hou my asem op, want 'n mens hoop en probeer maar. Maar ongelukkig! Ek voel hoe die agterstel stadig afswaai; en ons is oortuig dat ons poging tevergeefs was. "Vrou," sê ek, "daar is vir ons nog net een moontlikheid, en dis vorentoe met die turfpaadjie." Ons vertrek met die wiele al in die spore, en die eerste entjie gaan dit taamlik maklik — ons vorder! Maar hier is die end van ons spore en dit begin gly. Nog 'n entjie, kruip-kruip ... en daar staan ons! Maar met die wiele in die spore het ons hierdie keer darem 'n bietjie verder gevorder as die eerste keer. Ons ry weer 'n entjie in trurat; nou weer vorentoe, en daar is weer vordering. So vorder ons met kort entjies: in trurat en vorentoe, in trurat en vorentoe, elke keer 'n

klein winsie. Dis 'n slakkegang, maar daar is hoop. Nog 'n entjie so in die turf ploë en aansukkel; miskien slinger die ompaadjie nader na die hoofpad toe, en dan probeer ons om daarheen oor te steek. Ons kruip, en alle bietjies help. "Hier swaai ons nou nader", sê my vrou. Ons ploeg nog 'n entjie, en ja, hier is ons nou naby. Dis hier ook mooi om op die pad te kom; nou klippe soek vir 'n bestratinkie om die steiltetjie uit te klim pad toe. Dit reën nog sag; ek hang my vrou se reënjas oor my kop en rol my broekspype hoog op om naby die pad of êrens in die veld na klippe te soek. Miskien lê hier en daar darem 'n verdwaalde klip en moet ek maar net taamlik mooi soek om genoeg te kry.

Turf pak aan my skoene; my voete word altyd groter. Ek loop 'n keer taamlik ver van die motor af hoog teen 'n bult op die opgehoogde pad. Met die jas oor my kop, my opgerolde broekspype en groot voete lyk ek van die motor af in die verte na 'n rare spektakel. Vir my vrou is dit 'n bioskoopprent wat sy die eerste keer in haar lewe te sien kry en intens geniet. Sy lag so lekker dat sy nie kan ophou nie. Van die aangename konsert het ek egter nie die minste vermoede nie, en ek stap maar ewe doodluiters rond om plat klippe te soek. En my arbeid is nie tevergeefs nie, want na 'n rukkie se soek het ek genoeg bymekaar. Die klippe word nou netjies in twee rye voor die agterwiele gepak. 'n Graaf word uit die katebak gehaal om 'n dik laag turf voor die voorwiele te verwyder, en dan vorder ons weer 'n entjie. Ek is net besig om die klippe agter die rytuig op te tel en hulle weer vir die voorlaaste skof in rytjies voor die agterwiele te plaas toe ons onverwags die geraas van 'n naderende motor hoor. Dit is die ploegbaas wat gekom het om die versperrings te verwyder. Met sy hulp by is ons motor spoedig op die gebaande pad, en ons keer nou maar terug huiswaarts. Ek het van Northam af per telefoon verneem dat die broeders van Maroelasfontein na ons kom soek het. Dit was toe egter al laat en ons was op pad terug. Teen sonder het ons weer op Swartruggens aangekom. Die weer het begin opklaar en die son het net vir 'n kort poos geskyn om daarna agter die kim weg te raak.

Krokodilrivier

Ek het die voorreg gehad om die gemeente Krokodilrivier van 1923 tot 1930 — dit was tussen 7 en 8 jaar — as konsulent te bedien. Dit was 'n groot gebied, want die gemeentes **Brits** en **Beestekraal** is eers later afgestig. Die gemeente was in die tyd so te sê in kombinasie met Rustenburg. Ek moes vir die vier nagmaalsgeleenthede daarheen gaan en ook nog vir vier tussendienste op sentrale plekke in die wyke. Ek moes die gemeente ook jaarliks met huisbesoeke deurgaen. In 1923 was die getal belydende lidmate 324, en in 1930 was dit 700. Die gemeente het eers 'n kerkgebou van sink gehad. Dit was goed gebou, en hulle het 'n geruime tyd gereeld daarin saamgekom om die Here te aanbid. In somertye kon dit soms warm wees met die eredienste, maar darem nie te erg nie. Daar is egter later besluit om 'n nuwe kerk te bou; en nou het die broeders en susters die voorreg om hulle te verheug in die besit van die mooi doelmatige gebou wat daar staan.

Ouderling J.A. du Plessis het op 9 Julie 1927 die hoeksteen gelê. Die nuwe gebou is ook na voltooiing op paslike wyse in gebruik geneem.

Die kanale onderkant die Hartbeespoortdam was in daardie jare in aanbou. Die arbeiders was byna almal boere van die platteland af — eienaars van plase en bywoners wat weens die geldskaarste, droogtes en ander plaes teen karige lone moes gaan werk om 'n geldjie te verdien. Hulle was in tente tuis in kampe — almal in die area van die gemeente; en die lidmate van Gereformeerde kerke moes daar opgesoek en bearbei word. Ons moes dus ook in die kampe huisbesoek doen; en ek het daar dikwels eredienste gehou. Lidmate van al ons Afrikaanse kerke het die dienste bygewoon en ook goed opgekom. Dit het my ook opgeval dat ons mense in die moeilike dae daar nie versleg het nie. Juis onder die moeilike omstandighede was vele baie heilbegerig om onder die geklank van Gods Woord te kom; hulle het behoefte gehad aan die onderrigting, vermaning, bemoediging en vertroosting van die heilige evangelie van ons Here Jesus Christus.

Suid- en Noord-Rhodesië

Die twee gemeentes **Enkeldoorn** (die naam van die gemeente is later verander na Salisbury) in Suid- en **Lusaka** in Noord-Rhodesia (Zambië) is albei in 1914 gestig. Voor die stigting het die klompie Gereformeerde intrekkeers in die twee kolonies op versoek van die Algemene Vergadering van Transvaal onder die gemeente Rustenburg geressorteer. Hulle het toe 'n wyk van die gemeente gevorm en is jaarliks deur die leraar (ds. L.P. Vorster) of 'n ander predikant en 'n ouderling van die gemeente besoek. Sedert die stigting het die Algemene Vergadering jaarliks 'n konsulent benoem om hulle te besoek, en hy het dan een keer in die jaar — gewoonlik in die winter — daarheen gegaan. Ons predikante was toe nog maar gering in getal, en ek is 'n hele paar keer benoem om te gaan. Ek het gewoonlik vir ses weke gegaan — drie vir Suid- en drie vir Noord-Rhodesië — en weens malaria was dit altyd in die winter. Intrekkeers het hulle maar almal naby spoorlyne gevestig. Motors was in die begin nog maar skaars en ons huisbesoeke was met perde- of muilkarre. Ons mense het met osse- en donkie-waens kerk toe gekom. Gewoonlik het byna al die mense van die buurt die eredienste bygewoon. Weens die uitgestrektheid was dit byna elke Sondag nagmaalsviering. Enkele kere was dit Sondag nagmaalsviering, Woensdag weer en die volgende Sondag ook weer. Dikwels was daar waar ons vernag, die aand huiskerk vir die klein klompie van die omgewing. Ons mense was uitgehonger vir gesels en hulle het die gesprekke geniet. Dit was vir my ook aangenaam maar soms darem erg vermoeiend. Sover ek my kan herinner, was ek een keer in my lewe so moeg gepraat dat ek naderhand nie meer iets kon sê nie. Dit was met een van my besoeke een aand in Suid-Rhodesië. Ek het skaam gekry, want hoe moes die mense voel! Hier sit die predikant; hy't so ver gekom en hy maak sy mond nie oop om boe of ba te sê nie!

My eerste besoek was in 1921. Enkeldoorn in Suid-Rhodesië was die eerste aan die beurt, en nog voordat die trein op die halte — op die naambord staan **Nyombi Siding** — tot stilstand kom, val my oë op oud. T.C. de Klerk. Ek het hom nog nooit voorheen gesien nie, maar ek kon sommer dadelik merk dis oom Teuns wat my hier staan en inwag. Hulle huis is nie ver van die halte af nie, en ons stap sommer die entjie daarheen. Ons gesels baie lekker, en voor ons kon gewaar, is ons by die huis en word vriendelik deur tant Dina verwelkom. Na 'n aangename nagrus val oom Teuns en ek spoedig in die pad met 'n paar flukse perde om die hele gemeente met huisbesoek deur te gaan. Die ledetal is nie groot nie — ongeveer 'n dertig belydende lidmate — maar in sommige gevalle is dit groot afstande. Oom Teuns en diaken H.P. Prinsloo moes die afstand maar dikwels ry, want hulle was toe die enigste ouderling en diaken van die gemeente. Gelukkig gaan dit voorspoedig, want daar is in die hele gemeente geen probleem geval nie, en almal sien net verlangend uit na die koms van die ampsdraers, die eredienste en die nagmaalsviering wat voorlê. Ek het die begeerte gehad om die Zimbabwe-ruïnes ook te sien. Ook is daar omtrent 5 km daarvandaan 'n sendingstasie van die N.G. Kerk. Dit sou vir my 'n voorreg wees as ek dit ook kon besoek. Ek dink dat oom Teuns en ek oor die ruïnes en die sendingstasie gesels het. Ek kan my egter nie herinner dat ek geskimp het dat ek graag daarheen sou wil gaan nie. Almal in die omgewing weet egter dat besoekende predikante en ook ander graag daar 'n besoek aflê; en tot my verrassing kom 'n broeder uit eie beweging en bied ons sy motor aan. Ek was maar te bly en ook dankbaar en kon toe ook sommer kiekies van die ruïnes neem. En die werk wat hulle op Morgenster doen, het my baie geïnteresseer. Dit is pragtige werk wat daar tot eer van ons Koning gedoen word.

Dit was reeds voor my aankoms in die gemeente so gereël dat ons op twee Sondae buitendienste op sentrale plekke sou hê en dan net een nagmaalsviering, naamlik te Enkeldoorn, wat, soos die gemeentelêde toe gewoon het, taamluk sentraal was. En die kerkraad van die N.G. Kerk was so vriendelik om hulle kerkgebou vir al ons dienste tot ons beskikking te stel. Ook kon ek aangenaam in die pastorie by ds. Liebenberg tuis gaan. Ek het daar baie vriendelikheid en liefde ondervind en was dankbaar oor die goeie verhouding tussen die twee gemeentes.

Die Victoria-waterval

Dis 'n besondere natuurtoneel — met een woord: pragtig! Ek was diep beïndruk die eerste keer toe ek dit gesien het. Wat my egter met latere besoeke getref het — en ek het daar verskillende kere 'n dag of twee vertoef —, was dat die waterval met elke nuwe besoek weer vir my nuut was. Dit was dan komplete of ek kon verklaar: "So wonderskoon was dit darem nog nooit tevore vir my nie". Die beeld daarvan in my herinnering het so vervaag dat dit byna vir my was of ek dit nog nie voorheen gesien het nie. Dis mooi om die rivier bokant die waterval te sien — 'n breë stroom water van iets meer as 900 m, met eilandjies met plantegroei daarin. Die magtige stroom water stort dan met 'n gedruis wat van ver af kan gehoor word, van 'n hoë krans af in 'n wye diep skeur of kloof in die sandkors, wat dwars voor die stroom lê en van kant tot kant strek. Spatseltjies water soos reëndruppels, wat veroorsaak word deur die massas water wat in die diepte afstort, stuif uit die afgrond omhoog en vorm 'n wolk bokant die waterval, wat ongeveer 30 km ver gesien kan word. Onderkant die waterval kronkel die Zambesie 'n ver afstand deur nou ravyne — nie wyer as 30 m nie — onder in 'n diep kloof. (Ek het verneem dat die skeur 60 km lank is en dan doodloop sodat die water verder weer in 'n gewone bedding vloei.)

Lusaka was daardie jare maar 'n klein plattelandse dorpie — net die spoorwegstasie, 'n paar winkels en ander geboue. Die ledetal van die gemeente was maar 'n paar in die dertig, en hulle het ook maar net een ouderling en een diaken gehad, naamlik brs. C.C. van Niekerk en J. Vos. Die vader en moeder van oudl. Van Niekerk was die eerste intrekkers in daardie kontrei. Die ou moeder, suster M.J.C. van Niekerk, het nog gelewe, maar haar eggenoot is 'n tydjie vantevore oorlede. Hulle was standvastige, gelowige mense. Suster Van Niekerk het my baie van haar oorlede man vertel. Hulle moes in die beginjare daar in die nuwe wêreld baie opofferinge maak. Wat hulle veral ook swaar geval het, was dat hulle daar so ver van hulle geliefde kerk af was, die gereelde besoeke van ampsdraers moes mis en maar selde die voorreg gehad het om onder die prediking te kom en aan die tafel van die Here aan te sit. Die ou moeder was met haar hart vol liefde vir die Here, vir haar familie en ook vir ander. Sy was soos 'n magneet wat die familietjie mooi saamgebind het.

Met 'n volgende besoek wat ek aan Rhodesië moes bring — dit was in 1925 — het ek voor 'n uiters moeilike beslissing gestaan. My eerste vrou het as gevolg van rumatiekkoors aan 'n lekhart gely; sy was siek en in die bed met 'n strawwe aanval van brongitis. Die regte ding vir haar met haar swak hart was die bed; maar hoewel dit gewaagd was, wou sy met geweld met my saam na Rhodesië. Ek was buite raad, maar het ons huisdokter (Hill) ingeroep om te hoor wat hy sê. Ook hy kon moeilik besluit. Dit sou gevaarlik wees om haar teen haar begeerte te dwing om agter te bly, en om haar saam te neem was 'n waagstuk. Ons was egter oortuig dat dit onder die omstandighede die beste sou wees as ek haar saamneem, en mev. Paul Eloff, wat soos 'n moeder vir ons twee kindertjies was, het aangebied om hulle onder haar sorg te neem. Iemand het ons per motor weggebring na Krugersdorpstasie. Toe ons in ons kompartement kom, is die kresolienlampie sonder versuim te voorskyn gehaal en aangesteek. Die rook het die hele nag deur 'n weldadige uitwerking gehad. En wonderlik, toe ons op Bulawayo kom, was my vrou heeltemal genees van die brongitis. Die verandering van lug was vir haar meer werd as die beste medisyne! Ons kon die paar Van Niekerks wat ons kom ontmoet het, blymoedig groet en saam met hulle na Morgenster vertrek.

Met ons nagmaalsviering op Lusaka is die kerkgebou van die N.G. Kerk vir al die dienste tot ons beskikking gestel, en ek en my vrou het die aangename voorreg gehad om in die pastorie tuis te gaan, waar ons veel vriendelikheid en liefde ondervind het.

Die ontginning van myne in die Koperstreek het die gevolg gehad dat dorpe daarlangs soos paddastoele opgeskiet het. Mense het van oral af daarheen gestroom. Ook Gereformeerdes — enkeles afkomstig van bekende families in Transvaal — het daarheen verhuis om werk te soek. Nkana is een van die myndorpe in die Koperstreek, en twee van my ondervindinge daar sal ek nie lig vergeet nie. As ek die woord Nkana hoor, word

altwee deur assosiasie in my wakker geroep. Die een is 'n onaangename en die ander een 'n aangename:

- (a) Ons het 'n nagmaalsviering in 'n gebou nie ver van 'n myn af nie, met 'n lugsuiweringsapparaat daarin wat aanhoudend eentonig hard gedreun het. Dit was moeilik vir die prediker en die hoorders! Dit was of die woorde nie by die hoorders kon inslaan nie; en prediker en hoorders het moeg geword. Die gedreun was alte eentonig. En as ek die woord Nkana hoor of lees, dink ek onwillekeurig altyd weer aan die gedreun die Sondag daar.
- (b) Voordat my trein vertrek, loop ek iemand op die stasie raak. Ons groet mekaar en gesels 'n bietjie. Ek vra hom uit en kom te hore hy is mnr. **Onstaal** van Zyl, 'n prokureur op Nkana. Op my vraag of daar een of ander rede is waarom sy naam Onstaal is, is sy antwoord dat sy vader baie gehou het van ds. Naudé wat lank predikant van die N.G. Kerk Graaff-Reinet was, en dat ds. Naudé, toe hy gebore is, vir sy vader gesê het hy moet die kindjie Onstaal noem. Ds. Naudé was 'n broer van oudl. Isak Naudé wat op Syferkuil in die Bosveld gewoon het, en ook van die eggenote van oudl. Arie Visser, wat op die dorp gewoon het. Hulle en ook hulle ouers, oom Jovie-hulle, het uit die N.G. Kerk na die Gereformeerde Kerk oorgekom. Die ou vader en moeder was ook op hulle oudag 'n rukkie lidmate van ons gemeente en het by hulle kinders op Syferkuil gewoon. Die ou moeder is ook daar oorlede en begrawe. Onstaal en ek het, voordat ons uitmekaar is, 'n aangename gesprek op die stasie gehad. Die naam Nkana laat my ook altyd met mooi herinneringe aan hom dink. En wonderlik, die eerste wat ek weer in verband met hom verneem het, was die mededeling in 'n beriggie in een of ander koerant dat mnr. Onstaal van Zyl van Nkana oorlede is. Ek sal die kennismaking die dag op die stasie nie vergeet nie!

Kalomo

Ek reis van die Koperstreek af en moet op Kalomo afklim. Maar ek voel onrustig, want as daar niemand is om my af te haal nie, moet ek 'n ent verder ry tot op Bowwood. Dis 'n halte; daar is nie 'n huis in die nabyheid nie, en sê nou daar is ook niemand nie? Daar is nog leeus daar rond, en ek dan alleen in die nag by die halte! Ons kom op Kalomo aan. Dis al heeltemal donker. Ek staan so dat iemand wat my soek, my maklik kan sien. Maar daar is niemand nie. Ek voel bekommerd. Maar wag . . . laat ek soek. Ek loop so tussen die mense deur en kyk mooi of daar niemand vir my is nie. Dis effens maanskyn, en naderhand sien ek iemand so eenkant onder 'n boompie in die skaduwee — hy staan daar soos 'n houtapostel. Ek nader hom en vra vriendelik: "Soek u miskien na die predikant?" "Ja", antwoord hy. Ek is dankbaar en bly! Ons vernag by die stasie, want dis onveilig in die nag op pad. Vroeg die volgende oggend vertrek ons met 'n wa en 'n span donkies, en ons kom die aand so teen sononder aan by diaken Danie Erasmus en sy vrou, Maria — tog vertroostend om die bekende daar in die ver wêreld te ontmoet. Die nodige huisbesoeke is gedoen. Ons was maar gering in getal, maar die Here het gesê: "Waar twee of drie vergader in my Naam, daar is Ek in hulle midde" (Matt. 18:20), en ons het die aangename voorreg gehad om die heilige nagmaal daar te vier. Dis ongeveer 34 km Kalomo toe, en daar moet 'n plan gemaak word om my daar te kry. Danie is raadop, maar hy stel darem voor om my 'n fiets te gee om mee te ry en twee Bantoebediendes om my koffers te dra. Die reaksie van Maria hierop is kortliks: "Dit sal die dag wees". 'n Liewe vrou en haar liewe man — hulle verstaan mekaar! En 'n boer maak 'n plan. Op die werf êrens lê wiele en die bak van 'n ou donkiekarretjie. Met moed spring Danie ewe blymoedig aan die werk om die dele van die ou verwaarloosde karretjie inmekaar te sit. Hy gebruik hout en draad om deeltjies wat stukkend is, op 'n manier te vervang. En een-twee-drie — dit word toe al amper donker — en daar gaan ons met die karretjie en vier donkies en twee flink Bantoe touleiertjies. Danie het die leisels en 'n goeie sweep. Een drawwertjie slaap by ons voete, en die ander een is voor die tou. Kort-kort moet die een die ander aflos. En slaap! Moenie praat nie! Die een wat afgelos word, lê skaars, dan snork hy; en so gaan dit met altwee. Ek sit met die lantern, want kort te vore het 'n leeu teen die pad 'n wildsbok gevang en hom daaraan lekker dik geëet.

By 'n spruitjie span ons 'n bietjie uit om die donkies te laat water drink en 'n bietjie te laat wei. Ons gesels 'n kort rukkie. Dis maanlig; ons kyk, en hulle het spoorloos verdwyn — al vier! Danie vat koers met een touleiertjie agter hom aan. Sal ek waag om 'n ander koers in te slaan? Ek huiwer en kan amper nie 'n voet versit nie; maar 'n gevoel van skaamte in my oorweldig die vrees en ek vat koers in die teenoorgestelde rigting met die ander drawwertjie agter my aan. Ek stap en kom naderhand op die rand van 'n bankie. Meteens sien ek al vier die donkies hier reg voor my teen die rantjie. Hulle wei rustig. Hier is dus geen leeu in die nabyheid nie. Ek is heeltemal oorstelp van vreugde! Volgens die staaltjie het die muis wat 'n hele paar sopies brandewyn gedrink het, uitdagend op sy agterpootjies gesit en hardop uitgeroep: "Nou kan al die katte maar kom!" En in die nagtelike stilte word Danie baie spoedig verbly deur 'n bekende stem wat roep: "Hier is al vier donkies!"

Broeder Piet Small van Bulawayo was, toe ek hom en sy gesin leer ken het, diaken van die gemeente Enkeldoorn en het later ouderling van Enkeldoorn en daarna van Bulawayo geword. Ek was die tyd aangenaam by die gesin in Bulawayo tuis. Broeder Small en sy eggenote was albei vriendelik, gasvry en opreg. Ek het die paar dae gelukkig gevoel in hulle huis. Wat my soggens taamlik geamuseer het, was die vertrek van hulle seuntjie Chris ná sy ontbyt skool toe. 'n Bantoe bediendetjie het gereed gestaan met Chris se fiets, boektas en hoed; en as Chris sy ontbyt genuttig het, het hy haastig by die voordeur uitgekom, en dan was dit net een-twee-drie, dan was hy — hoed op die kop en boektas agter sy blad — stewig in die saal op pad skool toe! Kort voor my vertrek — ek was op pad terug huis toe — kyk mev. Small en wys so effens met haar hand na 'n krokodil wat netjies uit hout gesny is, op die vloer in die vertrek waar ons sit en sê vir my: "Dominee, ek gee die krokodil daar as geskenk aan u en u kan hom gerus sommer nou saamneem". (Die krokodil van 1,5 m is 'n pragtige ornament in die gang of 'n vertrek van 'n huis op die vloer; sy het my meegedeel dat hy uit Kenia kom). Ek was verbaas en antwoord haar bedaard maar beslis: "Mevrou, dis te 'n groot geskenk, en ek gaan hom gewis nie aanvaar nie". Haar antwoord was kort en baie beslis: "Dominee, ek het hom vir u gegee, en u gaan hom neem!" Ek het maar die vriendelike dame hartlik bedank; en as ek tuis by die voordeur inkom, val my oog dikwels heel eerste op die mooi geskenk, en dit wek in my 'n aangename herinnering aan die Small-gesin in Bulawayo.

Enkeldoorn beroep selfstandig omdat die gemeentes 'n geruime tyd die begeerte gehad het om elkeen 'n eie herder en leraar te hê. Hierdie drang het in Enkeldoorn só sterk geword dat hulle maar besluit het om tot beroeping oor te gaan. En dit het moontlik geword omdat die Here dit in die harte van drie broeders gegee het om na vore te kom om elkeen jaarliks £200 (R400) van die traktement van £600 by te dra. Die res van die gemeente moes dan sorg vir die ander uitgawes. Dit was loflik van die broeders om die opofferinge te maak; en dit was mooi opofferinge, want geld was in daardie jare maar skaars.

Ek noem slegs die naam van een, oudl. Danie (D.J.) Robbertse, 'n seun van die gemeente Waterkloof en 'n broer van prof. Willie Robbertse van die PU vir CHO. Sy vader (oom Piet) het op die plaas Rietfontein 299 van Skoolplaasfaam gewoon. Die inkomste van ons plaasboere was in daardie jare oor die algemeen maar gering, en die seun Danie het besluit om uit te spring en elders 'n heenkome te gaan soek. Hy het eers by mnr. Fanie de Kock in die distrik Inyazura, Suid-Rhodesië, gebly.

Ds. P.G.W. Snyman was die eerste predikant van Enkeldoorn. Pietie, wat dikwels vir sy pa (oom Evert) skape opgepas het, het pragtige talente en eienskappe van die Here ontvang. Wat die kroon op alles geplaas het, was sy oorgegewendheid aan die Here toe hy nog jonk was. Soos die seun Samuel het hy die Here gedien. Ek het dikwels, veral in die katekisasieklasse, diep onder die indruk gekom van die mooi eienskappe en uitnemende gawes waarmee die Here hom voorsien het. Ek het ook meer as een keer vir oom Evert gesê ek dink hy moet Pietie laat leer. Miskien het oom Evert self ook so gedink; en dit kan wees dat ook ander — familie en vriende — oom Evert aangemoedig het om dit te doen. Een oggend op Witrand staan ek so 'n bietjie rond op die werf; en hier kom 'n perdekar aan. Dis 'n mooi tentkarretjie met twee bruin perde wat blink in die

strale van die son. Toe die kar by my stilhou, sê ek: "Môre oom Evert!" en vra sommer "waar gaan oom Evert vanmôre heen?" Oom Evert het net my gegroet met 'n vriendelike wedergroet beantwoord en daarby gevoeg: "Dominee, ek bring vir Piet skool toe". Daar was toe 'n skool op Witrand by die huis van oom Petrus van der Walt, en mnr. J.C. Lessing was die hoof. Nadat Pietie 'n rukkie hier skoolgegaan het, is hy eers na die laer- en later na die hoërskool op Rustenburg.

Hoofstuk 8: Ou bome verplant wel

Koster en Swartruggens is buurgemeentes, en toe ek in 1915 predikant van Koster word, het Swartruggens, wat sedert sy stigting in 1914 nog vakant was, my spoedig as konsulent daarheen beroep. Ek het ingewillig en kan met 'n dankbare hart verklaar dat die konsulentwerk die rukkie daar vir my besonder aangenaam was.

Dit was vir my 'n oorsaak van vreugde en dankbaarheid toe my ou kamermaat, prop. B.J. de Klerk, op 9 Desember 1916 geroep is as herder en leraar van die twee gemeentes, Swartruggens en Zeerust, in kombinasie met mekaar; en dit was vir my 'n voorreg om hom op 22 Maart 1917 in die ou kerkie, wat later gesloop is, in die amp te bevestig. 29 Jaar later is ek na Swartruggens beroep. "Het jy toe al besluit, Dawid?" vra prof. Joon van Rooy my eendag onder 'n gesprek. "In verband waarmee?" was my wedervraag. "In verband met die beroep na Swartruggens", antwoord hy en laat verder daarop volg: "Ek het darem maar die vraag gestel, maar jy sal seker nie besluit om te gaan nie, want 'n ou boom verplant nie maklik nie".

Ek het die beroep egter aanvaar; en dit was eintlik 'n beroep in kombinasie met Drieviersboom, aangesien daar 'n tydjie vantevore 'n kombinasie tussen die twee gemeentes tot stand gekom het.

Ons vertrek was in Junie. Ons het so lank op Rustenburg gewoon en soveel lief en leed hier deurgemaak dat ons harte maar vol weemoed was toe ons moes vertrek. Tog het ons weemoed spoedig plek gemaak vir vreugde in ons harte, want daar was 'n nuwe arbeidsveld wat geroep het. Bowendien was daar op Swartruggens ook bekendes. Dan was dit vir ons verder ook 'n strelende gedagte dat 'n klompie broeders en susters ons, volgens 'n brief van die Skriba, tegemoetkom om op 'n afgesproke plek op ons te wag.

Die Plymouth het die eerste entjie lekker gedraf, maar by die eerste nek — glad nie steil nie — het hy sommer begin steeks raak en baie gou ook steekser en steekser. Ons draai om om hom te laat nasien. Ons het nie lekker gevoel nie, want voor wag die mense op ons, en mens wil, veral op so 'n dag, betyds wees. Toe ons omdraai en afdraand ry, is die ou Plymouth totaal 'n ander kar; weer die flukse ou drawwer van die verlede, wat soos 'n paar moedige karperde lekker kopspeel en draf met hulle vraggie. Ek is naderhand oortuig die ou dier is nou weer reg; daar was seker maar net 'n verstopping in die vergasser en die is nou deurgesuig, want die enjin trek nou weer lekker. Ons draai om, storm die skotige opdraand nog 'n keer. Dit gaan die eerste entjie uitstekend. Dit duur egter nie lank nie of ons moet sak in ons skoene. Ons het vroegtydig begin, maar die tyd vlieg en netnou sit die broeders en susters op ons en wag. Ek was toe verplig en draai om om te laat nagaan wat die fout is. Dit was net een-twee-drie, toe was alles behoorlik nagesien. Dit het vinnig gegaan. Minute was vir ons egter soos ure, maar die horlosie het gepraat en vertel dat hulle met 'n vinnige spoed gewerk het. "Toe, dominee", sê die garage-eienaar, "klim nou in en ry; ek waarborg hom!" En dit het fluks gegaan, en ons het moet geskep. Te lank sal hulle nie op ons hoef te wag nie, en dis 'n mooi dag; hulle sal maar die rukkie lekker bymekaar kuier. Ons het vol moet weer in die pad geval. Teen die gemelde hoogte het presies dieselfde gebeur as die twee vorige kere. Die garage-eienaar, mnr. P. de Witt, was toe so vriendelik om aan my een van sy motors vir die reis te leen. Eers later is deur 'n werktuigkundige ontdek dat 'n pluisie, wat aan die agterkant van 'n petrolsiffie gevorm is, die oorsaak van al die oponthoud was. Ons het voorspoedig verder gereis, die broeders en susters op die bepaalde plek ontmoet, en ons kon na al die teleurstellings met groot vreugde en ingenomendheid na die vriendelike en hartlike woorde van verwelkoming luister. Die hartlikheid was maar 'n voorsmaak van al die liefde wat ons verder sou ondervind, want daar was vir ons 'n groot onthaal. Daar is groot opofferinge gedoen en mooi dinge is gesê om dit vir ons aangenaam te maak. Dit was vir my 'n voorreg en 'n groot eer dat my skoonvader, ds. J.A. van Rooy, wat toe emeritus predikant was, my in die amp kon bevestig. Ons het hom van Rustenburg af met ons saamgeneem, en ook my dogter, Sus (Hester Alberts) van Bloemfontein, met haar eersteling, Hettie.

Historiese name

In 'n brosjure met die titel **Die Gereformeerde Kerk Swartruggens 1914–1964**, geskrywe deur J.W.C. (Johan) du Preez, verskyn daar op bl. 2 'n betekenisvolle lysie van 15 name. Dis die name van persone uit die omgewing van Swartruggens wat met die stigting van die Gereformeerde Kerk te Rustenburg op 10 en 11 Februarie 1859 teenwoordig was en ook as lidmate ingeskrywe is. Nakomelinge van sommige van die persone het in die tyd van my bediening daar 'n taamlike deel van die kern van die gemeente gevorm. Dit was 'n aangename gemeente om in te arbei. 'n Mens het sommer in elke huis waar jy kom, tuis gevoel, want die mense was hartlik. Hulle het streng Christelik gelewe. Daar was goeie selftug en onderlinge tug; en kerk tug was so te sê glad nie nodig nie. Die gemeente het nie uit rykes bestaan nie, maar hulle was milde gewers vir hulle kerk. Daarom het ons nooit gesukkel met tekorte in die kerkkas nie, en dit was 'n vreugde om kerkraadsvergadering te hou. Die broeders en susters was oor die algemeen streng op die regte manier. Hulle het nie sommer met alles saamgegaan nie. Dis waar, hulle het nie alle nuwe dinge veroordeel nie, maar wat verkeerd was, het hulle nie aangestaan nie; en waar hulle moes vermaan en bestraf, het hulle dit ook gedoen, soos dit behoort.

Een van die ou vaders wat besonder streng was, was oom Thomas Dreyer. Hy was 'n teer gelowige en 'n getroue kerkman. Hy was miskien soms streng waar hy heeltemal anders moes gehandel het, maar dan het hy dit darem goed bedoel, en agter sy vermaning en bestraffing was daar 'n vriendelike hart. En hy het niemand ontsien nie; ook sy liewe vrou, tant Martina, moes soms deurloop.

Die kabaai

Dis aan my meegedeel dat die ou moeder op 'n keer vir haar 'n kabaai ('n loshangende jurk) gekoop het. Dit het oom Thomas nie aangestaan nie. Hy kyk na haar met die jurk aan en vra met 'n vriendelike stem vir haar: "Vrou, wil jy dan nou die duiwel dien?" Tant Martina het toe maar 'n ander plan gemaak en besluit om daarmee te slaap. Toe oom Thomas dit sien, sê hy vir haar: "Vrou, nou wil jy die duiwel nie in die dag dien nie, maar nou wil jy hom in die nag dien". Tant Martina was raadop en besluit toe maar om van die kabaai ontslae te raak en sy gee dit aan die swart bediende: "Vrou", sê hy toe hy die bediende daarmee sien, "nou wil jy nie die duiwel dien nie, maar nou wil jy die bediende hom laat dien."

Ouderling J.J. Venter was 'n man van beginsel. Hy het Gods Woord, sy kerk en ons belydenisskrifte liefgehad. Wanneer 'n saak hom ná aan die hart gelê het, het hy soms ernstig gepraat. Dit was of hy sy hele siel in die saak gewerp het. Sy heilige erns kon 'n mens dikwels duidelik op sy voorkop en in sy oë sien, en dit het uit sy hele wese gestraal. 'n Mens kon soms die indruk kry dat hy kwaad en ook verdrietig is. Maar as hy gaan sit, is hy die vriendelikheid self. Oom Jan kon ook aangenaam gesels. Ek kan met dankbaarheid verklaar dat dit met die gemeente die tydjie toe ek daar gearbei het, stoflik goed gegaan het; ons het jare van voorspoed gehad. Daar was ook nie baie gevalle van ernstige siekte en dood nie. Dit het my egter opgeval dat daar so baie weduwees op die plaas Waboomskop in 'n betreklike klein kolletjie naby mekaar woon. Daar was nie huise van ander mense tussenin nie, en met huisbesoek het ons van huis tot huis gegaan — 5 huise, almal van weduwees. Maar die Here was goed en genadig. Die susters het hulle hulp gehad, en hulle boerderye kon aangaan. Hulle was gelowige mense wat die Here met liefde gedien het, en hulle was Christelik blymoedig. 'n Mens het hulle jammer gekry, maar dit het jou hart goed gedoen om by hulle te kom. Die take van die ampsdraers was ook aangenaam.

'n Swaar beproewing het ons huis getref omtrent ses maande ná my bevestiging op Swartruggens. Ons klein dogter, Hettie Alberts, was 'n liewe kindjie en pragtig gesond. Sy het egter naby Kersfees dieselfde jaar (1946) ernstig siek geword. Ons harte het gebrand om daarheen te gaan. Maar ek moes op Kersdag eers 'n diens hou, en ek het onderwyser J.H. Robbertse en eggenote belowe dat hulle hulle babatjie D.V. by die geleentheid ook kon laat doop. Ons sou toe onmiddellik ná die erediens vertrek. Vroeg

die oggend het ons egter deur middel van die polisie die berig ontvang dat Hettie oorlede is.

Ons het presies om 12h00 Bloemfontein toe vertrek en ek moes mooi stadig ry; die motorenjin was na Johannesburg om versien te word, en dit was my eerste reis daarná. Dit het die eerste ent ook voorspoedig gegaan. Net anderkant Parys het een van die laers egter gebreek; en dit het kort na mekaar met al die ander gebeur. Dit was vir ons toe 'n spanningsvolle tyd op pad. Ons het skielik op 'n dooie punt gekom sodat ons nie 'n tree verder kon gaan nie, want dit was Kersdag! Ons het egter maar langsaam aangekruie met 'n oorverdowende geraas, byna soos 'n vliegtuig wat kort bokant 'n mens verbyskiet. Pas ná 23h00 was ons egter veilig by ons kinders. Ons was dankbaar dat ons daar saam kon wees en dat ons almal die begrafnis van Hettie kon by woon.

Twee aangename herinneringe

Dis twee dinge om nie te vergeet nie, twee liefdeblyke van die gemeente Swartruggens. Hulle kon aan die begin van die hoofstuk genoeg gewees het, maar ek sluit met die vermelding af:

- (1)Die eerste is die goeie losies vir my toe ek daar konsulent was. Dit was in die tyd voor proponent B.J. de Klerk daar as herder en leraar bevestig is. Oom Stoffel en tant Lenie Fourie het gereeld elke nagmaal van hulle woonplaas, Lindleyspoort, af ingekom om vir my te kom sorg in die pastoretjie digby die ou kerkie, en hulle het dit puik gedoen.
- (2)Dit was vir my en my vrou 'n groot en aangename verrassing toe kerkraads- en gemeentelede van Swartruggens met hulle vragmotors op Rustenburg aankom om ons huisraad te laai en te vervoer. Ons was verheug en het gerus gevoel. 'n Paar keer tevore het daar ook van ons goedjies weggeraak. Wat vir ons egter 'n besonder strelende gedagte was, is dat dit broeders van die gemeente was wat die loflike taak onderneem het. Ons is vandag nog dankbaar en vergeet dit nie.

Hoofstuk 9: Noordwaarts

Vergeleë is die naam van 'n poskantoor in Vryburg se wêreld. Met 'n motorreis 'n klompie jare gelede daarlangs het ek die naam **Vergelegen** — toe nog in Nederlands — by 'n uitdraaipad daarheen op 'n padwyser gesien. Dis baie waarskynlik dat dit oorspronklik 'n plaasnaam was en dat die poskantoor dit toe ook geërwe het. Daar woon nou al heelparty mense in die omgewing, want die spoorweë het daar alreeds 'n busdiens. Maar toe die plek sy naam gekry het, het die eerste bewoners sekerlik maar die intense gevoel gehad: "Hier is ons darem ver van familie en vriende en van 'n samelewing af verwyder!" Ek het ook 'n gevoel van eensaamheid gekry toe ek daar alleen reis en die naam sien.

In 1952 is ek Pietersburg toe beroep. Ek het die beroep aanvaar. Toe ons die dag Pietersburg toe vertrek, het ek aan Vergeleë gedink, want dit was vir my ook ver — ver noordwaarts. Al die gemeentes waar ek predikant was, naamlik Koster, Rustenburg, Swartruggens en ook Ventersdorp, waar ek eers later gevestig was, grens aanmekaar, hulle is buurgemeentes. Maar Pietersburg was die uitsondering. Hy lê taamlik ver van hulle af. Tog was hy vir my besonder naby. Dis waar, die afskeid van Swartruggens was nie maklik nie. Maar niemand wat die hand aan die ploeg slaan, kyk om na wat agter is nie, maar hy strek sy hande uit na wat voor is, en dáár was vir my arbeid voor wat geroep het. Die gemeente was 'n groot kudde van ons Here Jesus Christus. Volgens die Almanak was die getal belydende lidmate in 1952 550, en die dooplidmate 330. Daar was groot take te volbring, maar ons Opperherder het my daarheen geroep om die herderstaf in sy diens oor sy kudde te kom opneem. Hy wat roep, is getrou en sal dit doen. Wat die uitdaging tog aangenaam gemaak het, was die feit dat ek daar soveel lidmate geken het. Ek was voorheen daar om met 'n nagmaalsgeleentheid behulpsaam te wees, en die kennismaking met die kerkraad en sommige van die gemeentelide was weldadig. Hier kom nog by dat daar in die gemeente twee ouderlinge was, naamlik oom Danie (D.E.) Erasmus en sy seun Harrie (H.P.). Hulle, en ook broeder Roets, 'n skoonseun van oom Danie, en sy eggenote was voorheen lidmate van Rustenburg. Die invordering van die geld vir die Eeufesbedieningsfonds moes dringend aandag ontvang. Die kerkraad het die saak voor die gemeente gelê, met huisbesoeke is die saak deur die ampsdraers met die lidmate bespreek, en die geld het ingekom. Almal was een van hart en een van siel en dit het sommer fluit-fluit gegaan. Die Here het in die harte van die lidmate 'n offervaardigheid gegee waarvoor ons almal dankbaar was!

Ossen die trekken

My pa het ons in ons kinderjare vertel van 'n Fransman — hy het Hollands gepraat — wat vir sy drywer gesê het: "Sla de ossen die trekken, dan trekken ze nog meer". Dis darem verstaanbaar, want dit kan fataal wees om halfgeleerde osse teen 'n steil hoogte of op 'n ander moeilike plek te slaan; hulle raak soms gou verward, breek jukskeie, rieme en stroppe; en dan is bly-staan sommer gou jou voorland. Deur geleerde osse 'n bietjie te raps, kan 'n mens jou soms verbaas oor hulle wonderlike krag om te trek. Op 'n gelyk pad kry die halfgeleerde osse egter gewoonlik gou mooi koers, en as jy hulle dan teen steiltetjies 'n bietjie met die sweep roer, trek hulle naderhand verbasend fluks; hulle het moed, en dit lyk sommer of hulle lus het om te trek.

Deur die pragtige welslae met die insameling van die bedrag vir die Eeufesbedieningsfonds het die lidmate soveel moed gekry dat daar sonder teëstribbeling begin is met die mooi plan om geld in te samel vir die oprigting van 'n nuwe kerkgebou — sweeplae was glad nie nodig nie. Dit was vir my later 'n besondere voorreg om aan die vriendelike uitnodiging van die eerwaarde kerkraad gevolg te gee om van Ventersdorp af te kom en die rede by die plegtigheid van die hoeksteenlegging waar te neem. Dit word in aangename herinneringe gehou.

Uit my Pietersburgdae herinner ek my die komiese insident met ouderlinge Jan Last, wat 'n groot steunpilaar in die gemeente was. Die Algemene Vergadering van Transvaal het op 'n keer in die kerkgebou van die gemeente Johannesburg-Noord (Melville)

byeengekom. Die vergadering is die namiddag geopen, en toe ons die aand weer saamkom, het verskillende deputate, weens een of ander oorsaak, laat gekom. Die Voorsitter, ds. N.H. van der Walt, was erg ontevrede, het sy ongenoeë daarvoor te kenne gegee en verklaar dat die broeders dit vir die vergadering moeilik maak om sy werk afgehandel te kry. Intussen het ouderling Last die kerk reg voor binnegekom en stap nader vorentoe. Die voorsitter se oë val op hom, en hy maak dadelik die opmerking: "Hier kom nou ook juis een van die broeders aan deur wie die werk van die vergadering naderhand vir ons 'n swaar las is". Ouderling Last was heeltemal onbewus van wat gaande is en juis net op die moment toe die voorsitter die woord las sê, kondig die ou vader met 'n helder stem — hoorbaar vir almal — sy naam vir die voorsitter en vergadering aan en hy sê net: "Last"! Dit het komies geklink en die hele vergadering het gelag.

'n Ander onvergeetlike gebeurtenis moet ek hier meedeel. Daar word aan my studeerkamer geklop. Ek maak oop en sien 'n flink jong man in die skemerlig voor my staan. "Goeienaand, Dominee; ek is dr. Minne", sê hy. "Kom binne, Dokter", antwoord ek. Die eerste wat hy my verder meedeel, is dat hy gekom het om te verneem of ek gewillig sal wees om hom te katekiseer, "en", sê hy "ek wil graag in u kerk belydenis van my geloof aflê". Uit 'n kort gesprek tussen ons blyk dit dat hy tandarts op Pietersburg is en dat sy ouers op Krugersdorp woon. Hulle is Christene, en alhoewel sy ouers nie tot die Gereformeerde Kerk behoort nie, is dit sy begeerte om hom kerklik by ons te voeg. Ná nog meer informasie wat ek van hom verkry, verklaar ek my bereidwillig om hom te katekiseer. Ek bring die saak spoedig voor die kerkraad, en die keur alles so goed. Ná 'n paar weke word hy deur 'n kommissie van die kerkraad ondervra en met volle vrymoedigheid toegelaat om sy openbare belydenis voor die gemeente af te lê. Net ná die ondersoek maak ouderling Jopie Last die opmerking: "Dokter, jy is 'n belowende jong man vir die kerk in die toekoms", en sy woorde is bewaarheid: dokter Minne was eers diaken en later ouderling van die gemeente. Hy was 'n ampsdraer wat sy arbeid met liefde en veel toegewydheid verrig het.

"Ek hoor dominee gaan nou Pietersburg toe", is die opmerking van 'n bekende wat ek op Swartruggens op straat teëgekom het ná die aanname van die beroep. "Ja, dit is so", antwoord ek hom. "Oë, Dominee, u gaan daar koud kry; dis daar bitter koud!" sê hy toe verder vir my. Kort daarna loop ek die landdros op straat raak en ons gesels so 'n bietjie. "Ek hoor dominee gaan ons nou verlaat", sê hy vir my. "Ja", antwoord ek, "ek het 'n beroep na Pietersburg aangeneem." Hierop is sy woorde net: "Dominee, dis daar verbasend warm!"

Baie koud en baie warm — dis twee uiterstes, en dis moontlik dat die twee vir kort tydjies te Pietersburg was en dit ook respektiewelik só in die tydjies daar ondervind het. Ons het die klimaat daar egter baie aangenaam gevind. Daar was soms koue en ook warm dae, maar dit was nooit ondraaglik nie. Die lekker koel luggie van die oostekant af laat in die namiddag was altyd verkwikkend en verfrissend.

Hoofstuk 10: Terug na Wes-Transvaal

Van Pietersburg af is ek na Ventersdorp beroep. Ventersdorp is die kontrei waar so baie Yssels woon. Ek het die voorreg gehad om die Ventersdorpse Yssels reeds in my studentejare te leer ken toe my kamermaat, Golie (ds. B.J. de Klerk), en ek dikwels ons kort vakansies by oom Gawie en tant Sannie Yssel van Elandskuil deurgebring het, en die kuiers was 'n genot. Die hele gesin was vriendelike mense en ons het ook gevoel ons is welkom.

Op 'n dag het ek lelik geskrik. Mnr. Sarel Yssel en ek was 'n paar dae vir 'n kort kuiertjie by sy ouers op die plaas. Dit was winter. Vroeg een oggend — die ryp het wit gelê — is ons weer op ons fietse Potchefstroom toe. Nie ver van die huis af nie kom ons by 'n smal houtbruggie oor Skoonspruit, en elke man moes vir homself sorg om oorkant te kom. Elkeen moes netjies loop met sy vraggie: die fiets, 'n koffertjie en nog 'n paar pakkies. Ek is eerste oor die brug, en dit het gelukkig goed gegaan. Maar toe ek oorkant grondvat, hoor ek agter my net 'n gespartel, 'n gestamp en 'n harde plons. Ek kyk om en my maat staan verslae halflyf in die water. Dieselfde kon met my ook gebeur het, want die bruggie was glad en glyerig van die ryp, wat spierwit daarop gelê het. Maar my maat was 'n dapper en moedige man, en hy het baie gou met sy fiets, pakkies en al uit die yskoue water geklim. Ek moes papiere vir hom droogmaak, en hy is haastig terug huis toe. In 'n kits was hy weer terug, met 'n goeie pak klere van oom Gawie aan, en ons kon ons reis met dankbare harte weer voortsit.

Gereformeerdes van Elandskuil en omgewing het met my kuiers daar nog onder die gemeente Potchefstroom geressorteer. Die gemeente Ventersdorp is eers in 1927 gestig, en weinig wis ek met my kuiers daarlangs dat die Here my later sou roep om as herder en leraar in die gemeente daar te kom arbei.

Dit was vir my in die begin van 1955 'n weldadige gewaarwording om weer in my ou bekende wêreld in te trek. Nee, Pietersburg was nie ver nie (hy was ook naby); maar Potchefstroom, Ventersdorp, Koster, Rustenburg, Drieviersboom, Krokodilrivier, Swartruggens, Zeerust, Matlabas en Thabazimbi het altyd 'n besondere klank in my ore gehad; en wanneer ek elders was en die Magaliesberge met my reise van ver af weer kon sien, het my hart in my opgespring, want die bekoring was groot.

Die hartlike toesprake van verwelkoming in die stadsaal was strelend vir ons harte. Dis darem maar strelend as 'n predikant op 'n nuwe plek moet begin, en daar is onder die sprekers bekendes met wie daar alreeds 'n band van vriendskap bestaan!

Hoenders

Een van die sprekers was ds. D.F. Erasmus van die Nederduits Hervormde Kerk. Ons sou bure word, met ons pastorieë omtrent reg teenoor mekaar in dieselfde straat. Almal het hulle ore gespits om te luister toe hy vertel van 'n hoenderhok van bure byna teenaan hulle pastorie. Nou ja, ons weet hoenderhane kan vroeg kraai. Maar meer nog kan so 'n klomp hoenders in 'n hok op hulle eie manier konsert hou, en soms is dit 'n gekekkel dat hoor en sien vergaan. En praat nie van die krygsrumoer nie — om nou maar heeltemal van die hene te swyg! — wanneer daar 'n burgeroorlog tussen hulle uitbreek! "En", sê ds. Erasmus, "ek het toe hulle die vervoerwa aflaai, mooi fyn opgelet en goed gekyk of my nuwe bure nie dalk ook 'n klompie hoenders saamgebring het nie." Wat my vrou en my egter onder alles besonder gelukkig laat voel het, was allereers die uitspraak in ons eie harte: "Onskuldig!" en tweedens die humor wat uit die oë van ds. Erasmus gestraal het en presies dieselfde taal gepraat het as sy mond. Ons was ook steeds goeie bure van mekaar!

So dom soos 'n hoender?

Van hoenders gepraat — ons het darem ook naderhand 'n stuk of ses van hulle (dit was wit leghorns) in ons agterplaas gehad. Op 'n keer was ons 'n week of ses weg van die huis af. Toe ons weer tuis kom, was dit na sonsondergang en dit het al begin skemer

word. En toe gebeur daar iets in die hoenderhok waaroor ons ons verbaas het. Die hok was maar hulle klein kampie. In een hoek naby die ingang het 'n groot kas met 'n deurtjie gestaan; dit was hulle slaapplek, en sportjies daarbinne was hulle beddens om op te slaap en hulle was almal al daarin vir die nag. Toe ons naby hulle slaapvertrek stilhou, kom hulle almal een na die ander daaruit te voorskyn en staan die motor en ons en betrag. Nadat hulle hulle behoorlik daarvan vergewis het dat dit ons is wat terug is, het hulle hoogs tevrede en gelukkig gelyk en weer gaan slaap. Moenie dink 'n hoender is so danig dom nie; hulle is slim! Ons moes ons s'n behoorlik inperk om nie ook vir ons liewe bure oorkant 'n las te wees nie! Dit was 'n mooi en vriendelike gebaar van br. Sarel Yssel (D. sn.) en sy eggenote om my en my vrou kort na ons aankoms te kom oplaai en ons deur sy wyk te neem om met die lidmate kennis te maak. As die herder van die gemeente en die lidmate mekaar goed ken, kan dit deur die seën van die Here van groot waarde wees met die oog op die opbou van die gemeente. Dit kan ook deur die genade van die Here 'n seën wees as die predikantsvrou en die gemeentelide mekaar ken en as daar 'n goeie band tussen die gemeente en die pastorie bestaan.

Ouderling J.L. Deysel en sy eggenote kom op 'n Sondagoggend lank voor kerktyd by ons aan. Ek het gewonder: Waarom so vroeg? Nadat ons 'n bietjie gesels het, verduidelik hy dat hulle al herhaaldelik moes "vlug" vir mense — dis wel bekendes maar nie juis van hulle vriende nie — wat 'n gebruik daarvan gemaak het om dikwels Sondagoggend vroeg by hulle vir die dag aan te kom sonder klere om mee kerk toe te gaan en dat hulle die ouderling en sy eggenote hierdeur ook uit die kerk hou. Dit spyt my dat ek nie dadelik daaraan gedink het om vir broeder en suster Deysel te sê om die bekendes uit Johannesburg definitief voor die keuse te stel: "Maak voorsorg vir klere om saam met ons kerk toe te ry, anders ontvang ons julle nie op 'n Sondag nie". Die broeder en suster sou dit gewis gedoen het, as hulle net daarop attent gemaak is. Al wat hulle kortgekom het, was net 'n goeie bemoediging.

Op 'n dag kom die moruti van 'n splintergroep van 'n Lutherse sendinggenootskap my in die dorp op straat teë en vertel my wie hy is, en hy deel my mee dat hy my al voorheen gesien het en ook dat hy my "met sy oë gesteel het". Hy verduidelik toe wat hy bedoel, maar ek het sommer verstaan dat hy te kenne wil gee dat hy kennis van my geneem het, my verstaan en kans sien om met my 'n gesprek te voer met die oog op 'n eventuele verstandhouding. My antwoord was dat hy maar gerus kan aangaan en aan my meedeel wat hy op die hart het. Hy deel my toe mee dat daar 'n bepaling is wat van krag is vir die gemeentes van die genootskap waarmee hy en die groep wat saam met hom was, hulle nie kon verenig nie, dat hulle hulle toe van die kerk afgeskei het en dat hulle nou by ons Gereformeerde sendingkerke aansluiting soek. Ek het hom belowe dat ek hulle versoek voor die kerkraad sal lê.

Soos afgespreek, is die versoek voor die kerkraad gebring; die het met ingenomendheid daarvan kennis geneem, en die nodige stappe moes verder gedoen word. Die moruti sou beroepbaar gestel moes word deur die kuratorium van die teologiese skool vir Nie-Blankes; en hulle het besluit dat ek hom hier kan onderrig. Hulle het egter bepaal dat hy ook etlike kere na die teologiese skool vir Nie-Blankes te Dube, Johannesburg, moes gaan om onderrig te word deur ds. H. du Plessis (later professor en nou reeds oorlede).

Agter die destydse pastorie het 'n groot moerbeiboom gestaan, en onder die boom het ek hom, deur die genade van die Here, na die beste van my vermoë onderrig. Ons student was al naby die 80, maar nog sterk en 'n man met die hart op die regte plek. Nadat ds. Du Plessis van oortuiging was dat die moruti maar met vrymoedigheid vir sy eksamen aangemeld kon word, is dit gedoen. Die Here het die arbeid geseën, en hy is beroepbaar gestel.

Kerkstigting

Ds. (nou professor dr.) D.C.S. van der Merwe, destyds sendingleraar te Potchefstroom, was so vriendelik om oor te kom hierheen vir die stigting van die gemeente en vir die bevestiging van hulle herder en leraar. Ons het in die lokasie in die skoolsaal vergader. Die opkoms was goed. Die moruti en sy hele groep, en verder ook 'n klompie wat deur

sendingarbeid deur die kerkraad gelowig geword en belydenis van hulle geloof afgelê het, was daar om as 'n gemeente van ons Here Jesus Christus saamgevoeg te word. Een van die gaste was daar op spesiale uitnodiging, naamlik dr. A.C. Schulenburg, wat van Potchefstroom af oorgekom het. Hy was voorheen 'n geneesheer op Ventersdorp, en die moruti was daar in sy diens as motorbestuurder. Toe dit tyd was, het ds. Van der Merwe op die platform geklim en die erediens waargeneem. Sy preek was toepaslik en insiggewend. Ouderlinge en diakens is toe gekies en in die amp bevestig — die kerk is geïnstitueer — dit was die stigting van die Gereformeerde Kerk onder die Swartmense te Ventersdorp.

Die bevestiging van Bethuël David Lekomo Dignaka

Die gemeente het daartoe oorgegaan om te stem met die oog op die verkiesing van 'n herder en leraar, en moruti Dignaka is met algemene stemme aangewys. Hy is beroep en op plegtige wyse in die amp bevestig. Hierna was daar verskillende toesprake. In een daarvan is daar verwys na sy getroue diens as motorbestuurder van dokter Schulenburg. Die dokter het bewoë geraak en daar het 'n traan in sy oog geglinster. Die gemeente het mooi gesing. Ons het egter ook geluister na die sang van 'n koor van skoolseuns en -dogters — almal van die skool —, en dit was met een woord pragtig! Die koorleier was iemand wat sy werk verstaan.

Wysheid

Op 'n dag kom die moruti by die pastorie aan; 'n kaptein, 'n vrou van 'n etniese groep, is by hom; en hy vertel my toe wie sy is. Ek wissel toe maar 'n paar woorde met haar. Onder ons gesprekkie sê ek onder meer vir haar: "Kaptein, dis 'n voorreg as 'n mens geroep word om oor mense te regeer, maar jy het seker soms ook moeilike dae". "Ja, moruti," antwoord sy, en spontaan laat sy daarop volg: "Op 'n dag kom daar twee vroue" — dis van haar onderdane — "by my aan; een sê dis háár hen en die ander dis hare." Ek antwoord haar toe: "Dit was vir jou seker baie moeilik om die saak op te los; maar wat het jy toe gedoen?" Haar antwoord was: "Moruti, ek het vir een van hulle gevra hoe roep jy jou hoenders as jy hulle kos gee; en sy antwoord: 'ek roep kiek-kiek-kiek . . .' Die ander een se antwoord was: 'ek roep koer-koer-koer . . ."

Dit was vir haar goeie nuus, en sy sou haar plan in werking stel! Sy gee vir elkeen van hulle 'n handjievul hoenderkos, neem die hoender in haar hande, beveel die twee om 'n taamlike entjie van mekaar af te gaan staan, hoenderkos te strooi en ook die hoenders te roep. Toe hulle dit doen, los sy die hen wat sommerkylreguit hardloop na die een met die bekende stem en manier om hoenders te roep. Die uitspraak van die hof was: Die hoender het na hierdie een toe gehardloop, en dis haar hen. Die twee het seker gereken: **Sien is glo**, en die moeilikheid was uit die wêreld.

Intussen het my lewensjare aangeloop tot die geseënde ouderdom van 72 jaar. Sê die psalmis dat die dae van ons lewensjare 70 is, of as ons baie sterk is, 80 jaar?! Op minder as 'n maand ná sou ek 45 jaar in die aktiewe bediening voltooi het wanneer ek op 30 Oktober 1960 emeritaat aanvaar. Sedert ek op 27 November 1915 op 27 jarige ouderdom te Waterkloof as predikant van Koster bevestig is, het die fleurjare, die wisseljare en selfs 'n deel van die ouderdomsjare verbygesnel. Gedurende hierdie jare kon ek vyf gemeentes bedien, ander as konsulent behulpsaam wees, die kerk op klassis- en sinodale vergaderinge, ens. dien. Ek kon die lief en leed met baie mense deel. Ek kon die Skrifwoord aan duisende bedien en in terme van Rom. 1:16 my bediening oorbring. Ek het ook selfs meer as eens die beker van beproewing moes drink, maar danksy sy genade het die beker van vreugde ook dikwels oorgeloopt. Die eertydse 27 was nou presies omgeswaai na 72!

Ek het bekend gemaak dat ek op 30 Oktober 1960 sou emeriteer. Ek sou van toe af emeritus predikant van die Gereformeerde Kerk Ventersdorp word — steeds deel van Wes-Transvaal. Weldra het die aftree-naweek aangebreek. Dit was met 'n nagmaalsgeleentheid, en die opkomste met die erediens was besonder goed. Dit was vir my en my vrou 'n groot voorreg dat ons in ons midde ook van ons familiebetrekkinge

kon hê wat gekom het; sommige van ver af, met die oog op die bywoning van die plegtige verrigtinge. Ons is dankbaar dat die wat ver gekom het, by gemeentede kon tuisgaan en veel liefde van die gesinne ontvang het. Die besondere eer het ons te beurt geval dat daar in ons midde ook verteenwoordigers van ons twee inrigtinge te Potchefstroom, naamlik die Teologiese Skool en die Universiteit, kon wees. Ons het dit besonder op prys gestel, en dit het ons harte goed gedoen.

Geleentheidspreke is in die reël sekerlik moeiliker as ander. Veral 'n afskeidsprek is moeilik. Maar my afskeidsprek die aand by die geleentheid was besonder moeilik. Met vorige afskeidspreke was daar elke keer die gedagte: Daar is 'n nuwe arbeidsveld waartoe die Here roep. Maar nou was dit anders. Alhoewel ek my status as evangeliedienaar sou behou, moes ek darem weens ouderdom die tuig neerlê; en dis nie maklik nie. Ek was daardie aand veral diep onder die besef van my tekortkoming, ja ten aansien van alles. My hart was egter vol dankbaarheid, allereers vir die genadige bystand van onse God en Vader die aand by alles wat ek moes doen en veral by die preek en die gebede, en tweedens vir die vergifnis van al die swakhede, gebreke en sondes wat my die aand by alles aangeklewe het. 'n Pragtige geraamde adres in sierskrif is die aand aan ons voorgelees en aan my en my vrou oorhandig.

Ons is vereer met pragtige geskenke. Die eerste was 'n tambotiestudeertafel, 'n pragtige en kosbare meubelstuk. Maar, verbeel u! Ek tree af weens ouderdom; my loopbaan is agter die rug, en hier ontvang ek die duur studeertafel. Is dit nou 'n geskenk vir my op my leeftyd? Oppervlakkig beskou, skyn dit of dit nie die regte ding is nie. Maar die gemeente het goed gesien my studeertafel was al baie oud en gedaan. Ek het hom nog van my voorganger, wyle ds. L.P. Vorster, oorgeneem toe ek predikant van Rustenburg geword het, en 'n nuwe studeertafel was 'n goeie geskenk. Hierby kom veral dat die Here my en my vrou lank in goeie gesondheid gespaar het en dat ek al veel vreugde van die paslike geskenk gehad het. My vrou kon haar al die jare verheug in die besit van 'n pragtige linnekis. Ons albei voel innig dankbaar!

Hoofstuk 11: Emeritus

Eredienste

Leraars van gemeentes waaraan ek verbonde was, en ook van buurgemeentes, was soms afwesig; soms was daar siekte, en dit was vir my altyd 'n voorreg om die vriendelike uitnodiging te aanvaar en te gaan help. Ek het in 1961 en 1962 in Wes-Transvaal en Oranje-Vrystaat vir die Potchefstroomse Universiteit gekollekteer (laat ek hier tussen hakies net meld dat ek met dankbaarheid kan verklaar dat die lidmate van ons drie Afrikaanse Kerke met bereidwilligheid hulle offers vir die Inrigting gegee het); ek moes soms Sondag op plekke vertoef, en hoewel dit nie dikwels gebeur het nie, het ek dan voorgegaan in die Woordbediening. Ek en my vrou het van November 1962 tot Februarie 1964 in Johannesburg in die ressort van die Gemeente Johannesburg-Sentraal in 'n woonstel gewoon. Ek het in die veertien maande dikwels op Sondae eredienste in gemeentes daarlangs waargeneem.

Laastens het ons 'n tyd lank in Bloemfontein gewoon, en ek het daar dikwels op Sondae eredienste kon waarneem in gemeentes met eie predikante. Ook het ek 'n tydjie daar in die gemeente Bloemfontein-Wes, wat toe vakant was, Woord en sakramente bedien. Dieselfde het later gebeur in Bloemfontein-Noord, wat toe ewe-eens vakant was.

Hospitaalbesoeke

Soos reeds in die vorige paragraaf gemeld, het ek en my eggenote in die eerste helfte van die sestigerjare in Johannesburg in die ressort van die Gemeente **Johannesburg-Sentraal** gewoon. Verreweg die meeste hospitale in die stad — onder meer die Algemene Hospitaal, die vir teringlyers en Kinderhospitaal het binne die ressort van die gemeente geval. 'n Taamlike persentasie van die pasiënte in die inrigtings het van elders — sommige van die platteland en plattelandse dorpe — gekom. Dis begryplik dat daar onder hulle ook Gereformeerdes was. Predikante van Johannesburg het siekes uit hulle gemeentes daar kom besoek, en die predikant van Johannesburg-Sentraal moes by die siekes van die gemeente ook almal van elders behartig. Dit was 'n groot taak; en op versoek van die kerkraad, wat gesorg het vir 'n goeie traktement, het ek en my eggenote dáár gaan woon en het ek die taak op my geneem. Ook moes ek verpleegsters wat lidmate van die gemeente was, en ander persone wat op een of ander manier aan een van die hospitale verbonde was, en ook hulle gesinne, kerklik bearbei. Ek moes gereeld van my werksaamhede verslag doen by die Hospitaalkommissie van die kerkraad. Ouderling J.J. van der Walt, die vader van ons professor Tjaart van der Walt, wat destyds hoof van Hoër Seunskool Helpmekaar was, was voorsitter van die kommissie. Ek kan met 'n dankbare hart verklaar dat ek daar veel liefde ondervind het van die voorsitter en lede van die hospitaalkommissie, van die voorsitter en lede van die kerkraad en van die hele gemeente.

Met die aanvaarding van emeritaat het ek eintlik as evangeliedienaar uitgespan. Vir baie mense is aftree 'n pensioenaanvaarding, soos die spreekwoordelike genadebrood wat aan afgeleefde siele toegesê word as die ouderdom werktyd verdrywe het. Maar vir my het dit genadiglik nie beteken: emeritaat is gelyk aan aftree; is gelyk aan genadebrood nie. Ten spyte van my 72 jaar, twee verby die jare van 'n mens waarvan daar 70 is, en agt kort op die 80 jaar van die wat baie sterk is, het my emeritaat net beteken 'n uittrede uit die aktiewe, permanente bediening tot tydelike dienslewering waar die behoefte bestaan het en ek geroep was om te gaan. Die feit voer my gedagtes na 'n treffende Skrifwoord.

Die antwoord van ons Here Jesus aan sy dissipels op hulle vraag in verband met die man wat blind gebore was, is vir ons besonder leersaam. Hulle wou graag van Hom weet wie gesondig het, die blinde of sy ouers, en Hy antwoord hulle: "Hy het nie gesondig nie en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word. Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie" (Joh. 9:1-4).

Dis nie hier die plek om 'n breedvoerige verklaring van die woorde van ons Here Jesus te gee nie. Ek wil egter net een les beklemtoon wat Hy ons hier leer, en dit is: waar ons lyde in die wêreld teëkom, is daar vir ons 'n roeping van ons God en Vader; daar is 'n taak. Bespieëlinge oor die oorsaak van die lyde is dan onvanpas. Al wat van ons verwag word, is: Ons moet aan die werk spring om te doen wat ons hand vind om te doen tot heil van ons naaste en tot eer van God. En dis nie alleen lyde in die lewe wat ons roep nie, maar oral is daar veel arbeid vir die opbou van God se kerk en koninkryk. Dus vir my was daar, nadat ek my emeritaat ontvang het, deur die genade van die Here ook nog arbeid en take om te verrig. So het ek dikwels die geleentheid gehad om die Woord van die Here te bedien. My tuisgemeente en buurgemeentes het, wanneer die leraar afwesig was (soms was daar siekte) my uitgenooi. Dit was 'n genot en voorreg om uit te help. Onvergeetlik bly egter die voorreg van hospitaalbediening wat op my weg gekom het. Die arbeid het my laat beseef hoe eensaam 'n sieke in die hospitaal kan wees, selfs te midde van 'n saal vol pasiënte, en hoe gewaardeerd 'n besoek van 'n predikant is. Dit het my ook geleer wat lyding is, welke sielsworsteling soms deurgemaak word en watter bemoediging en dankbaarheid 'n besoek met God se Woord aan die lydende, vermoeide siel bring. Soms het ek ook die nood aanskou in die oë van 'n sieke wat in beter dae God en sy Woord nie geag het nie of die skyn van godsaligheid gehandhaaf het en nou in die donker beproewingsuur die hande uitsteek en begin bid. Dit is Lange wat in sy Bibelwerk gesê het: Man's extremity is God's opportunity. Ja, vir so baie het daar kragtige roepstemme uitgegaan: preke, huisbesoeke, vermanings, finansiële verliese, noue ontkomings, ernstige siektes in hulle huise, ens., maar dit het by hulle verbygegaan. Maar wanneer die beproewing aan die eie liggaam gevoel word en daar aan die eie gemoed en siel gevreet word, dan word dit anders. In die eie nood roep hulle tot God; hulle bid!

Daarom is hospitaalbediening so anders. Van bed na bed beweeg die leraar met God se Woord. Die Woord spreek tot die sieke. 'n Gebed bring krag en moed en word gewaardeer. Dit bring so dikwels verandering, blywende verandering. Daar is natuurlik ook hulle wat selfs geen oor in eie beproewinge het nie. Maar dan moet ons onthou dat Paulus in Rom. 9:18 sê dat Hy barmhartig is oor wie Hy wil en dat Hy verhard wie Hy wil. Dan swyg die hospitaalarbeiders in aanbidding: O, diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! (Rom. 11:33).

Die werk in die hospitaal is soms baie druk. Geneeshere, verpleegsters en pasiënte is soms rusteloos aan die gang. Daar is dikwels geraas wat hinder. Daar is ook onverskilliges wat die predikant nie ag nie. Daar is natuurlik ook baie predikante wat besoek aflê. Elke predikant mis die stilte wat nodig is vir sy werk. Maar elkeen hoor nie elke keer en soveel keer per dag beveel: "Stilte!" nie. Nee, jy leer maar om die beste gebruik van elke omstandigheid te maak by elke pasiënt, en bo alles waardeer 'n mens die owerheid se gesindheid en samewerking, wat predikante baie voorregte bied. Dit is ook treffend dat 'n besoek aan 'n pasiënt 'n ander pasiënt in sy nood die hande na jou laat uitsteek en vra dat jy ook by hom of haar met God se Woord en 'n gebed vertoef. Dit is dankbare diens.

Ek was ook bevoorreg om in vier gemeentes tydelik te arbeid. In Augustus 1966 het ek na Ladysmith verhuis om daar tot in Februarie 1967 te arbeid toe prop. Jurie J. Venter aldaar bevestig is. In Maart 1967 is ek na Bloemfontein-Suid om vir vier maande dr. G.C.P. van der Vyver af te los wat besig was met voorbereiding met die oog op sy beroep as professor na Potchefstroom. Dit was 'n voorreg om hom gereeld Sondae in die diens aandagtig te sien sit en luister en 'n keer of wat sy waarderende woord in verband met my preke te hoor. Daarna het ek sewe maande lank in Ficksburg afgelos. Hoe onthou ek nie nog die pragtige verwelkomingsonthaal op my tagtigste verjaarsdag nie! Dan was daar nog Magaliesburg wie se kerkraad my genooi het om die gemeente 'n keer met huisbesoek deur te gaan. Oudl. P.F.C. Oberholzer, nou ook reeds saliger, was die kerkraadslid wat my vergesel het. Hy was 'n blymoedige mens met wie ek heerlik saamgewerk het. En nou was my lewensjare reeds verby die van die wat baie sterk is.

God wat geroep het, was, volgens die belofte van sy Woord, getrou en het dit gedoen. Ek was letterlik tot in die gryse ouderdom deur Hom geseën met gesondheid en krag om in 'n baie lang dienstydperk te kon arbeid, ook selfs om nog hierdie biografie te voltooi.

'n Laaste les

As ek tot stilstand kom en terugkyk oor die jare wat verby is, dan staan ek soms met 'n beskaamde aangesig en bloos, met berou in my hart oor foute wat ek in my ampswerk gemaak het; en ek dink soms hoe anders ek tog in vele gevalle sou gehandel het as ek toe reeds die kennis en ervaring gehad het waarvoor ek nou beskik. En ek voel innig dankbaar oor die lesse wat die Here my tot hier toe geleer het. Maar die gevaar! 'n Mens kan so lig dink jy is nou volleerd. Nee, jy sal volmondig erken en bely dat ons vol sondes, swakhede en gebreke is en dat ook die allerheiligstes van Gods kinders maar 'n klein beginsel van die ware gehoorsaamheid het so lank as hulle in hierdie lewe is. En tog . . . tog kan dit wees dat daar in jou agterkop iets bly steek van: "Nee, maar ek is darem nou alte geleerd om nog sulke foute te maak!" Dit is egter maar net 'n illusie, 'n hersenskim; jy weet van beter, maar jou verbeelding speel jou parte, en jy begaan 'n fout en maak jou skuldig. Dit het met my meer as een keer in die later jare van my bediening gebeur; 'n paar keer selfs in van genoemde gemeentes wat ek tydelik bedien het nadat ek my emeritaat ontvang het.

Die mooi les hier is: Ons raak in hierdie lewe nooit volleerd nie. Kennis en ondervindings is vir elke gelowige, maar veral vir die herder en leraar, van groot gewig. Maar ons moet die gevare by al ons take nooit gering ag nie, en by al wat ons moet doen, moet ons bede steeds wees:

*Leer my, HEER, u regte weë,
wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë
om met lus daar op te gaan.
Wil my deur u waarheid leer,
lei my dwalende gedagte,
want U is my heil, o HEER!
U is ek altyd te wagte (Ps. 25:2)*

Soli Deo gloria!